DIE VRYE AFRIKAAN
Um-Afrika oKhululekileyo | Vir Afrika se gemeenskappe | For Africa's communities | Pour les communautés de l'Afrique
www.vryeafrikaan.co.za 19 Augustus 2005

Opstand in die NG Kerk

DIE ROOI LIGTE BRAND VIR DIE NG KERK. TERWYL DIE TOPSTRUKTUUR SY UITERSTE BES DOEN OM 'N BEELD VAN EENHEID EN EENSGESINDHEID NA BUITE TE KAATS, IS DAAR – SELFS TOT BINNE DIE GELEDERE VAN DIE MODERAMEN – GELUIDE DAT 'N DRINGENDE BUITENGEWONE SINODE NÓÚ BELÊ MOET WORD, SODAT DIE NG KERK OOR KERNSAKE, SOOS SY BELYDENISSKRIFTE EN GEREFORMEERDHEID PER SE (EN DUS SY TOEKOMS) KAN BESLUIT.

Want dis presies wat op die spel is: Die toekoms – en tersaaklikheid – van die NG kerk in Suid-Afrika.

'n Lankuitgerekte (forensiese) disseksie van die oorsake hiervan is nie nodig nie. Om te ver in die geskiedenis terug te gaan, ook nie. 'n Pad van tien maande volstaan: Tot by die Algemene Sinode van die NG Kerk, Oktober verlede jaar, te Hartenbos.

Drie kwessies kan sedertdien – as heenwysing vir 'n krapperigheid wat intussen tot 'n opstand gebroei het - uitgelig word:

Die watertrappery en algehele verwarring, sedertdien, oor die NG Kerk en homoseksualiteit (as teken van watertrappery oor 'n veelheid van kwessies); (1)

Die berigte oor sogenaamde "kerkskeuring" weens die kwessie van gereformeerdheid, en die aanvaarding al dan nie van die Skrifgesag en belydenisskrifte (in die algemene pers, sedert April vanjaar); (2)

Die algemene predikantekonferensie in Junie vanjaar in Bloemfontein. (3)

Die boodskap: Die kerk moet, soos enige ander organisasie wat kop bo water wil hou en gesaghebbend wil wees, veral in dié tyd in Suid-Afrika, ophou watertrap oor kernsake, ophou om ongelukkiges as verdagmakers uit te maak, ophou om standpuntloos die struktuur se buitemure te probeer versterk terwyl die binnebalke val, ophou om weg te skram van ongemaklike waarhede: Sy kop-in-die-sand-houding laat vaar en 'n regstreekse, dapper benadering van die konflik in sy geledere en die ongelukkigheid van derduisende van sy lidmate wat in stringe die pad uit die kerk vat, aandurf. (4)

En besluite neem – gewild of ongewild. Dit is wat respek sou afdwing.

Vir die NG Kerk is dit dus tyd vir ernstige bestekopname.

Die ou storie van 'n leier wat almal gelukkig probeer hou, het na die oppervlak gekom. Dr. Coenie Burger, voorsitter van die moderamen, se "huis met veel kamers"-teorie – of akkommodasieteorie - maak helaas van hom 'n allemansvriend – dermate dat hy in sy binnekringe erken het dat, as hy nie daarin sou slaag om die eenheid te bewaar nie, hy sy goed gaan vat en loop.

Vir dié soort konflik sien hy nie kans nie. Eenheid bo alles, dus. En alles vir die vrede.

Die sinode en homoseks

Dit is ook die titel van 'n boek deur dr. Peet Botha, administrateur van die Cedar College of Education en buitengewone seniorlektor verbonde aan die Noordwes-universiteit in Potchefstroom oor dié kwessie.

Hy som dit só op: "Die debat oor homseksualiteit in die NG Kerk het baie verwarring gebring onder die lidmate van die kerk. Dit is my oortuiging dat hierdie verwarring die gevolg is van 'n onskriftuurlike benadering tot die hele probleem van homoseksualiteit. Die verwarring is verder aangehelp deur teenstrydige interpretasie van die Sinodes van 2002 en 2004 se besluite, persverklarings waarin regstelling van feite gedoen en verskonings aangebied is, asook artikels in dagblaaie waarin die Sinodebesluite deur hoëprofielteoloë bevraagteken is. Ek argumenteer dat die Sinodes van 2002 en 2004 grondliggende foute gemaak het in hul besluite oor homoseksualiteit en dat die sinodes deur AKLAS se pro-homoseksuele benadering beïnvloed is om ongeldige besluite te neem." (5)

Wat ook al Botha se sienswyse – wat vir die doel van dié artikel nie tersaaklik is nie – hy som die probleem korrek op as hy praat van "verwarring," "regstellings" en "verskonings": 'n Geskarrel en krisisbestuur het ontstaan oor 'n kwessie wat, sou 'n besluit na enige kant geneem word, 'n groot klomp lidmate finaal gaan laat wegbreek.

Botha som dit ook raak op dat 'n onduidelike uitspraak van die Sinode oor dié wesenlike kwessie ("Ons dink nog 'n ronde, maar ons staan by ons vorige besluit") algehele verwarring onder doodgewone

mense – uit wie die NG Kerk bestaan – geskep het. Hulle hét geen idee wat hul kerk hieroor dink nie, en die indruk word geskep dat die NG Kerk ronddobber oor kernsake, dat die NG Kerk se Bybel van tyd tot tyd verander, soos indertyd sy apartheidsbeskouing.

(*Kerkbode* het op 4 Augustus wel besluit om ’n betaalde advertensie van die boek te plaas – na baie wik en weeg en herhaalde versoeke van Botha.)

Die homoseksualiteitsdebat het sy jongste vurigheid gekry toe ds. Cassie Carstens, skriba van die NG Kerk, by die Sinode openlik bely het sy seun is gay - vurigheid in die sin dat die trane gerol het uit empatie vir ’n broeder wat dit bitter moeilik het. Maar die kritiek agterna teen die hantering van die kwessie is dat die saak oorheers is deur emosie. En dít is waarteen sommige teoloë dit het: Dat oortuiging deur emosie vervang word. Dat ’n draadsittery oor allerlei sake ontstaan wanneer moontlike konflikbesluite geneem moet word.

Boonop is die stelsel van debatvoering vóór die neem van besluite ook uit die sinode geweer. Baie predikante beweer nou hulle het géén geleentheid gekry om gestruktureerd hul mening oor hierdie en talle ander kwessies te gee nie. Besluite gegrond op ernstige beredenering is daarmee heen, met die nuwe “tafelmodel” van bespreking (tafels teoloë wat onder mekaar koukus).

En toe, onverwags, tref dié gay-bom die NG Kerk – terwyl die kerk nog rustig in besluiteloosheid ronddobber: Douw Wessels, die flambojante sielkundige van Durbanville, pleeg selfmoord en laat ’n testament na wat vir die NG Kerk verreikende gevolge gaan hê. Wessels vertel naamlik vyf dae voor sy dood aan die algemene media dat een van die NG Kerk se praktiserende dominees ’n praktiserende gay is – sy minnaar, en die man met wie hy einde verlede jaar in ’n vaste verbintenis (huwelik) ingeseën is.

Wessels dien ’n klag van promiskuïteit in teen ds. Laurie Gaum, predikant van die NG-gemeente St.Stephens in Kaapstad, en staaf dit met foto’s van die poedelnakende dominee wat in die branders baljaar. Die kerk is woedend vir die media wat Wessels se oortuiginge en van die foto’s publiseer. ’n Vir-en-teen-Douw/Laurie debat ontstaan oor die hele spektrum van NG-lidmate en -teoloë.

Terwyl die NG-hiërargie sit met ’n tameletjie: Hoe nou gemaak met Laurie Gaum?

En daarmee nòg ’n stuk geloofwaardigheid van die NG Kerk prysgee: Dié naamlik dat hy voorgee dat hy al die jare nooit geweet het hierdie sagte, goeie seun van een van die NG-ringkoppe, dr. Frits Gaum, is gay nie. Gaum sr. het na bewering sélf nie geweet nie en onwetend sy seun toegelaat om – teen sy eie kerkorde in – op die preekstoel te staan. Die vraag ontstaan of Gaum sr. dan nie die moed van sy oortuiging had om, soos Carstens, voor sy kollegas te bely nie?

Skielik – omdat die openbare media (en nie net die kerkstrukture nie) die saak beetgekry het – is daar (´n meteens onvermydelike?) ondersoek na Gaum se gay-status, en wag die lidmate angstig op ’n dié-of-daardie-kant-toe vir die NG Kerk. En word ’n besluit, waarvoor hy by die Sinode nie die moed had en geen debattering toegelaat het nie, op die spits gedryf.

Gaum jr hou terselfdertyd die bom van ’n moontlike siviele eis teen die NG Kerk, sou hy na afloop van die kommissie van ondersoek se werk afgedank word. Hy sou dan vir die NG Kerk openlik kan sê dat die kerk ’n onbillike arbeidspraktyk (konstruktiewe ontslag) pleeg deur van hom ontslae te raak (m.a.w. dat die NG Kerk die hele tyd geweet, maar uit ongemak die kop weggedraai het – totdat iemand in die openbaar geskreeu het dat die keiser kaal is!). Skielik kom ander “afgesette” gay predikers se kwessies ook na vore: Onder meer dié van Pieter Cilliers (weliswaar voorheen verbonde aan die Hervormde Kerk) (6) en Daniël de Kock van Bellville, wat jare gelede *Sarie* se Gasvrou van die Jaar-kompetisie gewen het.

Weer eens: Soos met Carstens se seun wil dit voorkom of emosie (dat jong Gaum ongetwyfeld ’n goeie, meelewende mens is) en die Skrif teen mekaar te staan kom. Want dit is byna nutteloos om die grootste gros NG-lidmate hoegenaamd te probeer oortuig homoseksualiteit is in orde – wat nog te sê gay predikante.

Kerkskeuring

Aan die voorpunt, maar beslis nie alleen nie, staan dr. Lourens Erasmus, voorsitter van die moderamen van die Vrystaatse NG Kerk, wat in ’n verklaring aan die topstruktuur dit só opsom:

“Daar is dié in die NG Kerk wat aanvoer dat die topstruktuur stilbly oor dié wat die NG Kerk se belydenis openlik in die gedrang bring, terwyl dié wat daaraan getrou wil bly, sukkel om gehoor te word.”

Dít skryf Erasmus begin Julie in wat hy sy “Verantwoording” noem – ’n geskrif wat waarskynlik in die toekoms as een van die kern-rigtingwysers van openlike opstand in die NG Kerk gaan dien, in antwoord op ’n klag wat ds. Ferdinand Boll van Philippolis teen hom indien.

Die rede? Omdat Erasmus die sonde begaan het om met die *openbare media* te praat oor sy griewe rakende gereformeerdheid, en dat Erasmus openlik gaan sê het die topstruktuur se Getuienis - gelewer by die predikantekonferensie, is ’n “leuen”, *omdat debat hieroor nie toegelaat is nie, en dit dus NIE ’n eensgesinde mening van sowat 1 400 predikante verteenwoordig nie.*

Erasmus sê hardop die NG Kerk se belydenis is in gedrang en die NG Kerk het die “negende gebod” (7) oortree. Luidens die klag skep Erasmus “´n vals beeld” van die NG Kerk. Erasmus tree verregaande op “omdat hy nie kerklike kanale volg nie,” sê Boll.

In die topstruktuur word gefluister Erasmus is “aartskonserwatief” en sal buitendien uit die boonste groep “gewerk” word. Erasmus sê hy is allesbehalwe konserwatief – inteendeel: Hy volg die moed van sy oortuiging, bly nie stil nie, en beredeneer sy saak intellektueel – ongeag die gevolge. Hy sê wat tientalle ander teoloë net onder mekaar sê, maar nie die moed het om hardop uit te spreek nie.

Erasmus sê hy het emosie deur oortuiging en beredenering vervang; hy loop déur die konflik, ook al is die prys van verwerping en uitwerping hoog.

Boll se klagte kom nadat Erasmus en verskeie ander teoloë, onder andere prof. Dolf Britz van die fakulteit teologie aan die Vrystaatse Universiteit, dr. Johan Marais van die NG- gemeente Middelburg-Kanonkop in Mpumalanga en nog sowat vyftien predikante beswaar gemaak het teen die wyse waarop die moderamen by verlede maand se predikantekonferensie in Bloemfontein sy "Getuienis" as eenparige siening van die NG Kerk versprei het (8).

Dit kom in opvolging van ’n konferensie (gereël deur dr. Jan Mostert) op Philadelphia naby Durbanville, einde Mei, met die onderwerp: “Semper Reformanda?” – Waarheen is die NG Kerk met sy gereformeerdheid op pad?

Die verskille oor gereformeerdheid gaan oor die volgende, sê die Erasmus-groep, wat intussen reeds die kuratorium van die Universiteit van die Vrystaat hieroor gaan spreek het:

- die vertolking van artikel 1 van die Kerkorde wat sê dat die NG Kerk op die Bybel as onfeilbare Woord van God staan, asook op die Drie Formuliere van Eenheid;
- die wyse waarop die NG Kerk homself as belydeniskerk begryp;
- die aard van die binding aan die gereformeerde belydenis;
- die aard en vertolking van die Skrifgesag;
- die verhouding tussen Woordbediening en sakramentsbediening;
- die verstaan van die erediensliturgie teen die agtergrond van die gereformeerde belydenis en tradisie;
- die funksionering van die belydenis in teologiese opleiding;
- die vraag oor hoe die NG Kerk in die Afrika-konteks uitdrukking aan sy belydenis moet gee – om onbevange te vra na die gesag van die Woord in ons huidige konteks – en die boodskap van God se koninkryk wat op alle terreine bedien en sigbaar moet word; en
- die beskouing van baie lidmate wat onder die wanindruk verkeer dat “gereformeerdheid” neerkom op konserwatisme en tradisionalisme.

Intussen is Burger woedend vir die media wat, volgens hom, kerkskeuring aanwakker en sy mond oor die “onbenullige griewe” van ’n “onbenullige groepie” moes gehou het. Dit dien nie die saak nie, meen hy. Waarskynlik die saak van “eenheid bo alles”. Die middelgroep, meen Burger, staan saam. Ouens soos Erasmus is ’n sydelingse afsplintering, en dus nie werd om groot gewag oor te maak nie.

Wat Burger dus eintlik sê, is dat die NG Kerk die soort “onverantwoordelikheid” soos die debat hieroor in ’n *Sondagkoerant* wil sensureer.

Ook oor gereformeerdheid sê ds. Eric Kayayan (Gereformeerde Kerk) daar is ’n groot krisis rondom Skrifbeskouing, “wat baie ouens graag sou wou ontken. Die siening van baie teoloë, onder meer dosente aan die kweekskole van Suid-Afrika, dat die gerformeerde belydenisskrifte net uitgediende geloofsdokumente van die 16de eeu is, wat nie die vrae van die mense van die 21ste eeu kan beantwoord nie. Die ideologie van die historisme in só ’n standpunt is blatant.”

“Een ding wat my baie irriteer, is die verdraaide manier waarop baie mense sogenaamde akademici aanhaal en daardeur steun vir hul standpunt probeer kry. Gaan jy naslaan om te kyk wat Calvyn werklik gesê het, vind jy gou uit dat dit weinig te doen het met die beweringe van die geleerdes wat hul status van ‘doktor’ en ‘professor’ maklik misbruik en só die arme volk wat nie toegang tot die bron het nie, mislei.”

Nog ’n krisis, wat dalk ook ’n skeuringsmotivering kan wees, is dat studente van die Universiteit van Pretoria onlangs ’n klag aan die kuratorium gerig het oor wesenlike NG Kerk-belydenisse, onder meer oor die maagdelike geboorte en die fisieke opstanding van Jesus Christus uit die dood.

Wat daarop gevolg het, is insiggewend: Die 46 studente is per sms gedreig met moontlike regstappe. Daarna is hulle een vir een ingeroep en is aan hulle voorgehou dat legitimasie hulle geweier kan word, sou hulle voortgaan met die klag. Die opsteller het nie die studente breedvoerig in die inhoud van die klag geken nie, sê die kuratorium. Ná intense ondervraging en berisping is die studente later ook onseker en distansieer hulle van die opsteller. Die kwessie begin ruik na “beheer deur vrees”.

Maar intussen kom dit aan die lig daar ís studente wat sê hulle probeer al jare lank vertel dat hulle nie met van die uitsprake van sommige dosente saamstem nie. Niemand het egter tot dusver gehoor nie, sê hulle agteraf.

Maar hulle verkies nou om stil te bly: Nie net hulle legitimasie nie, maar ook hul beurse kan in die gedrang kom.

Oor die klagte, naamlik lektore wat in sekere van hulle teorieë (volgens die studente) die hart van die gereformeerde belydenis ontken, kon gemeentes tot 10 Augustus klagtes indien oor sogenaamde “dwaalleerstellings” wat sommige teoloë sou predik.

Dr. Johan van Schalkwyk van Lynnwoodrif sê openlik “alles is nie kosher” met teologie-opleiding nie en “die gevaarligte brand oor sekere dosente. Die kerk moet weer in eenvoudige taal sê dat ons die Bybel as Woord van God glo. ’n Kairos-oomblik” in dié kerk se geskiedenis het aangebreek – die NG Kerk is in ’n krisis gewikkel. Volgens ds. Henry Williams van Petrusville-Van der Kloof “is dit tyd om dosente te vra wat hulle glo”.

Die opstand oor teologiese opleiding behels die volgende: Ondergrawing van die Skrifgesag, ’n skramse en skrapse geloof in die Belydenisskrifte, die feit dat die apostoliese geloofsbelydenis net plek-plek nagesê kan word. Dít is die kern van die probleem. Britz hou vol daar is studente wat nie kans sien om langer teologie te bestudeer nie. Van die studente hét al geloop, ander se ouers sê openlik hulle stuur nie hul kinders na van ons teologiese fakulteite nie.

Só erg het die ongemak oor teologiese opleiding geword, dat ’n afvaardiging reeds navorsing oorsee gaan doen het oor die vestiging van ’n onafhanklike teologiese seminarium – een wat nié van ’n staatsubsidie afhanklik is nie.

Die dreigement is nie net teen studente gemik nie. Dosente aan van die kweekskole vertel agteraf hulle wil liewer nie meer met die media praat nie. Hulle is gewaarsku dat hulle en hul uitsprake dopgehou word. En hulle het gesinne, sê dié teoloë.

Predikantekonferensie

'n Ideale geleentheid tot intensiewe bosberaad – maar van die beraadslaging en vurige debattering oor warm kwessies het niks gekom nie.

Nie een van die bogenoemde tameletjies is by wat 'n toonaangewende byeenkoms vir die kerk kon gewees het, aangeroer nie.

Dit word openlik as 'n berustigende, emosionele eenheidsgeleentheid beskou, met net enkele predikante wat die moed het om dit agterna harop te sê.

Wat hieruit voortgevloei het, is die Erasmus-groep se opstand oor die gesamentlike Getuienis (wat deur etlike lede van die moderamen opgestel is, maar nou as 'n eenheidsmening van 1 400 predikante voorgehou word).

"Dis 'n geskrif wat niks meer werd is as die papier waarop dit staan nie," sê 'n Bellvillese predikant wat anoniem wil bly (en nié deel vorm van die Erasmus-groep nie).

Die konferensie was niks meer nie as 'n motiverende spanpraatjie om 'n eenheidsgevoel te bewerkstellig – eerder as 'n kritiese evaluering van die kerk se probleme, kwessies en tersaaklikheid in sy huidige konteks. Daar was geen geleentheid vir openlike saakstelling nie, net soos by die algemene sinode.

Bo alles is daar nié gevra nié: Wat gaan ek vir die lidmate sê oor die stand van die NG Kerk – sy toekoms?

Pas na afloop van die konferensie tref nog 'n slag die NG Kerk: Een van sy jong, opkomende vroulike predikante, ds. Sunette Pienaar, bedank en verskaf haar bedankingsmotivering – oor die nietersaaklikheid van die NG Kerk – aan die algemene media. Sy is moeg vir die NG Kerk wat by daaglikse en brandende kwessies verbykyk, en op die konferensie nooit daarby stilgestaan het nie.

Teoloë het 'n fantastiese geleentheid verspeel deurdat hulle nie openlik kon omgaan met kernvraagstukke nie. Behalwe dat 'n vae "roepingsbewustheid" ingeskerp is, gaan hulle net so oningelig huis toe oor die konteks waarin hulle staan. Selfkritiek bestaan nie. Prof. Malan Nel raai 1 400 predikante aan om nié die Sondagpers (n.a.v. berigte oor 'n dreigende kerkskeuring) te lees nie (omdat dié blad dalk, anders as die drie dagblaaie, weier om die topstruktuur se spreekbuis te wees?): dié koerant kry die skuld vir dit wat die NG-Kerkbroers hardop sê. Wanneer die NG Kerk só geteken word, is dit die skerp mes van verdagmakers, moeilikheidmakers en skeurmakers, is sy boodskap.

Maar hy ontken dat daar wél teoloë is wat die kwessie van gereformeerdheid bevraagteken.

By die konferensie kry die predikante die geleentheid om hartsvrae op papiertjies neer te skryf. Dié vrae word saamgevat en op oorhoofse projektors vertoon. Predikante kry dan die geleentheid om dit met mekaar in groepe te bespreek. En hulle hét gevra!

Oor gereformeerdheid, teologiese opleiding, die pad vorentoe, hulle sielsmoegheid, hulle spanning … maar dié kwessies het nét daar gebly – in die groepe, en op die papiertjies. Geen uitkoms, geen openlike bespreking het daaruit gevolg nie.

Predikante is huis toe met 'n gelate tevredenheid: Daar is nie toegelaat dat broers en susters in die openbaar aan die status quo torring nie.

En hulle keer terug na hul moeë, opstandige, verwarde lidmate… wat – anders as die meeste van hulle dominees – elke dag worstel met lewensvrae waarvoor die predikante van die NG Kerk eenvoudig nie opgewasse is nie, bloot omdat hul kerkstruktuur hulle op sagte kussings plaas.

Na die konferensie is die dominees huis toe (gemotiveer as eenheid, maar sonder toerusting vir die werklikheidskonteks) na 'n klomp lidmate wat steeds, antwoordloos, oor hulle daaglikse omgewing wroeg – lidmate kry herders terug wat in dié twee dae geensins toegelaat is om hieroor openlik te besin nie.

Die spierwit konferensie het nie omgegaan met sake soos regstellende aksie en mense wat hulle werk verloor nie (´n kerkstruktuur wat, met sy profiel, geensins sou kon verstaan waarom hierdie kwessie gaan nie en waarskynlik die enigste struktuur in die land is wat dit vermag om dié kwessie netjies te bly systap). Kan lidmate dan verkwalik word dat hulle – sover die NG Kerk weet – teen 'n tempo van 100 000 per jaar uit die Kerk wegraak?

Dis in dié konteks dat die NG Kerk staan.

Óf hy hanteer sy probleme doelgerig, óf die pad van die NNP lê vir hom voor. Hy kan nie langer ontken dat hy 'n dapper besluit moet neem nie – selfs al sou dit 'n voortbestaan in 'n nuwe konteks beteken.

---

(1) Kyk Stefan Louw, "Tussen die duiwel en die diep blou see: Geweld en moralisme jeens gays in kerk en media", *Die Vrye Afrikaan-Intussen*, Vrydag 21 April 2002, http://www.vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=193

(2) Kyk Stefan Louw, "Die debat oor Skrifgesag: Oor nuwe hervormers, charismate en tradisionaliste", p.9 in hierdie uitgawe.

(3) Kyk Auke Compaan, "Onskuldige familiekuiertjie of verspeelde geleentheid? 'n Terugblik op die NG Kerk-predikantekonferensie", *Die Vrye Afrikaan*, Vrydag 1 Julie 2005, http://www.vryeafrikaan.co.za/ lees.php?id=258

(4) Kyk "NGK: Is dit ja of amen?", *Huisgenoot*, 28 Julie 2005, p.10

(5) Kyk Dr. P.H. Botha, *Sinode en Homoseks: 'n Kritiese evaluering van die homoseksualiteitsdebat in NG Kerk in Suid-Afrika*, Kranskop: Khanya Press, 2005, p.2 van "Voorwoord"

(6) Pieter Cilliers, 'n *Kas is vir klere*, Johannesburg: Pieter Cilliers Produksies (heruitgawe), 2003

(7) Kyk *Rapport*, Sondag 26 Junie 2005, p.2

(8) *Ibid.*, p.5

Taal en universiteite

Naby die einde van Julie was die kwessie van taal en universiteite nogmaals in die openbare oog toe studente onder die vaandel van die ANC-jeugliga en SASCO tydens 'n betoging by die Universiteit van Stellenbosch (US) daarop aangedring het dat "every student in this university should be given a fair chance to be taught in a language (English or Afrikaans) that would be in the best interest of his or her education." (1)

Die rektor van die US se gelukwensing aan dié studente vir die "gedissiplineerde en ordelike" (2) wyse waarop hulle betoog het, moet aangeteken word as een van die vreemdste reaksies ooit op 'n Suid-Afrikaanse betoging. Ook sy uitspraak dat "taal nie 'n probleem is wat opgelos moet word nie, maar 'n kwessie wat bestuur moet word" (3) boesem nie juis vertroue in in die mate waartoe hy hierdie probleem sal hanteer vir wat dit is, naamlik´n politieke kwessie wat politieke eerder as bestuursvaardighede vereis (waarmee ons nie wil sê dat bestuursvaardighede nie handig te pas kan kom in so 'n situasie nie).

Die betoging aan die US kom nà betogings vroeër vanjaar aan die universiteite van Johannesburg en Pretoria, toe Afrikaans as onderrigtaal ook in die spervuur gestaan het. Interessant genoeg het die ANC-jeugliga en SASCO in hulle memorandum nie geskroom om na hulleself as "'n minderheid" te verwys nie: "We demand that the SRC structure should include a minimum of three (3) closed portfolios for "minority students." (4) En dít in 'n konteks waarin regeringswoordvoerders, onder wie president Mbeki onlangs in *ANC Today*, die erkenning van minderhede met 'n terugverlang na die apartheidsverlede gelykstel!

Prof. Brink het heeltemal reg as hy sê dat Afrikaans (en die ander inheemse tale) se toekoms binne 'n veeltalige omgewing, en in die aangesig van die oorheersende internasionale taal Engels, gehanteer moet word. Hy het insgelyks reg as hy sê dat die saak vir Afrikaans ook buite Afrikaans gestel moet word. (5)

Die probleem is egter dat die onus om Afrikaans en die ander inheemse tale dusdanig te hanteer in hierdie stadium vierkant op die skouers van die regering rus. Prof. Hermann Giliomee het in 'n onlangse rubriek (6) daarop gewys dat die meeste Afrikaners vanuit beginsels en binne die konteks van die Grondwet hulle sake stel – wat die sake nou ook al mag wees.

Wat die kwessie van die inheemse tale aan ons universiteite betref, is die feit van die saak dat die historiese Afrikaanse universiteite (HAU's), insluitend die US, veel meer as die historiese Engelse universiteite gedoen het om voorheen benadeelde studente die afgelope jare in te neem. Die Universiteit van die Vrystaat het byvoorbeeld al jare gelede in oorleg met sy studente 'n skikking vir koshuisbeleid onderhandel, oftewel 'n politieke probleem met 'n politieke strategie hanteer.

Daarmee saam is dit ook so dat die meeste Afrikaanse en veeltaligheidsaktiviste – die meeste veeltaligheidsaktiviste is ook Afrikaans – al dikwels moes ervaar dat daar in die Engelse media en in regeringskringe vanaf onbegrip tot belangeloosheid tot vyandigheid jeens die kwessie gereageer word. Dit is byvoorbeeld nie so maklik om 'n artikel oor die taalkwessie in Engelse koerante geplaas te kry nie, ofskoon dit al in enkele gevalle gebeur het.

Daar is tekens dat die regering herbesin oor die taalkwessie aan universiteite. Vroeër vanjaar het 'n taakspan onder leiding van die rektor van die Universiteit van Kaapstad, prof. Njabulo Ndebele, byvoorbeeld vir die regering 'n verslag oor die inheemse tale aan ons universiteite gelewer, ofskoon hierdie verslag, sover bekend, nog nie wêreldkundig gemaak is nie.

Prof. Brink het ook in sy onlangse toespraak by die US verwys na 'n gesprek wat tussen die regering en die vyf rektore van die HAU's gevoer is, en waarin welwillendheid klaarblyklik van regeringskant beleef is. (Maar waarom word die Afrikaanse wêreld so skrapsgewys oor hierdie gesprekke of hulle inhoud ingelig?)

Volgens inligting in die besit van *Die Vrye Afrikaan* het min. Pandor onlangs in 'n gesprek aan 'n politieke party aangedui dat sy binnekort aankondigings oor die onderwys gaan maak wat onregstreeks ook op die taalkwessie betrekking het, en wat moontlik goeie nuus kan wees.

Die beste nuus sal natuurlik wees as die regering hom nie net tot die bevordering van veeltalige universiteitsonderrig verbind nie, maar ook as hy uitspel watter vorme van ondersteuning hy hiervoor gaan gee. In die geval van die HAU's word al die druk vir parallelmediumonderrig deur die dosentekorps geabsorbeer. Dan kan die regering ook aandui dat die inagneming van taalvaardigheid eerder as ras ook in die aanstelling van studente gevolg kan word, want daar is reeds´n kruipende verengelsing van HAU's weens die aanstelling van personeel wat nie Afrikaans magtig is nie.

Kortom, die regering moet bewys dat hy eweseer verbind is tot veeltaligheid as die HAU's, nie net deur die nodige finansiële ondersteuning vir parallelmediumonderrig waar nodig te verskaf nie, maar ook deur taal eerder as ras deel van personeelbeplanning te maak.

Oftewel: vir 'n politieke probleem moet 'n politieke oplossing gegee word.

---

(1) "Suggestions that could benefit transformation in Stellenbosch University", Memorandum van die ANC-jeugliga en SASCO, http://www.sun.ac.za/News/dokumente/ancylmemo.pdf
(2) http://www.sun.ac.za/News/NewsItem.asp?ItemID=8297&Zone=AEX#english
(3) "Die Rektor en Visekanselier se Openbare Verslag 2005", http://www.sun.ac.za/News/NewsItem.asp?ItemID=8262&Zone=AEX
(4) ANC-jeugliga-/ SASCO-memorandum.
(5) Rektor se Openbare Verslag.
(6) *Die Burger*, 19 Julie 2005.

Londen-Bagdad

Le Monde diplomatique

Deur Ignacio Ramonet*

Daar is niks wat die terreuraanvalle op 7 Julie in Londen, wat twee-en-vyftig onskuldiges sowel as die selfmoordaanvallers laat sterf het, kan regverdig nie. Want die slagting van onskuldiges in die naam van 'n sogenaamd regverdige saak, dien nooit die regverdige saak nie, maar is bloot moord op onskuldige mense.

Hierdie aanvalle was voorspelbaar. "Hierdie aanvalle was nie vir ons 'n verrassing nie," het mnr. Christophe Chaboud, hoof van die Koördineringseenheid vir die stryd teen terrorisme in Frankryk erken, "maar is die bevestiging van iets wat onafwendbaar is binne die huidige internasionale bestel, en by uitstek die oorlog in Irak (1)." Gedurende die afgelope maande het sekerheidsamptenare herhaal dat die kwessie nie is om te weet of hierdie aanvalle sou plaasvind nie, maar *waar* dit sou plaasvind. Die opening van die G8-beraad (die groep van die sewe rykste moondhede, sowel as Rusland) by Gleneagles in Skotland, het 'n simboliese geleentheid verskaf. En die befaamde Britse Sekerheidsdienste, beter bekend as MI5 en MI6 (Militêre Intelligensie), was nie in staat om die slagting te vermy nie. Dit bevestig dat niemand tot dusver 'n sekerheidsoplossing gevind het om terrorisme op die lang termyn te ontkom nie.

Mnr. Tony Blair, Britse Eerste Minister, weier om te erken dat daar enige verband bestaan tussen hierdie aanvalle en sy Irakese beleid. In weerwil daarvan is dit duidelik dat die groepering van Londen by Washington se strydlustigheid, inval en besetting van Irak ten spyte van sterk openbare verset, tragiese gevolge binne Groot Brittanje self sou hê. Die terreuraanvalle in Madrid op 11 Maart 2004 het, wat dit aanbetref, as 'n somber waarskuwing gedien.

Soveel te meer omdat die situasie in Irak steeds chaoties is. Die Amerikaanse owerhede – van wie dit nou bewys is dat hulle gelieg het om die inval in Irak te regverdig – het hulle na-oorlogse bevoegdheid onderskat. Irak het nie net 'n moeras geword nie, maar 'n ware kruitvat (*kyk die artikel van Howard Zinn, p.19*).

In teenstelling met President Bush se verklarings is die wêreld nie veiliger sedert die besetting van Irak nie. Inteendeel. Die Al Kaïda-netwerk is nie afgetakel nie. Mnr. Osama Bin Laden is nie gearresteer nie. En die newelagtige djihadiste kon toeslaan op plekke wat tot dusver gespaar gebly het: Istanboel, Bali, Casablanca, Madrid, Londen ... Selfs die Amerikaanse weermag is van mening dat Irak 'n "skool vir stedelike guerilla-oorlogvoering" geword het, 'n ware "laboratorium van terreur (2)" wat honderde vrywilligers vanuit verskeie lande aantrek. Hier neem geweldpleging yslike afmetings aan. Die rebelle het meer as 12 000 mense gedurende die afgelope agtien maande doodgemaak. Tans beloop die aantal Irakiërs wat in terreuraanvalle sterf, 200 per week, oftewel 800 per maand! Die Pentagon reken dat die rebellie, hoofsaaklik van Soennitiese oorsprong, oor sowat 20 000 vegters beskik en deur sowat 200 000 ongereelde vegters ondersteun word ...

Die besettingsmag weet nie hoe om 'n einde daaraan te maak nie. In weerwil van 'n onderdrukking wat nie terugdeins voor praktyke soos ontvoerings, geheime tronke, martelings – soos die wangebruike in die tronk van Abu Ghraib aangetoon het – of disproporsionele magsmisbruik nie. 'n Soldaat, Jim Talib, wat aan die aanval op Falloedja deelgeneem het, getuig: "Een dag, terwyl ek 'n gevangene na die tronk neem, het die offisier in bevel van ondervragings ons aangesê om hulle nie meer te bring nie. 'Skiet hulle,' het hy gesê. Ek was oorbluf. Ek kon nie glo dat hy dit werklik gesê het nie. En hy het nie gekgeskeer nie. 'n Paar dae later het 'n groep Humvee-voertuie verbygery, met twee dooie Irakiërs wat soos prooi aan die masjienkappe vasgemaak is. Een van die liggame se skedels was oop en die harsings het reeds begin om op die voertuig se kap te bak. Dit was 'n afskuwelike gesig. Ek kan getuig van bitter min respek teenoor lewendes, amper geen teenoor dooies nie, en amper niemand was enige verduideliking verskuldig nie (3)."

By die Wêreldhof vir Irak wat vanaf 25 tot 27 Junie in Istanboel in sitting was, en wat die hoofstroommedia verberg het, is een van die mees verdoemende getuienisse deur die Libanees-Amerikaanse joernalis, Dahr Jamail, verskaf. Hy het vertel hoe 'n staatsamptenaar van die Bagdad-administrasie, mnr. Ali Abbas, na 'n Amerikaanse kamp gegaan het om navraag te doen omtrent die verdwyning van een van sy bure. Omdat hy knaend was, is mnr. Abbas sonder omhaal in hegtenis geneem, sy klere uitgetrek, is hy geblinddoek en gedwing om seksuele dade met ander gevangenes na te boots. Standaard prosedure. Daarna is honde op hom losgelaat, is hy op sy geslagsdele geslaan en is hy elektriese skokke in die anus toegedien. Met die loop van 'n wapen in sy mond gedruk, het sy folteraars gedreig om hom tereg te stel as hy sou skree. Daarna is hy gelos terwyl hy in sy ontlasting worstel (4) ...

Mnr. Blair is van mening dat daar geen verband bestaan tussen hierdie misdrywe wat in Irak gepleeg is en die terreuraanvalle in Londen nie. En as daar wel een sou wees?

---

(1) Le Monde, 12 Julie 2005.
(2) International Herald Tribune, 22 Junie 2005.
(3) Jim Talib kan by die volgende adres gekontak word: jimtalib@yahoo.com.ns
(4) Kyk http://dahrjamailiraq.com/ Lees ook John Pilger, " Sono arrivati le bombe di Blair ", *Il Manifesto*, Rome, 8 Julie 2005.

* Redakteur, *Le Monde diplomatique*

• *Die Vrypostige Afrikaan*

Die Aasvoël styg op

"Koerante is dood" sê redakteur

KORT NA DIE EINDE VAN *DIE WÊRELD* HET DIT PAS BEKEND GEWORD DAT NÓG 'N NUWE AFRIKAANSE KOERANT, *DIE AASVOËL*, EERSDAAGS DIE LIG GAAN SIEN. DIE REDAKTEUR, DIE AFRIKAANSE VETERAAN-JOERNALIS, KASKAR VAN DER MERWE, HET ONLANGS IN 'N EKSKLUSIEWE ONDERHOUD MET *DIE VRYPOSTIGE AFRIKAAN* SY VISIE VIR *DIE AASVOËL* UITEENGESIT.

Deur ons rondreisende verslaggewer, Kleinjan Schietekat

"Kyk, kom ons knip die kuttel. Dis algemene kennis dat koerante dood is. Of ten minste koerante soos ons dit geken het. Mense stel nie meer vandag belang in soetjiespoep-analises van hooggeleerde professore nie. Wie de moer is dié spul in elk geval? 'n Hoogmoedige spesie van selfaangestelde beterweters.

"Ons is aan die mense se kant, en dis omdat ons aan die mark se kant is. Jy moet weet dat 'n mens nie vandag sommer 'n koerant begin nie. Dis hoekom ons eers maandelank marknavorsing gedoen het, en toe eers besef het dat ons nog baie meer aan die mense se kant is as wat ons gedink het.

"Ons weet almal watter mooi ideale die omies gehad het wat Afrikaanse koerante begin het, maar dis nou alles verby. Redakteurs is sakemanne en koerante moet vir die mense gee wat hulle wil hê."

Van der Merwe verduidelik dat wat *Die Aasvoël* van ander koerante onderskei, is dat hy alle moontlike suksesresepte in een publikasie gaan kombineer. Aan die ander kant gaan hulle ook alles wat die mark bewys het nie werk nie, uitsny. "Ons benadering is rewolusionêr," vervolg hy. "Vat nou skandale. Ons het 'n fantastiese tradisie van skandaaljoernalistiek in Afrikaans, maar by *Die Aasvoël* gaan ons dié tradisie optimaal benut vir 'n maksimumvisie. Omdat ons aanvaar dat koerante dood is, gaan ons 'n koerant uit die dood van die koerant maak. Ons wil die ontbinding van die lyk so vinnig as moontlik aanhelp en dan soveel as moontlik wins vir ons aandeelhouers maak. Daarom gaan ons veral konsentreer op skandale van joernaliste se lewens. Ons glo nie meer aan daardie snert dat die joernalis nooit die storie moet word nie. Dis 'n verskoning wat joernaliste al jare lank gebruik om op gewone mense te teer, en nou gaan ons dit regstel. Jy moenie dink ons weet niks van geregtigheid nie, en dit kan jy ook maar skryf vir daai slim lesers van *Die Vrye Afrikaan*, die hele dekselse spul droë snobs. Ons gaan hulle ook teiken, professors, dokters, dominees, die hele spul. Dis hoekom ons leuse is, 'Ons aas alles'."

Van der Merwe het ook laat blyk dat *Die Aasvoël* verskeie bekende formules van konvensionele koerante gaan omkeer. "Mense stel nie meer vandag belang in woorde nie, daarom gaan ons feitlik net foto's gebruik. Woorde sal dubbeld so groot as in gewone koerante wees, sodat ons die woorde minder maak en mense makliker kan lees. Soos ek sê, is ons aan die mense se kant. Ons beplan om een nuusberig per dag te plaas, maar dit sal iewers diep in die koerant weggesteek wees. Ons moes dit doen om steeds as 'n koerant by die poskantoor te registreer."

By nadere ondersoek het dit geblyk dat prof. Servaas van Blommenstein, bestuurskundige, *Die Aasvoël* gekonsulteer het. Van Blommenstein het sy vlerkies verwerf as kommunikasieraadgewer van oud-president P.W. Botha, en het sedert 1994 na vore getree as een van Suid-Afrika se suksesvolste ubuntu- en transformasieseminaarleiers. Hy word gereeld deur die regering en die sakewêreld geraadpleeg oor die bestuur van diversiteit.

Van Blommenstein was aanvanklik huiwerig om met *Die Vrypostige Afrikaan* te praat – "Ek is nie eintlik 'n ou vir die kalklig nie" – maar het uiteindelik ingestem op voorwaarde dat hy ons vrae kan keur. Van Blommenstein kies sy woorde versigtig, maar dis duidelik dat *Die Aasvoël* hom na aan die spreekwoordelike hart hê – van 'n hart in die gewone sin praat 'n mens nie by iemand soos hy nie. Hy vertel:

"Die projek het eintlik begin toe ek een aand met 'n paar ministers en buitelandse sakemanne gekuier het na 'n diversiteitsessie. Een van die sakemanne, 'n Amerikaner wat sy geld aanvanklik in wapens gemaak het maar nou in die media speel, het my gevra wat die kanse is vir 'n koerant wat die idee van 'n koerant as sy teiken neem in die Suid-Afrikaanse mark. Dit het my laat regop sit, nie net oor die moontlikhede van buitelandse belegging in ons demokrasie nie, maar ook vir transformasiemoontlikhede. Ek bedoel, stel jou voor 'n koerant wat alles inspan om nie 'n koerant te wees nie. Meer as dit kan jy seker nie transformeer nie."

"Ons het toe gesprekke met mense in die mediawêreld begin voer, en tot ons verbasing was daar groot geesdrif vir die idee. Om die waarheid te sê het dit geblyk dat verskeie van die top mediamense so bekommerd oor konvensionele koerante is, dat hulle nie meer weet wat om te doen nie. Die kommer loop so diep, dat hulle besluit het om hulle tradisionele mededinging prys te gee en almal aandeelhouers te word. In hierdie sin is *Die Aasvoël* daarmee die eerste werklik nasionale koerant van 'n demokratiese Suid-

Afrika.

"Dit sal aanvanklik eers uitgegee word in Afrikaans, maar ons wil dit so gou moontlik in al die amptelike tale uitgee. Ons almal stem saam dat Afrikaans as die sterkste inheemse taal hier die leiding moet gee. Persoonlik dink ek dis 'n groot oorwinning vir ons Afrikaanse tradisie met sy natuurliefde om 'n voël soos die aasvoël so te gebruik. Dís die fantastiese moontlikhede wat nou vir Afrikaans ooplê. Dit gee my eintlik hoendervleis."

Kaskar van der Merwe het in sy onderhoud met ons in 'n stadium vir ons van die marknavorsing gewys wat gedoen is. Verskeie van die respondente het blykbaar gevra vir 'n spesiale weeklikse bylaag oor Paris Hilton, terwyl heelwat ouer mense weer gekla het dat hulle nie tans genoeg van die Britse koningshuis sien nie. Veral prins Harry word blykbaar volgens hulle heeltemal te veel afgeskeep.

"Dis die begin van 'n nuwe era," sê Van der Merwe.

Na aanleiding van ons kommentaar in ons Julie-uitgawe “Die NG Kerk onderweg na die vergetelheid?” skryf dr. Johan Beukes van Nederduitsch Hervormde Gemeente Weltevredenpark, Johannesburg

As teologiestudent van die Nederduitsch Hervormde Kerk gedurende die laat 1980’s het ek my eenmaal aangematig om vir ’n gewaardeerde dosent, ’n professor in Ou-Testamentiese Wetenskap, te vra: "Hoe is dit moontlik dat ’n gesonde man in die Kaap gearresteer word en dood in Pretoria aankom, die Minister van Justisie beweer dat dit hom 'koud laat', en die kerk niks daaroor sê nie? Hoe lees die kerk die boek Jesaja in die Ou Testament en sê niks nie?" Die dosent se antwoord? "Vergeet van die minister, jy sal jou nog verstom oor wát alles die kerk koud laat, jy sal jou nog verstom oor hoe min die kerk te sê het..."

Ek kan vandag met vrymoedigheid beweer dat hy reg was. Ek is dikwels verstom. Juis as Lutheraan, eerder as Calvinis, is ek verstom oor hoe dun die kerk se kultuurkritiese mondering daar uitsien.

Die Vrye Afrikaan se intelligente kommentaar op wat genoem sou kon word ’n gebrek aan ’n kultuurkritiese ingesteldheid in die NG Kerk – en sou daarby genoem kon word, ook die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke, as die drie prominente Afrikaanse Reformatoriese Kerke of sogenaamde "susterskerke" – het betrekking.

Die Vrye Afrikaan priem hier deur na die wese van die kerklike problematiek van ons tyd: Die susterskerke is skynbaar nie in staat om ’n "verwoestende aanval" op die kultuur te loods nie. Indien dit waar is – en ek is van mening dat dit wel waar is – dui hierdie gebrek aan kultuurkritiek op ’n wesensgebrek in die lewe van die kerk. Want soos Paul Tillich is ek daarvan oortuig dat kultuurkritiese oorwegings ten grondslag lê van die belangrikste uitdagings waarvoor die kerk te staan gebring kan word in die era na die Tweede Wêreldoorlog, hoe daardie era ook al benoem word. Kultuurkritiek voed die teologiese en kerklike vraagstelling en ontmasker enige welvarende verhouding tussen kerk en kultuur as skynwelvaart. Kultuurkritiek verteenwoordig daarom meer as bloot ’n geleentheidsbelangstelling in die filosofie. In ons tyd het kultuurkritiek voorwaarde geword vir besinning oor die plek en rol van die kerk in die wêreld. In juis hierdie opsig is daar ’n vraag wat ’n mens bly teister: Hoe is dit moontlik dat teologieë wat so sterk deur dialektiese opvattinge gevoed is, gegewe die prominensie van die nalatenskappe van teoloë soos Karl Barth en Emil Brünner in die NG Kerk en Hervormde Kerk in die besonder, so volkome onkrities teenoor totalitêre bewegings in die kultuur kon staan?

Die Vrye Afrikaan het gelyk: Daar is inderdaad nouliks of geen sprake van ’n veronderstelde dialektiese spanning met die kultuur waarin die NG Kerk (en die Hervormde Kerk) die afgelope eeu gebed was nie. Daar is trouens veel eerder sprake van ’n onkritiese solidariteit met die kultuur waardeur die teologie in gebreke gebly het om die outentieke dialektiese impulse – naamlik selfonderbreking en selfkritiek – gestand te doen; veel eerder is daar alte dikwels aan die hand van politieke en kulturele misbruike van ’n hoogs partikuliere begrip soos “volkskerk" met die kultuur van die tyd gekonformeer. Die rede hiervoor kan ’n selektiewe, selfs bevooroordeelde resepsie van veral Barth se dialektiek in betreklik sonderlinge Afrika-omstandighede wees, maar ’n selfs waarskynliker rede is dat die soort dialektiek wat ons in die teologieë van die susterskerke aantref, selfgenoegsaam dialekties was of, om dit sagter te stel, nie dialekties genoeg was nie. Omdat dit nie dialekties genoeg was nie, was dit ook nie selfkrities genoeg nie. Die vraag, na aanleiding van die hoofopskrif by *Die Vrye Afrikaan* se kommentaar, is egter: As hierdie plaaslike verskyning van die heilige, algemene, Christelike kerk in die vergetelheid moet verdwyn, waar anders sal oor die verhouding tussen taal, religie en geskiedenis sistematies en intelligent besin kan word, met spesifieke verwysing na die taal Afrikaans, die eiesoortige, selfs idiosinkratiese byeenbring van Wes-Europese teologiese tradisies in die teologieë van die Afrikaanse susterskerke, en die geskiedenis van die betrokke identiteit wat sigself die benoeming "Afrikaner" of dalk selfs "Afrikaan" laat welgeval? Allermins kan die vele filistinistiese filosowe van ons tyd alleen of ongehinderd daarmee vertrou word.

Die kerk self moet hierdie besinning behartig. Om dit te kan doen, moet die kerk selfstandig kultuurkrities wees. Maar ’n selfstandige kultuurkritiese posisie vooronderstel uiteraard ’n ander soort dialektiese proses as wat tot dusver in hierdie kerke aan die orde was. Ek het hier trouens in gedagte ’n meer radikale aanbod van dialektiek in die kerk en vanuit die kerk, naamlik ’n negatiewe of selfkritiese dialektiek. In die oorspronklike konteks beteken “dialektiek” natuurlik om deur die woord te vorder, om gesprek te voer, om tussen woord en weerwoord, instemming en ontkenning, tussen “ja” en “nee” progressie te bewerkstellig: Wanneer iemand dialekties praat, praat hy met twee woorde, val hy homself in die rede – sy ja met ’n nee, en sy nee met ’n ja. Negatiewe dialektiek, en hier word die kaarte gesny, is egter juis sensitief daarvoor dat die dialektiese proses selektief kan opereer, bevooroordeeld met ’n epistemologiese agenda kan werk wat dikteer wanneer, waarom en hoe die ja met ’n nee onderbreek word, en andersom. Negatiewe dialektiek sou die “ja” met ’n “nee” wou onderbreek en ook dáárvoor dadelik weer “nee” sê - en nie “ja” nie. Ek meen dat die kerk hierdie soort

selfkritiese dialektiek nodig het, nou meer as ooit tevore, as waarborg dat die dialektiese onderneming werklik krities sal bly – krities teenoor sowel die kultuur as die kerk sélf. 'n Negatiewe dialektiek, anders as sy Hegeliaanse voorganger, is skerp selfkrities, tweesnydend: Dit sny na die Ander sowel as na die Self, dit sny weg na kultuur maar ook oombliklik terug na die kerk. Die susterskerke, en hierin vestig myns insiens die belangrikste uitdaging vir hierdie kerke, sal hiervolgens skerper stelling teenoor sowel die kultuur as teenoor die kerk self moet inneem as waarvan die afgelope dekades blyke gegee is, sónder om noodwendig enersyds in teologiese kultuuraskese (of selfs openlike kultuurvyandigheid) of andersyds in deernislose interne kritiek teen die kerk te verval. Die gebrek aan sowel kultuurkritiek as selfkritiek in die kerk het daartoe meegewerk dat die kerk se kritiese rol in die omlyning van maatskaplike geregtigheid die afgelope dekades plaaslik nie tot sy reg kon kom en, terugskouend, inderdaad nie as konstruktief geag kan word nie. 'n Mens wil vertrou dat daar in die groter plaaslike Reformatoriese tradisie sedert die laat 1980's vordering gemaak is met die verhouding tussen kerk en maatskaplike geregtigheid, en dat daar intussen ruimte vir die maatskaplik-kritiese stem in die kerk gevind kon word. Dit is byvoorbeeld nie meer goed genoeg en eenvoudig genoeg om te beweer dat die maatskaplik-kritiese stem die bestaan van God sonder meer aan die maatskaplike werklikheid gelykgestel het, of dat die bestaan van God objektief bo subjektiewe of mensgekonstrueerde ordes uitstyg nie – die soort argument waarmee werklik betekenisvolle impulse vanuit plaaslike bevrydingsteologieë sedert die 1960's verbygegaan is.

Die kerk moet veel meer krities staan teenoor aansprake van verryking deur allerlei kulturele programme, veral politieke of sosio-ekonomiese programme. Dit stel 'n besondere uitdaging aan die kerk: Om nie weer te konformeer met die heersende kultuur of kulturele program nie. Ek vra my af of daar nie reeds weer in hierdie slaggat getrap is nie. Onder die dekmantel van verdraagsaamheid word steeds, soos in die verlede, brutaliteite in Suid-Afrika met stilswye verdra wat in geen beskaafde kultuur andersins geduld sou word nie. Waarom is die kerk, en hierby sluit ek ietwat voorbarig alle plaaslike kerke in die breër Reformatoriese tradisie in, so klaarblylik apaties hieroor? So stil, so klaarblyklik onaangeraak? Die plaaslike kerk- en sekulêre geskiedenis oordeel reeds bitter kras oor die kultuurkritiese onvermoë van die kerk. Hoe lyk die volgende kultuurkritiese hoofstuk in die lewe van die kerk? Miskien sou Gereformeerdes verkies om te praat van profetiese opdrag, of hulle beroep op die Calvinistiese Venn-diagram wat kerk en kultuur met mekaar laat oorvleuel. Hoe dit ook al sy: Kultuurkritiek voor kulturele takt! So taktvol was die kerk die afgelope dekades in die besonder ten opsigte van 'n kultuur wat as objektief aanneemlik vir die kerk ervaar is, dat kritiek feitelik volkome in die slag gebly het. Dit moet omgeswaai word. Die enkele grootste uitdaging waarvoor die kerk in ons tyd te staan gekom het, is om 'n geloofwaardige agent vir kultuurkritiek te word en te wees. Om op 'n ad hoc-basis in die kerklike publikasies en met beskrywingspunte op rings- en sinodale vergaderings op maatskaplike brandpunte te reageer, is nie goed genoeg nie. Daar moet 'n kultuur van kultuurkritiek in die kerk werksaam wees.

Negatief-dialekties begin hierdie kritiese oefening telkens in die kerk self. Indien dit nie in die kerk self begin nie, sal dit spoedig as 'n reaksionêre, selfverskansende bedryf ontmasker word. Waarteen, afgesien van openlike totalitêre bewegings in die kultuur, moet die kerk so kultuurkrities standpunt inneem? Eerstens, teen gelatenheid oor en konformering met die eietydse kultuur, of dit nou as laat-modern of as post-modern benoem word. En voortspruitend daaruit, talle opeenvolgende oorwegings 'n Kritiek van die voortgaande rasionalisering van die leefwêreld; 'n kritiek van globalisering en universalisering, ten koste van partikulariteit en identiteit, wat waarskynlik die dwingendste intellektuele, ekonomiese en politieke vraagstuk van ons tyd is; 'n kritiek van die hedonistiese kitskultuur wat elke funksie van die maatskaplike bestaan reeds deurtrek het; 'n kritiek van materialisme en kommoditeitsfetisjisme, waar objekte die status van subjekte verkry en subjekte "objektief" getaks word; 'n kritiek van die inklusiwistiese verdraagsaamheidskultuur waarin niks skynbaar meer buite orde is nie; 'n kritiek van die dun moraal wat hierdie verdraagsaamheidskultuur in stand hou; 'n kritiek van laat-kapitalisme en die progressiewe fetisjering van arbeidsprodukte; 'n onpatroniserende kritiek van die ondeernisvolle, selfs onverantwoordelike blootstelling van die kerk én die samelewing aan die resultate van sogenaamde wetenskaplik-historiese ondersoeke en spekulatiewe rekonstruksies in die teologie, waarby nóg die kerk, nóg die wetenskap self baat; 'n kritiek van die kulturele afswakking van die belydenis wat op geen ander platform staan nie as die modernistiese tipering van die religie as iets antikwaries wat liefs agterweë gelaat moet word; 'n kritiek van verbuikerisme, wat reeds 'n diep merk gelaat het op die psige van die kerk, waarvolgens kerke gedegradeer word tot supermarkte vir spirituele genoegdoening; 'n kritiek van die moderne aksioom van vooruitgang deur rasionaliteit, wetenskap en tegnologie; 'n kritiek van die hiper-individualisme wat ons tyd kenmerk, asof die gebedheid of kontekstualiteit van die individu geen betekenis meer dra nie, maar terselfdertyd, 'n kritiek van die laat-kapitalistiese primaat van massakultuur en massaverbruik, asof individualiteit geen betekenis meer dra nie.

Maar gebalanseerde kritiek is nie net afwysend of afgrensend nie; kultuurkritiek kan ook die betekenisvolle impulse wat wel in die kultuur opgesluit lê, affirmeer: Juis in ons tyd is daar bepaalde winspunte vir die kerk en teologie opgesluit waarby nie verbygegaan moet word nie. Die belangrikste hiervan is die volvoering van die Kantiaanse projek, of die bedenklikstelling van die soort rasionaliteit wat gangbaar was in die moderne tyd en wat onmeetlike skade in die kerk en teologie aangerig het, naamlik instrumentele rasionaliteit, op grond waarvan dit wat nie volkome rasioneel verantwoordbaar was nie, as

onwaar of onwerklik getipeer is. In die plek daarvan het ’n verruimde opvatting van rasionaliteit na vore getree wat ook aan die geloof ’n regmatige plek toeken as ’n geldige rasionaliteitstipe wat nie in konflik met ander rasionaliteitstipes hoef te staan nie. Die eietydse kultuur ontwikkel toenemend insig in die eietydse filosofiese premisse en selfs natuurwetenskaplike feit dat daar werklikheidsaspekte is wat buite epistemologiese sisteme en teoretiese redelikheid staan; dat daar regmatige bestaan toegeken kan word aan dit wat nie geken kan word nie, dit wat nie teoreties geartikuleer kan word nie, ervarings wat die denke se identifiserende handeling telkens ontsnap, ervarings wat moeilik indien enigsins gedokumenteer kan word. Die eietydse nadruk op die disposisie van maatskaplik gemarginaliseerdes; die bestendiging van die verhouding tussen diversiteit en partikulariteit, of differensie en identiteit; die verwerping van totaliserende teorieë en die manifestering van gelokaliseerde en kontingente teorieë wat nie poog om universele antwoorde op partikuliere vraagstukke te bied nie (of, die nadruk op kontekstualiteit); die eietydse vertroue en investering in mikro-politieke kwessies, waaronder eko-politiek; en die klem op die navigasie van inligting en die deënsiklopedering van kennis, is alles winspunte vanuit die eietydse kultuur wat produktief en heilsaam in die lewe van die kerk tot uitdrukking gebring kan word. Eerbied vir die kerk en eerbied vir die wêreld lê baie nader aan mekaar as wat kerkmense geneig is om toe te gee. Maar dit geld ook ’n kritiek van kerk en ’n kritiek van kultuur. Dit staan na aan mekaar. Inderdaad: Die kerk moet sigself verset teen die wêreld, ter wille van ’n aktuele kerkbegrip, maar ook, as ek dit mag sê, ter wille van die kultuurbegrip self.

Na aanleiding van Gert Louw se artikel “Passiwiteit is ’n wapen van massavernietiging” in ons Junie-uitgawe skryf dr. J.P. Terblanche van Middelburg, Mpumalanga:

Omdat ek ook aardverwarming in die natuur om my waarneem – rose in Juliemaand op die Hoëveld! – het Louw se artikel my getref. Sy bekommernis oor kernkrag is egter ongegrond. Die korrelbedmetode is absoluut veilig. *[Ons keer weldra terug na hierdie kwessie – Red.]* Verder is dit skoon sonder enige besoedeling. Kernkrag kan voorkom dat miljoene tonne koolsuurgas en swaeldioksied in die atmosfeer beland. Wind en die son kan, soos Louw tereg opmerk, ook ’n belangrike rol speel.

Na aanleiding van Moeletsi Mbeki se artikel in ons reeks “ ’n Groeiende gaping tussen die swart elite en die swart massa?” in ons Julie-uitgawe skryf Johan Theron van Centurion:

Met ’n intuïtiewe reaksie op Moeletsi Mbeki se artikel moet ek antwoord dat eerstens die Russiese "verandering" nie suksesvol was nie en verder dat die Suid-Koreanse militêre "verandering" gebaseer is op baie spesifieke kulturele eienskappe waaronder taal en geloofsverspreiding. Om ’n verwagting te skep dat daar iets "moontlik" is wat die regering kan doen om ’n ontwikkellingstaat te skep so asof met ’n eensklapse verbeeldingryke toeslag op armoede is futiele propaganda. Die bewys vir my standpunt lê doodeenvoudig in ’n besoek aan die voormalige Transkei. Na 10 jaar se demokrasie het die heersers nie eers hul eie mense se ekonomie verbeter nie en volgens my ervaring is alles nog soos wat dit 20 jaar gelede was - eintlik is dit erger. Hierdie feite dui eintlik daarop dat die huidige heersers nié die volk se posisie verbeter het nie en wél die elites verbeter het deur onder meer dinge te doen soos ’n geheime organisasie te stig. Mnr. Moeletsi Mbeki maak asof daar iemand anders te blameer is maar dit is eintlik maar hyself. As iemand dink dat ’n ontwikkelingstaat sal help, moet hulle mos maar net vra. Maar eintlik moet ons mense oortuig dat ’n landbou-ekonomie geïmplementeer moet word. Want as ons eers terug gaan voor ons weer vorentoe gaan, kan ons die koloniale struktuur wat die klaarblyklike probleem is verander na ’n Afrika(ner)-struktuur. *[Kyk Herbert Vilakazi op p.4 van hierdie uitgawe.]*

• *Gedig*

“Ex libris die postmodernis”

Uit stof is jy gevorm
en tot stof sal jy terugkeer
o, swymelende, poëtiese objek,
muse sonder weerga!
Hoe totaal buitensporig
hoe ‘jy’ ’n ander ‘jy’ herhaal, herhaal.
Wat verraai dit nie tog van die digter
se beswyming nie?
Die liefde as huurkoop?
Of die inruilwaarde van die hartstog?
Dat hierdie pyn al vantevore, vantevore
gevoel, gely, gevoel, gely is?
Dat die wiel van die wonde
eentonig bly draai, bly draai
soos in ’n Moulin Rouge?
Dat die gedig met ’n interteks,
voetnoot en kniebuiging
´n tekstuele lewe van sigself het?
O jy mag vra wáár is die vers dan?
Die gedig, liewe leser, lê
iewers tussen Hiroshima en Nagasaki
in ’n atoombomontploffing
of dit word ’n vers in vertaling
(wat verlore raak, skryf Robert Frost,
is die ware, oorspronklike, eenmalige gedig)
so groot soos ’n borreltjie dialoog:
“O, jy is my begin en einde.”
Veral my einde. Sela.

- Deur Joan Hambidge, uit haar jongste digbundel *En skielik is dit aand*, Pretoria: Protea, 2005.
Die Vrye Afrikaan bedank die digter vir haar toestemming om die gedig hier te publiseer.

• *Reeks: 'n Groeiende gaping tussen die swart elite en die swart massa?*

Oor die krisis van die Suid-Afrikaanse samelewing

DIT IS BELANGRIK OM TE BEKLEMTOON DAT DIE HISTORIESE FAKTORE WAT SUID-AFRIKA VOORTGEBRING EN GEVORM HET, DIESELFDE FAKTORE IS WAT ANDER LANDE IN AFRIKA GEVORM HET. DAAR IS ONDERLINGE VERSKILLE TUSSEN ENGELAND, FRANKRYK, DUITSLAND, ITALIË, DIE VSA EN KANADA, MAAR HULLE BLY KAPITALISTIESE NYWERHEIDSAMELEWINGS; DIE OOREENKOMSTE TUSSEN HULLE IS TREFFENDER AS DIE VERSKILLE. DIE IMPAK OP AFRIKA-SAMELEWINGS EN OP DIE GEES VAN AFRIKANE VANWEË KAPITALISME, DIE AFRIKA-SLAWEBEDRYF, IMPERIALISME, KOLONIALISME, RASSISME, EN VAN DIE BRETTON WOODS-INSTELLINGS HET AFRIKA-SAMELEWINGS IN WEERWIL VAN HULLE VERSKILLE GROOTLIKS ONVERANDERD GELAAT. DAAR IS GEEN SUID-AFRIKAANSE EKSEPSIONALISME NIE.

Deur Herbert W. Vilakazi*

Die groeiende gaping tussen die sogenaamde 'swart elite' en die 'swart massa' is 'n gemeenskaplike kenmerk in so te sê alle Afrikalande. Dit is 'n kenmerk van groeiende verarming. Wat is die oorsaak van hierdie Afrika-wye verskynsel?

Die ekonome wat ons leiers adviseer, het 'n basiese beginsel van elementêre ekonomie verontagsaam. 'n Markekonomie benodig kommoditeite én kommoditeitskopers. Daar moet 'n verbruikersvraag na kommoditeite wees, en koopkrag by diegene wat die kommoditeite aanvra. 'n Mark bestaan uit die grootte of omvang van die aanvraag vir kommoditeite en die grootte van die koopkrag van potensiële kopers.

'n Aksioma van die VSA-ekonomie is dat die verbruikersaanvraag en -koopkrag van die hooflede van die Amerikaanse samelewing die dryfkrag van die VSA-ekonomie is. Die Wêreldbank en die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het lankal gesê dat die swakheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie die kleinheid van sy binnelandse mark is. Hoekom is dit klein? Daar bestaan historiese redes hiervoor: rassisme, waardeur slegs 'n klein deel van die land se bevolking ontwikkel het, naamlik blankes, wat gelei het tot wat Guy Mhone "enklawe"-ekonomie noem, en waarna Moeletsi Mbeki verwys (1); werkreservering; die trekarbeidstelsel; kolonialisme; die impak van kapitalisme en imperialisme op gekoloniseerde en halfgekoloniseerde samelewings. Dit het gelei tot die ontwikkeling van blankes ('n klein deel van die samelewing) en die onderontwikkeling van die oorweldigende meerderheid van die samelewing, die Afrikaanbevolking. Dit het gelei tot die ekonomiese verval van landelike Afrikaangemeenskappe. *Dit is die kern van die probleem van die kapitalistiese ekonomie in Afrika: die oorweldigende meerderheid van die bevolking is die arm, verhongerde Afrikaanbevolking in onderontwikkelde landelike gebiede.* Hierdie meerderheidsgedeelte van die samelewing *is nie 'n bevoegde deelnemer aan die land se markekonomie nie.* Dít is wat die *kleinheid van die binnelandse mark* konstitueer, wat die Wêreldbank en die IMF die swakheid van ons ekonomie noem. Dit geld die ganse Afrika-vasteland.

Die swaar las van die nasie

Ons versuim om die onderontwikkeling en armoede van landelike Afrikaangemeenskappe uit te skakel, *is nou die swaar las wat die hele ekonomie van die nasie aftrek*. Ons versuim om onderontwikkeling in Afrika se landelike gebiede om te swaai, is die *blokkasie* van ekonomiese ontwikkeling in die land en op die vasteland. Dit is die hoofoorsaak van stagnasie in ons ekonomie, aangehaal deur Mbeki. Die probleem is die verkeerde ekonomiese beleide in die land en op die vasteland, nie mededinging van buite nie.

Die versuim van Afrika-regerings om die aanvang van die Afrika-Landbourewolusie aan te moedig en te lei, het uitgeloop op 'n voedselkrisis in Afrika, wat die oorsaak was van die gesondheidskrisis in Afrika. Binnelandse voedselproduksie vir binnelandse behoeftes het in die meeste Afrikalande gedaal. Hierdie lande bevind hulleself afhanklik van voedselinvoere, en voedselpryse het skerp gestyg. Tradisionele Afrika-dieetpatrone is ontwrig en growwe wanbalanse in en ontoereikendheid van voedselinname het daaruit voortgevloei. Dit het verskriklike gevolge in die tradisionele gesondheidstelsel gehad.

Die immuunstelsel van Afrika-liggame, wat oor eeue der eeue opgebou is, is in die meeste gevalle ontwrig of belemmer, wat die geleenthede vir die infeksie van die hierdie liggame deur 'n spektrum van nuwe en verskriklike siektes geskep het. Ons praat hier van 'n gewigtige bedreiging vir die lewens van tiene

* *Sosioloog, spesiale raadgewer van die Premier van Kwazulu-Natal*

en honderde miljoene mense.

Die armoedekrisis in landelike gebiede dwing miljoene Afrikane om na dorpe en stede te trek. *Die probleem is dat dit egter neerkom op verstedeliking sonder gepaardgaande industrialisasie.* Die gemiddelde persoon van arbeidsouderdom in huidige Afrika-dorpe en stede is nie werksaam in die nywerheid- of vervaardigingswese nie. Hierdie massas stedelike mense is nóg die industriële werkersklas, nóg werkers in die dienstesektor van die ekonomie. Hierdie mense val toenemend in die kategorie van die *lumpen-proletariaat*. Die klein bestaande formele kommersiële en nywerheidsekonomie het geen ruimte vir hierdie miljoene Afrikane nie. Hierdie miljoene Afrikane in huidige Afrikadorpe en -stede raap en skraap om 'n bestaan. 'n Sin van onsekerheid deurdring die harte en siele van hierdie miljoene mans, vroue en jeugdiges.

Hierdie stede en dorpe het geen toereikende infrastruktuur in die vorm van behuising, skole, hospitale, of werksgeleenthede om hierdie miljoene mense te absorbeer nie. Sogenaamde informele behuising ontspring, tesaam met misdaad, siektes en allerlei maatskaplike patologieë. Die sindroom van armoede, werkloosheid en misdaad kom na vore in die middestede. Die belastingbasis van munisipale rade en stedelike regerings krimp of verdwyn so te sê. 'n Fiskale regeringskrisis ontstaan, wat lei tot krimpende befondsing vir maatskaplike dienste en vir die konstruksie en instandhouding van paaie, huise, skole, universiteite, biblioteke, gesondheidsdienste, polisiedienste, ens.

Landbourewolusie

In die geskiedenis van die Weste is die Nywerheidsrewolusie deur die Landbourewolusie voorafgegaan; Afrika het nie haar Landbourewolusie gehad nie. Die voorspel tot die suksesvolle opkoms van kapitalisme in die Weste was 'n grootskaalse transformasie van die Europese platteland. Die ontwikkelingsproses op die Afrika-platteland het agterweë gebly.

Die ekonome wat ons leiers adviseer, het die blik van ons leiers oor die algemeen weggekeer van hierdie feite. Sedert Afrika haar moderne geskiedenis in die vorm van onafhanklike lande begin het, het haar leiers, regerings en elites gefaal om landelike ontwikkeling mee te bring, waarvan die sentrum die aansporing tot die Afrika-Landbourewolusie moes gewees het. Dit is die enigste gesonde grondslag vir behoorlike ontwikkeling in Afrika. Selfs in die pleitproses om internasionale ondersteuning en fondse vir Nepad is daar geen prioritisering van planne vir die lansering van 'n Afrika-Landbourewolusie nie. Ons behoort nie te praat oor stuk-stuk-, *ad hoc*-projekte in landelike gebiede nie: ons behoort te praat oor omvattende, integrale planne en aktiwiteite vir die inisiëring van 'n Landbourewolusie wat die hele vasteland omvat.

By die onlangse ontmoeting van staatshoofde in Abuja, Nigerië (Junie 2005) het ons leiers 'n oproep gedoen om miljarde dollar vir die konstruksie of ontwikkeling van "infrastruktuur".

Ontwikkelde Westerse lande is 'n eenheid van ontwikkelde landbou, ontwikkelde nywerheid, handel, bankwese en 'n ontwikkelde arbeidsmag. Natuurlik het hierdie eenheid nie sonder konflikte totstand gekom nie. Die belangrike punt is dat ons, as ons besef dat minder as 10% van die arbeidsmag in die VSA of Engeland in landbou aktief is, nie tot die gevolgtrekking moet kom dat die landbou sy belangrikheid verloor namate die ekonomie ontwikkel nie. Samir Amin het opgemerk dat die ontwikkeling van Westerse ekonomieë berus het op 'n permanente landbourewolusie: "…large-scale mechanized industry was supported by a permanent agricultural revolution…" (Samir Amin, *Capitalism in the Age of Globalization*, Londen: Zed Books, 1997, p.ix).

Die voedselbedryf is een van die grootste bedrywe in die ontwikkelde ekonomieë van Europa en Noord-Amerika (Ernest Mandel, *Late Capitalism*, Londen: Verso, 1978, pp.378 – 383). *Die landbou is die enigste sektor van die ekonomie van geïndustrialiseerde Westerse lande wat regstreekse toekennings (subsidies) van miljarde dollar elke maand ontvang.* Dit is hoe belangrik landbou vir die Amerikaanse regering is, sowel as vir die regerings van die Europese Unie. Hulle versorg en beskerm die landbousektor van hul ekonomieë soos wat 'n mens jou oë sou beskerm.

In ons geval moet infrastruktuurontwikkeling (snelweë, hawens, lughawens, elektrisiteit, ens.) gepaardgaan met die ontluiking en ontwikkeling van die Afrika-Landbourewolusie en landelike ontwikkeling in die algemeen. Klem op eersgenoemde sonder laasgenoemde sal lei tot "wit-olifant"-strukture, wat nie volhoubaar is nie. As jy 'n moderne snelweg van die een uiteinde van die land na die ander bou, is die aanname dat daar genoeg motors is wat die snelweg gebruik en, bowenal, dat die mense wat die snelweg gebruik genoeg geld het om die belasting en tolgeld vir die instandhouding van die snelweg te betaal. "Infrastrukture" moet 'n massabasis vir volhouding hê, bestaande uit 'n ontwikkelde bevolking.

Verkeerde advies

Ons leiers word nie korrek geadviseer deur hul ekonome nie, wie se ingesteldheid ferm veranker is in die geïndustrialiseerde Westerse ekonomieë. Wat klaarblyklik die swaarste by hierdie adviseurs weeg, is om Afrika met die "wêreldekonomie" te verbind. Die punt wat by hierdie adviseurs verlore gaan, is dat die ontwikkeling van honderde miljoene Afrikane voorrang geniet, of dat die skakeling van Afrika met die wêreldekonomie hand aan hand met die ontwikkeling van alle Afrikane moet gaan. Daar is skakeling én skakeling. Onder imperialisme en kolonialisme was Afrika wel met die wêreldekonomie geskakel, maar daardie skakeling het tot die onderontwikkeling en wanvoeding van Afrika se mense gelei. Skakeling met die massa van ons mense en skakeling met die "wêreldekonomie" moet hand aan hand gaan, wat aan die binnelandse ekonomie meer krag vir skakeling met die wêreldekonomie sal gee.

Lenin en Troski het hierdie kwessie baie

duidelik in die periode 1921-1922 van die Russiese Rewolusie geformuleer toe hulle op soek was na 'n oplossing vir die probleem van die onderontwikkeling van Rusland. Luister na Lenin: "…the problem of the New Economic Policy, the fundamental, decisive and overriding problem, is to establish a link between the new economy that we have begun to create… and the peasant economy, by which millions and millions of peasants obtain their livelihood. This link has been lacking, and we must create it before anything else. Everything else must be subordinated to this." (Lenin, *Collected Works*, Vol.33, Moscow: Progress Publishers, 1966, pp.269-270).

Hierdie insig het gelei tot die formulering van 'n nuwe beginsel in klasseverhoudinge wat nodig was om die Russiese Rewolusie vorentoe te neem. Dit was die beginsel van wat as die *smychka* bekendgestaan het, oftewel die "band" tussen die proletariaat en die kleinboere. Weer Lenin: "Link up with the peasant masses, with the rank-and-file working peasants, and begin to move forward immeasurably, infinitely more slowly than we expected, but in such a way that the entire mass will actually move forward with us. If we do that, we shall in time progress much more quickly than we even dream of today." (*Ibid.*, pp.271-272)

Lenin waarsku

Lenin het gewaarsku dat as die "band" tussen die proletariaat en die kleinboere nie gehandhaaf kan word nie, die Russiese Rewolusie katastrofe en ineenstorting in die gesig sal staar. Na Lenin se dood en die ontsetting van Trotski het Stalin die "band" deur gedwonge kollektivering deurgesny. Uit hierdie beleid het die Stalinistiese staat en die krisis van Sowjet-landbou gevolg: dit was in der waarheid die begin van die proses wat tot die ineenstorting van die Sowjet-regime gelei het.

Die "band" tussen stedelike en landelike Afrika, tussen die stedelike en die Afrika-dorpsekonomie, tussen die Afrika-staat en Afrika- landelike gemeenskappe en die tradisies van landelike Afrikane, is 'n band van die uiterste noodsaak vir die gesonde ontwikkeling van Afrika – en vir Suid-Afrika. As ons voortgaan om na te laat om die band tussen stedelike en landelike Afrika vas te lê en te onderhou, voorsien ek groter rampe en ineenstorting vir groot gedeeltes van Afrika, insluitend rampe vir ons eie land.

Die onderontwikkeling en armoede van landelike Afrika-gemeenskappe migreer na Afrika-stede en -dorpe en lei tot toenemende armoede, siektes, maatskaplike patologie en nieontwikkeling in ons stede en dorpe.

Die sogenaamde groeiende gaping tussen die 'swart elite' en die 'swart massa' is die rekening wat ons nasie ontvang vir die verkeerde advies van ons ekonome aan ons leiers, en vir ons versuim om onderontwikkeling en armoede op die Afrika-platteland uit te skakel. Dit is die rekening wat ons nasie en ons vasteland ontvang vir ons versuim om 'n "band" tussen stedelike en landelike Afrika teweeg te bring.

Alternatiewe vir sagte diplomasie in Zimbabwe

AS DAAR AANVANKLIK VERDIENSTE IN STILLE DIPLOMASIE WAS, HET DIT GROTENDEELS VERDWYN NA GELANG MUGABE HERHAALDELIK NUWE PERKE VAN WETTELOOSHEID, GEWELD EN ONDERDRUKKING OORSKRY HET. SUID-AFRIKA SE SUUTJIESTRAPBENADERING HET KLAARBLYKLIK NIE DAARIN GESLAAG OM MUGABE DAARVAN TE WEERHOU OM HOM AAN AL HOE MEER VERGRYPE SKULDIG TE MAAK NIE (1); VANDAAR DIE DEURLOPENDE DEBAT OOR ALTERNATIEWE VIR STILLE OF SAGTE DIPLOMASIE. DIE KOMPONENTE VAN 'N ANDER BENADERING WORD DERHALWE HIERONDER BESKOU.

Deur Deon Geldenhuys[*]

Veral Suid-Afrika kry kritiese aandag omdat sy spesiale verhouding met Zimbabwe hom sowel die motief (Suid-Afrika se kardinale belange is in die spel) as die middele (vanweë sy ekonomiese oorheersing) gee om met groter kragdadigheid op te tree om die krisis in Zimbabwe op te los. Net soos slegs John Vorster destyds die nekslag kon toedien wat die lot van die eensydige onafhanklikheidsverklaring en die Smith-regime verseël het, is Mbeki die enigste buitelandse leier wat nou dieselfde kan doen en die krisis in Zimbabwe kan beëindig (selfs ten koste van Mugabe se voortgesette ampsbekleding). Dit versterk die persepsie, wat baie wyd voorkom, dat "there would be no Zimbabwean crisis without … South African support" (2). Die suggestie hier is nie dat Suid-Afrika op sy eie moet optree nie, maar wel dat hy die deurslaggewende buitelandse rolspeler in Zimbabwe is.

Diegene wat alternatiewe maatreëls voorstaan, meen dat Mugabe nie 'n beter weg sal inslaan nie, tensy hy onder baie groter internasionale druk geplaas word. Hulle verwerp dus die idee dat die krisis in Zimbabwe, indien die land met rus gelaat word, hom mettertyd self sal oplos. Kortom, die oproep is om spoedige, gesamentlike optrede ter wille van die mense van Zimbabwe – en trouens Suider-Afrika – ten einde hulle verdere ontbering wat deur die rampspoedige beleide van Robert Mugabe meegebring word, te spaar. Hierdie alternatiewe benadering is in stryd met baie van die oorwegings waarop Mbeki sy sagte diplomasie tot dusver gebaseer het.

Daar moet uit die staanspoor benadruk word dat nie al die maatreëls wat voorgestel word, onversoenbaar met Mbeki se benadering is nie – party kan met aspekte van sagte diplomasie gekombineer word. Nie slegs strafmaatreëls word genoem nie, maar ook aansporings. Beloning en straf kan in kombinasie gebruik word. Feitlik al die voorstelle is reeds bekend en word in die openbare domein bespreek.

Die vertrekpunt vir 'n alternatiewe of aanvullende benadering vir sagte diplomasie is dat Mbeki hom self uit die dubbele dilemma moet kry waarin hy homself laat beland het. Die eerste een is dat voorgegee word dat militêre ingryping die enigste alternatief vir stille diplomasie is. Diegene wat eis dat Suid-Afrika "iets" omtrent Zimbabwe doen, beweer Mbeki, verwag eintlik dat Suid-Afrikaanse troepe "oor die Limpopo moet opruk en die regering van pres. Mugabe moet gaan omverwerp, wat ons nie gaan doen nie". Mbeki het dit uitdruklik verwerp dat daar enige Suid-Afrikaanse poging sal wees om 'n regimeverandering in Zimbabwe teweeg te bring (3). In 'n poging om hierdie sogenaamde alternatief vir Mbeki se benadering belaglik te maak, het die Minister van Finansies, Trevor Manuel, gevra: "What should we do on Zimbabwe? Act like Ariel Sharon? Kick butt, blow them up, drive over their car; should we send in the tanks?" (4). Insgelyks het die Adjunkminister van Buitelandse Sake, Aziz Pahad, in Mei 2004 benadruk dat "I have no alternative to quiet diplomacy, so we will continue with quiet diplomacy" teenoor Zimbabwe (5). Hierdie tweeledigheid is klaarblyklik verkeerd; daar is verskeie opsies tussen sagte diplomasie en militêre ingryping. Deur Suid-Afrika se opsies tot net twee te beperk, smoor Pretoria opsetlik ernstige debat oor alternatiewe in die kiem. Deur op staande voet enige ander benadering as sagte diplomasie te verwerp, gee Mbeki Mugabe bowendien vrye teuels, wat wesenlik aan Mugabe te kenne gee dat, wat sy vergrype ook al is, hy nie sterker reaksie van Suid-Afrika hoef te vrees nie.

Die tweede en verwante dilemma is dat voorgegee word dat 'n ander opsie as stille diplomasie noodwendig 'n regimeverandering in Zimbabwe behels. Ook dit is vals. Dwangmaatreëls kan gebruik word om veranderinge in die politiek en praktyke te bevorder sonder om Mugabe se reg om te regeer, te betwis. Nietemin moet 'n regimeverandering ook deeglik oorweeg word. Deur dit as 'n moontlikheid te

[*] Professor in politieke studies en skrywer van onder meer *Internasionale Isolasie: Suid-Afrika in Vergelykende Perspektief*. Hierdie artikel is 'n uittreksel uit "The special relationship between South Africa and Zimbabwe", in Hough, M. en A. du Plessis (samestellers), *State Failure: The Case of Zimbabwe*, ISSUP Ad Hoc Publikasie no. 41, November 2004, Instituut vir Strategiese Studies, Universiteit van Pretoria, pp. 132-137. *Die Vrye Afrikaan* bedank prof. Hough vir sy goedgunstige toestemming tot hierdie publikasie.

verwerp, word die boodskap weer eens aan Mugabe gestuur dat sy magsposisie veilig is – in elk geval vir sover dit Suid-Afrika betref – hoe aanstootlik sy optrede ook al is.

As 'n mens nou na 'n opgawe van alternatiewe vir sagte diplomasie kyk, vereis die meeste van die voorgestelde strafmaatreëls, om doeltreffend te kan wees, dat dit kollektief op gesag van 'n multilaterale organisasie toegepas word. Om ander Afrikastate te oorreed om daartoe in te stem, sal 'n opdraande stryd wees, maar NEPAD kan die instrument van 'n gesamentlike en meer kragdadige Afrikabenadering tot Zimbabwe word. In dié opsig is Suid-Afrika die geskikte land om die leiding te neem. Die Statebond is nog 'n forum, want dit bestaan uit Afrika- en nie-Afrikalede. Bowendien het die Statebond reeds diplomatieke strawwe teen Zimbabwe gebruik. Vanselfsprekend hoef sanksies nie noodwendig toegepas te word om dit doeltreffend te maak nie: 'n geloofwaardige dreigement dat dit afgedwing gaan word, kan die teikenstaat reeds beweeg om aan eksterne eise te voldoen.

 Die mees drastiese stap duskant militêre optrede teen Zimbabwe sal verpligte, omvattende ekonomiese sanksies wees wat die Veiligheidsraad van die VN instel. Dit is besonder onwaarskynlik dat die Veiligheidsraad so 'n opdrag sal gee, behalwe op grond van iets soos volksmoord in Zimbabwe. Nog 'n rede is dat sulke maatreëls die reeds brose ekonomie van Zimbabwe sal vernietig en die lyding van die mense daar sal vererger.

 Ekonomiese stappe wat Suid-Afrika op sy eie kan doen, is om die verskaffing van elektrisiteit, brandstof en krediet aan Zimbabwe af te sny of te beperk. 'n Absolute staking van sodanige verskaffing sal ernstige ontbering vir Zimbabwe se mense meebring, maar die geleidelike aandraai van die duimskroef sal minder deprivasie veroorsaak en moontlik spoediger politieke resultate oplewer as die Zimbabwiese leierskorps eers besef dat die koste van nievoldoening algaande oploop.

 Militêre sanksies kan relatief maklik ingestel word deur ander lande wat individueel of gesamentlik optree, en sonder dat dit wesenlike koste vir die algemene bevolking van Zimbabwe inhou. Afgesien van 'n verbod op die verkoop van alle wapens en ammunisie kan vreemde lande weier om militêre toerusting en opleiding te gee en alle militêre hulp, besoeke en verwante betrekkinge opskort. China se besluit omstreeks middel 2004 om krygstuig aan Zimbabwe te verkoop, (6) getuig van swak tydsberekening, selfs vir Beijing.

 Diplomatieke sanksies, wat beswaarlik die breë samelewing skade sal berokken, kan insluit dat Zimbabwe uit internasionale organisasies geskors word (soos in die geval van die Statebond), dat diplomatieke betrekkinge met die land beëindig of afgeskaal word (of minstens dat Zimbabwe se diplomatieke verteenwoordigers van tyd tot tyd ontbied word vir 'n skrobbering), en dat alle hoëvlakse besoeke aan Zimbabwe gestaak word (tensy die uitdruklike doel daarmee is om 'n politieke krisis op te los).

 Slim of persoonlike sanksies is ook voorgestel. Dit is spesifiek gemik op die regerende elite en raak grotendeels nie die gewone landsburgers nie. Die algemeenste slim sanksies – waarvan die meeste reeds teen die Mugabe-regering van krag is – behels die bevriesing van bates en fondse wat lede van die teikengroep in die buiteland het (wat die onregmatig verkreë gewin uit die DRK-oorlog behoort in te sluit), en beperkings op hulle internasionale reise.

 Wat aansporings betref, is 'n bekende voorstel dat Suid-Afrika kan probeer om die lyding van die mense van Zimbabwe te verlig deur makliker toegang van Zimbabwiese goedere tot die Suid-Afrikaanse markte toe te laat, onder meer deur tariewe op tekstielinvoere te verlaag.

 Nog 'n aansporing, op 'n manier, wat uit die buiteland aangebied kan word, is tasbare steun vir burgerlikesamelewingsorganisasies in Zimbabwe en moontlik ook vir opposisiepartye wat universele demokratiese en menseregtestandaarde onderskryf. In laasgenoemde verband moet die ANC sy vryheidstrydobsessie met ZANU-PF en sy minagting van die MDC opnuut in oënskou neem. As hy dieper en onbevange daarna kyk, sal die ANC besef dat die MDC in samestelling en oortuiging veel met Suid-Afrika se regerende party gemeen het, hoe verskillend hulle herkoms ook al is.

 ´n Verwante stap wat deur Suid-Afrika (en deur onder andere die AU en die SAOG) gedoen behoort te word, is om by te dra tot 'n binnelandse politieke klimaat wat bevorderlik is vir samesprekings tussen partye oor die oplossing van die konflik in Zimbabwe. Kritieke elemente van so 'n klimaat is vryheid van spraak, assosiasie en beweging, en die oppergesag van die reg. Suid-Afrika behoort in die openbaar daarop aan te dring dat die Mugabe-regering hierdie basiese burgerlike vryhede eerbiedig en behoort sterk standpunt in te neem wanneer dit geskend word. Dit volg dat die gebruik van geweld deur enige party in Zimbabwe geheel en al onaanvaarbaar is en sonder voorbehoud deur Suid-Afrika veroordeel behoort te word. Suid-Afrika behoort voorts nougeset onpartydig te wees in sy benadering tot tussenpartysamesprekings en dus sy alte ooglopende voorkeur vir ZANU-PF te laat vaar.

 In dieselfde trant kan vreemde lande en buitelandse organisasies help om 'n gelyke speelveld te skep vir volgende jaar se algemene verkiesing in Zimbabwe. Die minimumvereistes sal wees dat die situasie in Zimbabwe van goed voor stemdag af deeglik gemonitor moet word, en dat daar hard gepraat moet word as 'n situasie ontstaan wat vry en regverdige verkiesing in die wiele kan ry.

 ´n Ander soort aansporing kan spesifiek vir

Mugabe ontwerp word. Dit is ’n uittreestrategie om sy afstanddoening van hoë ampte te vergemaklik. Dit kan óf asiel in die buiteland, óf amnestie tuis insluit. (Mbeki en ander lede van die “vryheidstrydersklub” is vermoedelik nie baie gretig dat een van hulle lede voor ’n tribunaal gebring word weens misdade wat gedurende sy ampstermyn gepleeg is nie.)

 ´n Politieke stap van kardinale belang wat veral Suid-Afrika kan doen, is om op te hou om enersyds vir Mugabe te beskerm teen kritiek, en andersyds sy kritici aan te val. Pretoria moet liewer op die ware oorsake van die Zimbabwiese krisis fokus. Suid-Afrika moet ondubbelsinnig en in die openbaar verklaar watter universeel aanvaarde standaarde hy van Zimbabwe verwag om te handhaaf – en moet protesteer as Harare versuim om aan daardie standaarde te voldoen. Daarmee gaan gepaard dat Mbeki in die openbaar moet erken dat Mugabe se minagting vir menseregte en demokrasie onversoenbaar is met die ideale van NEPAD en die hele plan bedreig deurdat dit potensiële Westerse skenkers afskrik. Bowenal moet NEPAD ’n kollektiewe standpunt teen Mugabe inneem. Dit sal baie meer voordeel vir die inisiatief se internasionale vooruitsigte inhou as die pogings van die Mbeki-regering om die Zimbabwiese kwessie los te maak van die werksaamhede van NEPAD, deur naamlik aan te voer dat ander Afrikalande wat aan die reëls van goeie staatsbestuur voldoen, nie vir Mugabe se wandade gestraf moet word nie (7).

 Selfs as Mbeki weier om ’n regimeverandering in Zimbabwe te steun – wat minstens die vervanging van Mugabe as president sal vereis – is daar geen rede waarom Suid-Afrika nie uitdruklik ’n oproep om die verandering van onaanvaarbare beleide en praktyke kan doen nie. Standaarde van aanvaarbare gedrag word gestel in verskeie Afrika- en universele deklarasies wat ook deur Zimbabwe onderskryf word.

 Suid-Afrika moet sy veelgeroemde morele leierskap laat geld om aan sowel die mense van Zimbabwe as die wêreld oor die algemeen ’n visie van ’n beter toekoms voor te hou, naamlik een van ’n “nuwe” vasteland soos vervat in die hoë ideale van Mbeki se Afrika-Renaissance, eerder as die “ou” Afrika van despote, ontbering en wanhoop, waarvan Mugabe se Zimbabwe ’n neerdrukkende herinnering is. Dit sal van Suid-Afrika ’n baie ander soort bevrydingsolidariteit met Zimbabwe vra, ’n solidariteit wat nie op ’n gedeelde geskiedenis berus nie, maar op ’n gemeenskaplike visie van die toekoms. Dit sal ’n gedeelde toewyding aan en die daadwerklike nastrewing van demokrasie, menseregte en menseontwikkeling behels – juis die ideale wat veronderstel was om die dryfkrag agter die vryheidstryde te wees.

Die huidige krisis in Zimbabwe het vier hoofkomponente. Een daarvan – sy betrokkenheid by die oorlog in die DRK – is intussen uitgeskakel, hoewel die ekonomiese skade wat dit in Zimbabwe aangerig het, steeds voortduur. Die kwessie van die herverdeling van grond is nie meer so markant nie, gegewe die feit dat die grond van al die wit boere, op ’n handjie vol na, reeds onteien is. Mugabe se beoogde nasionalisering van alle grond in privaat besit sal waarskynlik ’n onheilspellende nuwe kinkel aan dié ou kwessie gee. Van die oorblywende krisisse – die ekonomiese inploffing en die aanslag op demokrasie – staan laasgenoemde sentraal. Of net veranderinge in beleide en handelinge die politieke krisis sal oplos, is te betwyfel. Indien ’n mens aanvaar dat die verskriklike toestand in Zimbabwe grotendeels Mugabe se toedoen is – waarvan die kern sy vasberadenheid is om die mag te behou, selfs al ruïneer dit Zimbabwe se ekonomie – sal sy voortgesette ampsbekleding heel waarskynlik onversoenbaar wees met die drastiese koersverandering wat Zimbabwe so dringend nodig het. Mbeki se pogings om die ekonomiese en grondkwessies los te maak van Mugabe se eie toekoms kan beteken dat Suid-Afrika se betrokkenheid hoogstens korttermynverligting vir Zimbabwe en die streek sal meebring.

Soos Vorster se regering amper dertig jaar gelede, moet Mbeki s´n nou ’n tweeledige paradigmaskuif maak om die krisis in Zimbabwe op te los. Eerstens moet hy erken dat die lotgevalle van Suid-Afrika se regerende elite wel geskei kan word van dié van hulle bure oorkant die Limpopo. Laasgenoemde se politieke oorlewing is nie ’n voorvereiste vir dié van eersgenoemde nie. Indien Mugabe of ZANU-PF met komplimente van die kiesers van die mag moet afstand doen, sal dit nie ’n vloedgolf “reaksionêre” magte ontketen wat daarop uit is om Suid-Afrika se regerende party uit die kussings te lig nie. Tweedens moet partybelange duidelik onderskei word van nasionale belange. Suid-Afrika betaal ’n onaanvaarbaar hoë ekonomiese, diplomatieke en morele prys vir die ANC se omarming van ZANU-PF en Mugabe. Kortom, daar moet nuwe inhoud aan die spesiale verhouding tussen Suid-Afrika en Zimbabwe gegee word deur hulle politieke bande te herdefinieer. Die twee lande moet mekaar se hoeder word terwyl hulle hulself verbind tot die edele standaarde wat verskans is in onder meer die AU se Deklarasie oor Demokrasie, Politieke, Ekonomiese en Korporatiewe Bestuur.

---

(1) *Die Burger*, 6 Mei 2000.
(2) Johnson, R.W. “Mugabe, Mbeki, and Mandela’s shadow”, *National Interest*, No 63, Spring 2001, http://0-web26.epnet.com
(3) Aangehaal in die *Sunday Times*, 13 Oktober 2002. Sien ook die *Cape Times*, 27 Maart 2003; *Pretoria News*, 25 Mei 2004.
(4) Aangehaal in *The Star*, 16 Mei 2002.
(5) Aangehaal in die *Pretoria News*, 25 Mei 2004.
(6) *Sunday Times*, 13 Junie 2004.
(7) *The Citizen*, 15 Februarie 2002.

Geagte leser, getrou aan die tradisie wat *Die Vrye Afrikaan* sedert sy eerste uitgawe op 3 September 2005 tot stand gebring het, staan ons weer vandeesmaand 'n omvattende dossier aan 'n belangrike onderwerp af, en wel "Die (NG) Kerk en sy tyd". Ons doen dit omdat ons die (NG) Kerk as miskien dié belangrikste instelling van ons tyd beskou, en waarvan ons die welstand as noodsaaklik vir 'n ander wêreld ag. Dit is ongelukkig 'n teken van die tyd dat die (liberale) hoofstroommedia wêreldwyd oppervlakkig en selfs arrogant met die kerk omgaan – iets wat ons juis probeer vermy het in hierdie dossier. Ofskoon ons aktuele voorbladartikel moontlik as buitengewoon krities op die NG Kerk beleef mag word, is dit geskryf in 'n eerlike poging om die uitdagings waarvoor hy nou by 'n historiese kruispad te staan gekom het bloot te lê: geen oplossing is sonder eerlike bestekopname moontlik nie. Hierdie artikel moet egter in samehang met die res van die vertolkende artikels in hierdie dossier gelees word. Hoewel die verskillende skrywers van die artikels talle onderlinge verskille het, neem hulle almal die (NG) Kerk ernstig op, en kan hulle posisie beskryf word as lojaal-krities. **Danie Goosen** (*p.7*) lei die reeks vertolkings in deur te fokus op die uitdaging wat die neoliberale verbruikerskultuur aan die kerk stel, en watter bronne die tradisie vir die kerk bied. **Johann Rossouw** (*p.8*) gee 'n historiese oorsig van die NG Kerk in sy verhouding met sy gemeenskap en met die staat, en stel rigtings vir die hervestiging van die NG Kerk se identiteit na 1994 voor. **Stefan Louw** (*p.9*) lewer 'n poëtiese pleidooi vir Woord wat weer vlees moet word en so verby die onversoenbare posisies in die debat oor Skrifgesag te stuur. **Julie Claassens** en **Lisel Joubert** *(p.10)* kyk as vrouepredikante waarom die erkenning van die chaos in die Kerk tot nuwe moontlikhede vir vroue sowel as ander lidmate van die Kerk kan lei. **Izak Grové** kyk na hoe die kerk vanuit sy musikale tradisie op die musiek van die verbruikerskultuur kan antwoord (*p.11*). **Bertie Haasbroek** soek na 'n balans tussen die kerk voor en na die Hervorming (*p.12*). **Eberhard Jüngel** skets in gesprek met **Murray Hofmeyr** hoe die Evangelie aan die kant van moontlikheid eerder as die heersende werklikheid staan (*p.13 – 14*).

Die kerke, die neoliberale orde en die gemeenskap

DAT DIE TRADISIONELE AFRIKAANSE KERKE 'N KRISIS ERVAAR, IS IETS WAARMEE TALLE MENSE SAL SAAMSTEM. ALHOEWEL KERKBYWONING EN DIE GETAL LIDMATE NIE DIE ENIGSTE MAATSTAF VIR DIE KRISIS IS NIE, MOET DIT NOGTANS AS 'N BELANGRIKE WEGWYSER ERVAAR WORD. SOOS IN ANDER WESTERSE LANDE IS DAAR OOK ONDER DIE TRADISIONELE AFRIKAANSE KERKE 'N STELSELMATIGE UITKALWING VAN DIÉ STEUN.

Deur Danie Goosen[*]

Oor die veelheid oorsake wat tot hierdie krisis aanleiding gegee het, hoef gelukkig nie hier breedvoerig uitgewei te word nie. Slegs een manifestasie daarvan is hieronder ter sprake, naamlik die 'kultuur-politieke' spanningslyn dwarsoor die Westerse wêreld tussen die tradisionele kerke enersyds en die neoliberale verbruikerskultuur andersyds.

Vanuit 'n historiese perspektief het die tradisionele kerke vanaf die 1960's en plaaslik ietwat later nie 'n kultuur-politieke antwoord op die onbetwisbare hegemonie van die neo-liberale verbruikerskultuur nie. As kerke in die toekoms 'n betekenisvolle kultuur-politieke rol wil speel, sal hulle dit waarskynlik slegs verwerf deur middel van 'n grondige kritiek op die neoliberale wêreld.

Dit sal 'n fout wees om die agteruitgang van die kerke aan 'n soort noodwendige proses toe te skryf wat homself op 'n onverbiddelike wyse voltrek. Laasgenoemde oordeel is tipies van die neoliberale perspektief op die geskiedenis. Daarvolgens sal die kerk vanweë die proses van modernisering noodwendig van die toneel verdwyn. Dit is egter 'n hoogs betwisbare punt. Alhoewel die Britse kerke byvoorbeeld die afgelope dekades 'n skerp daling in lidmate ervaar het, het hulle nog tot so onlangs as die laat 1950's juis 'n buitengewone toevloei van lidmate gehad. Die sogenaamde moderne wêreld het nie per definisie verhinder dat groot getalle mense by die kerke aansluit nie.

[*] *Filosoof en voorsitter van die FAK*

Die agteruitgang van die kerke moet eerder gesoek word in die veranderde magsverhouding tussen hulleself en die neoliberale orde. Niks dui daarop dat hierdie verhouding binnekort gaan verander nie. Inteendeel, talle kerke skep eerder die indruk dat hulle uit 'n verbete poging tot 'relevansie' in die liberale orde opgeneem wil wees. Indien hulle volgens hul eie oordeel dit nie doen nie, sal hulle met die een of ander 'fundamentalisme' geïdentifiseer word. En dit moet ten ene male vermy word. Maar so val die ganse gesprek oor die posisie van die kerke uiteen in die onvrugbare keuse tussen óf die neoliberale orde, óf die fundamentalisme. Niks pas die neoliberale hegemonie beter as juis dié opposisie nie, ook omdat hy sy eie fundamentalisme so agter 'n skerm van oënskynlike verdraagsaamheid verberg.

Gemeenskap in die hart

In die hart van die spanning tussen die tradisionele kerke en die neoliberale orde staan die begrip 'gemeenskap', (of dit waarna Ad Verbrugge in sy uitsonderlike *Tijd van Onbehagen* [Amsterdam: SUN, 2004] verwys as die horison van besieling waaruit kulture hul krag put). As die neoliberale orde ten diepste die feit van gemeenskap as 'n struikelblok in die vestiging van sy hegemonie ervaar, het die Christelike tradisie daarenteen nog altyd in sy grootse oomblikke die woord gemeenskap in die hart van sy selfverstaan geplaas. As die kerke dan ook hoegenaamd 'n geloofwaardige antwoord aan die neoliberale orde sal gee, sal dit waarskynlik vanuit 'n (her)toe-eiening van die woord gemeenskap geloods moet word. Maar daarvoor sal die kerke hul eie historiese bronne (die Patristiek, die hoë Middeleeue, ensovoorts) moet herontdek. Soos die Franse sê, 'n egte *resourcement* is nodig. Dit beteken nie dat die kerke bo-oor die moderne wêreld na die verlede sal kan terugkeer nie. Maar geen toekoms sal ook moontlik wees sonder 'n dwingende gesprek met die verlede nie.

Waarom die neoliberale vyandskap jeens 'gemeenskap'? Daardie oer-voorganger van die neoliberale wêreld, naamlik die moderne liberale tradisie self, het mense nog altyd vanuit hul deelname aan die groter geheel van dinge en, na analogie daarvan, uit hul deelname aan die veelheid van partikuliere gemeenskappe geabstraheer. Nie die positiewe 'deelname' daaraan nie, maar eerder die negatiewe 'bevryding' daaruit was sy grootste appèl.

Die oogmerk ten grondslag van die liberale abstrahering van die mens tot suiwer vryswewende individu was groter administratiewe en staatlike beheer. Die liberale argument is kil en berekend: wanneer mense uit hulle gemeenskappe verenkel word, kan hulle tegelyk op 'n nuwe grondslag verenig word, naamlik op grondslag van die soewereine nasiestaat. In die geskiedenis van die nasiestaat het dit ook so gebeur: Mense is vanaf die vroeë nasiestate vanuit hul gemeenskappe losgemaak en onder die absolute soewereiniteit van die staat geplaas. Robert Nisbet het reg as hy sê dat die grootste spanningslyn van die moderne era nie tussen die staat en die individu lê nie, maar tussen die staat en die gemeenskappe. In die liberale wêreld is staat en individu nie vyande nie, maar bondgenote téén die gemeenskappe.

Neoliberale hegemonie

Die neoliberale hegemonie van vandag is 'n radikalisering van dié anti-gemeenskapsmotiewe. Anders as in die liberale wêreld is dit egter nie net nasiestate wat tans instrumente van beheer is nie, maar magte wat magtiger as hulle geword het, naamlik die multinasionale korporasies en die netwerk van globale finansiële instellings. Die effek wat hulle het, is egter dieselfde (ofskoon op 'n groter skaal) as die nasiestaat, naamlik om mense nogmaals uit hulle gemeenskappe te abstraheer. Anders as in die liberale era lei dit egter nie net tot 'n herdefiniëring van die mens as hiperindividu (en hiperprodusent) nie, maar ook tot 'n herdefiniëring van die mens as hiperverbruiker.

Tekenend hiervan is die belangrikheid van kontraktuele verbintenisse en die juridifisering van gemeenskappe. So word die gesin as maatskaplike eenheid nie meer as 'n heilige gemeenskap ervaar wat kulturele kontinuïteit en oordrag waarborg nie, maar eerder as 'n kontraktuele eenheid wat na willekeur deur vryswewende individue opgehef kan word. Die belangrikheid van die kontraktuele blyk ook uit die vervanging van die geskenk, wat eens maatskaplike bande onderhou het, met die ekonomiese transaksie.

Die Christelike tradisie het nog altyd die werklikheid self ervaar as 'n saak wat deur gemeenskap *(communio)* gekenmerk was. Waarom? Omdat dié tradisie nog altyd mense verstaan het vanuit hul deelname aan wat ervaar is as die goeie skepping, en in die besonder vanuit hul deelname aan die beginsels ten grondslag van die goeie skepping, naamlik die ware, die goeie en die skone. (Bykans alle sektariese uitdagings aan die kerk was op die een of ander wyse 'n uitdaging van die idee dat die werklikheid die trekke van 'n deelnemende gemeenskap vertoon. Die liberale tradisie is een van die magtigste hedendaagse vertolkers van dié uitdaging).

Die tradisie se idee van gemeenskap het tydens die hoogtepunte van die historiese Christendom in sy talle liturgiese praktyke gestalte gekry. In en deur die rituele van die familie, die dorp, die stad, die regionale regering, die gilde, die universiteit, die ryk, die kerk ensovoorts, is aan die ware, die goeie en die skone deelgeneem en is die werklikheid self as 'n gemeenskap gevier. Daarom is dit ook nie vreemd nie dat die Christelike tradisie dikwels na homself en die kerk as 'n "liturgiese kosmos" verwys het.

Christelike *communio*

Die wese van die liberale wêreld lê vervat in die breuk wat dit met die Christelike *communio* aangekondig het. Die belangrikste strategiese wapen wat dit teen die ou gemeenskap ingespan het, was om 'n wig in te dryf tussen dinge wat oor eeue en veral tydens die hoë Middeleeue in 'n delikate gemeenskap met mekaar gehou is. Dit sluit onder meer die gemeenskap in

tussen teologie en filosofie, tussen kultuur en natuur, kerk en ryk, die innerlike en die uiterlike, egoïsme en altruïsme, die sublieme en die skone, die geskenk en die ekonomiese transaksie, ensovoorts. In die liberale wêreld kom dié dinge in 'n uitsluitende verhouding teenoor mekaar en ten koste van hulself te staan.

So kom die innerlike subjek nou te staan teenoor 'n dooie objektiewe wêreld, die gevoel teenoor die nou blote formalistiese wêreld van instellings, liefde vir die ander teenoor liefde vir die self, die afgrondelike sublieme teenoor die gesimuleerde skone, die radikale geskenk teenoor die ekonomiese transaksie, 'n ontvlugting van die wêreld teenoor 'n mistiese versinking in die wêreld, ensovoorts. Van 'n gemeenskap tussen dié dinge kon daar nie meer sprake wees nie.

Die neoliberale wêreld is 'n radikalisering van dié anti-gemeenskapslogika. Dit maak op 'n globale skaal waar wat die liberale moderniteit in die vooruitsig gestel het. Uit 'n groot aantal brandpunte noem ons net enkele sake:

1. In sy kritiek op die *communio* tussen die mens en die goeie skepping lewer die neoliberale wêreld die moderne mens uit aan die ervaring van die werklikheid as 'n akosmiese en tuistelose plek waarbinne mense hulself toevallig bevind. Met laasgenoemde kan geen gemeenskap moontlik wees nie. Inteendeel, die sentrale rol wat die liberale moderniteit aan "angs", en die neoliberale wêreld aan "onverskilligheid" toeken, ondermyn juis enige sodanige gemeenskap en wakker eerder 'n stemming aan van ontvlugting. Hierin stem dit wesenlik ooreen met die ou gnostici, want ook vir laasgenoemde was die werklikheid 'n donker en bose plek waarop slegs by wyse van 'n vlugreaksie geantwoord kon word.

Dit het 'n ontwrigtende effek op die moderne mens se ervaring van dinge soos die ware, die goeie en die skone. In plaas daarvan dat mense hulself vanuit hul deelname aan dié beginsels verstaan, word hulle uitgelewer aan 'n blote instrumentele opvatting van die waarheid (die multimiljarddollar-kennisbedryf); 'n moralistiese opvatting van die goeie (politiek-korrekte instellings); en 'n verskraling van die skone tot blote kitsch (die magtige vermaaklikheidswêreld). Die ware, die skone en die goeie word blote instrumente waarmee moderne mense hulself verskans teen die tuistelose werklikheid en die angs of onverskilligheid wat laasgenoemde aanwakker. Nie die dankbare deelname aan die skepping nie, maar eerder die paranoïes-instrumentele verskansing daarteen word sy hoogste imperatief.

Innerlike en uiterlike

2. In sy verbreking van die ou gemeenskap tussen die innerlike en die uiterlike het die liberale wêreld die "religieuse" tot die innerlike wêreld ingeperk. Religie word voortaan nie meer gesien as iets wat in openbare liturgiese praktyke gestalte kry nie, maar eerder as iets wat slegs in die private tot sy reg kan kom: in dinge soos die innerlike gevoel, die piëtistiese stemming, die morele bedoeling, die sprong van die geloof, die spirituele oefening, ensovoorts. Rituele self word in die proses van betekenis gestroop en tot blote instrumente van beheer verskraal.

Die effek van die inperking van die religie tot 'n onwêreldse innerlikheid was om dit van sy 'liturgiese' mag te stroop. Terwyl die moderne staat met die wêreldse geïdentifiseer en absolute soewereiniteit daaroor verwerf het, kan die kerk vanuit die onwêreldse innerlikheid nie meer inspraak op die wêreld hê nie. Nog beter, vandaar kan dit self nie die 'wêreld' (die kosmiese liturgie) wees wat dit was nie.

Die neoliberale wêreld verdiep dié ontmagtiging. Meer as ooit word godsdiens tot die private verban. Hoe sterker die moderne kerke dan ook aansluiting soek by die neoliberale wêreld, des te meer word hulle deur historiese irrelevansie gekenmerk. Privatiserende innerlikheid word liturgiese selfopheffing en gnostiese wêreldontvlugting.

Tekenend van die onmag van die godsdiens is dat dit toenemend ingeskryf word in die mark en die wette van vraag en aanbod. As geprivatiseerde ervaring word die religieuse al hoe meer 'spirituele handelsware' waarmee handel gedryf kan word. Daarom ook nie vreemd nie dat die religieuse ervaring in die neoliberale era uitgegroei het tot 'n multimiljarddollar-besigheid. Jeremy Carrette skryf breedvoerig daaroor in *Selling Spirituality. The Silent Takeover of Religion* (Routledge, 2004).

3. Die hedendaagse splitsing tussen 'teologie' en 'historiese navorsing' is 'n gevolg van die liberale erfenis. Dit vind vandag uitdrukking in die spanning tussen die Afrikaanse kerke enersyds en die sogenaamde Nuwe Hervormers andersyds.

Laasgenoemde se beroep op die sogenaamde 'historiese konteks' as die enigste toetssteen vir die hedendaagse relevansie van die dogma kontinueer die dualistiese denke van die neoliberale moderniteit. Teenoor die eintlike historiese werklikheid, sê hulle, staan die latere uitgediende dogmatiese verdigsel. Tussen 'toe' en 'nou' kan geen brug geslaan word nie, en word die godsdiens tot 'n blote moralisme verarm. Dat die nuwe hervormers daarmee juis nie 'n grondige hervorming inlei nie, maar slegs ou modernistiese uitgangspunte herhaal, ontsnap hulle klaarblyklik.

In die toekomstige antwoord op die neoliberale wêreld kan daar nie eenvoudig teruggekeer word na die verlede nie. As daar van 'n *resourcement,* 'n terugkeer na die bronne, sprake sal wees, sal dit 'n terugkeer moet wees wat ons tegelyk vir die toekoms oopstel - en vir die geboorte van dinge anderkant die nihilisme van ons tyd.

Die spoke van die NG Kerk en die spore van sy toekoms

IN EEN VAN SY MEES RELIGIEUSE UITSPRAKE HET JACQUES DERRIDA, 'N FILOSOOF WAT SPOKE ERNSTIG OPGENEEM HET, GESÊ: "OM TE PRAAT MAAK MY BANG, MAAR DEUR NIE TE PRAAT NIE HET EK REEDS TE VEEL GESÊ."

Deur Johann Rossouw*

Dít is 'n gepaste begeleidingswoord as 'n mens jou vandag oor die NG Kerk en sy tyd wil uitlaat: 'n gedugte onderwerp, maar een wat vreesloosheid vereis as ons nie die slagoffers van ons vrese wil word nie.

Een van die treffendste verskynsels onder Afrikaners sedert die vroeë 1990's is hoe die versameling instellings wat die Afrikaner-establishment na 1948 begrond het die een na die ander gekonfronteer is met die keuse om te vernuwe of te verdwyn. Gewoonlik is die reël dat hoe groter die instelling is, hoe langer dit neem alvorens hy voor hierdie keuse te staan kom.

Vir die NG Kerk het daardie oomblik kennelik nou aangebreek. Dit wat hom vir so lank beskerm het – sy getalle – het juis nou die keuse verhaas: om "sover bekend" 100 000 lidmate per jaar te verloor (1) is selfs vir die NG Kerk ernstig.

Waar die debat oor verdwyning of vernuwing met betrekking tot feitlik alle ander tradisionele Afrikanerinstellings, bewustelik met verwysing na die instelling, sy verlede en sy verhouding met die breër Suid-Afrika gevoer is, is dit opvallend dat die debat oor die NG Kerk oor die algemeen juis nié in hierdie terme gevoer is nie.

Nee, die debat het in ander gestaltes na vore getree: Skrifgesag en -vertolking; seksualiteit en gender; kerkvereniging. In 'n mate is die debat oor Skrifgesag en -vertolking miskien aanvanklik feller in die noorde van die land gevoer: per slot van rekening is feitlik al die "Nuwe Hervormers" noordelike teoloë en predikante. Daarenteen het die debat oor kerkvereniging veral weer vanuit die suide ontstaan.

Dit hoef ons nie te verbaas nie: wat eintlik in die spel was en is, is die identiteit van die NG Kerk self. Die onsekerheid oor identiteit – 'n simboliese kwessie – manifesteer altyd in materiële vorme waarmee 'n mens bekend is. In die noorde, met sy buitengewoon groot getalle teoloë rondom UP en UNISA, is die onsekerheid hervertaal in die vraag oor hoe die Bybel vandag gelees moet word. In die suide, met sy lang geskiedenis van komplekse verhoudinge tussen wit en bruin (en waar die berugte eerste tree vir die skeiding van wit en bruin in kerkverband in 1859 gegee is), is die onsekerheid hervertaal in die vraag na kerkvereniging.

In beide gevalle is die leidende stemme (vir 'n ander lees van die Bybel, vir kerkvereniging) aangevuur deur iets wat hulle gedink het lankal moes gebeur het, en wat inderdaad moontlik sou geword het na 1994. Maar wat opmerklik is van beide hierdie debatte is dat dit feitlik nêrens verbind is aan – minstens in "wêreldse" terme – wat met die Afrikaners self gebeur het nie.

Miskien is hierdie oorsig verklaarbaar vanuit die algemene geheueverlies waaraan ons tyd ly, soos aangehelp deur die Tirannie van die Onmiddellike. Miskien is dit verhewig deur die wond wat die onlangse verlede vir die meeste Afrikaners is, en des te meer vir die NG Kerk, wie se uiteindelike immorele betrokkenheid by die uitgediende apartheidsbestel steeds by hom spook.

As ons egter hierdie historiese lyn (2) wil deurtrek in sy volle konsekwensies (asof so iets ooit moontlik is), moet ons miskien opnuut die verhaal van die NG Kerk vanaf sy ontstaan tot tans in oënskou neem, want dit is juis die sonderlinge historiese omstandighede waarin die NG Kerk nog altyd funksioneer het wat hom ook vandag weer voor 'n kruispad gebring het. In hierdie hervertelling is veral die verhouding tussen die NG Kerk en die heersende staatsorde in sy verskillende inkarnasies 'n sentrale motief.

Laat ons ten aanvang iets sê wat in die politieke klimaat van die huidige Suid-Afrika en vanweë die onlangse pynlike verlede dikwels buite rekening gelaat word, maar wat onontbeerlik is as ons die NG Kerk en sy tyd vandag wil verstaan, naamlik dat die NG Kerk die oudste en belangrikste Afrikaner-instelling is. Dit beteken geensins om dit as "volkskerk" te sien, of uitsluitlik as gemeenskapsinstelling te verstaan nie. Dit is bloot om te konstateer dat dit die oudste instelling is waar rondom Afrikaners as gemeenskap beslag gekry het, al het dit talle verskillende vorme deur die loop van die geskiedenis aangeneem. (As ons ook in gedagte hou dat geen gemeenskap sonder instellings kán bestaan nie, is die toekoms van die NG Kerk en die toekoms van Afrikaners onlosmaaklik aan mekaar verbind, hoe die NG Kerk en almal by hom betrokke nou ook al mag kies om met hierdie gegewens om te gaan.)

Vanaf 1652 tot in die vroeë 1850's was die NG Kerk tewens die enigste instelling waaroor Afrikaners

---

* *Redakteur, navorsings- en kommunikasiebeampte van die FAK*

beskik het. Terwyl die Afrikaners tussen 1652 en die vroeë 1850's geleidelik as eiesoortige gemeenskap beslag gekry het, het die Europese gemeenskappe waaruit hulle ontstaan het die pad van modernisering gestap. Hierdie modernisering is gekenmerk deur die oorgang na 'n kultuur van die gedrukte woord, asook 'n hele swetterjoel instellings wat daarmee saam gekom het: die markekonomie, die burgerlike universiteit, die regstaat, die pers, en dies meer. Terwyl die Europese familieverwante van Afrikaners dus 'n hele aantal instellings tot hulle beskikking gehad het, was die Afrikaners uitsluitlik op die NG Kerk aangewese, en dit binne 'n sterk mondelinge konteks.

Die volle implikasies van die agterstand wat Afrikaners in terme van die moderniseringsverhaal teenoor hulle Europese verwante gehad het, het eintlik eers vanaf die 1830's duidelik geword aan die hand van twee ontwikkelinge. Die eerste hiervan was die invloed van die Verligting aan die einde van die 18de eeu op die Nederlandse teologie, oftewel die sogenaamde Liberale Teologie wat ontstaan het. Die tweede hiervan was die verengelsingsbeleid van Lord Charles Somerset en sy onmiddellike opvolgers.

In die afwesigheid van ander instellings waarmee die Afrikaners hierdie twee ontwikkelings kon hanteer, moes die NG Kerk alleen instaan, en het dit hom onder buitengewone druk geplaas, waarop buitengewone antwoorde gegee is. Hierdie drie antwoorde was, eerstens, die amptelike skeiding tussen kerk en staat in die vroeë 1840's; tweedens die stigting van die kerkskole, waarvan daar teen 1860 sowat 90 was en teen 1900 900, en wat uiteindelik die basis van die Christelik-Nasionale onderwysstelsel sou word; en derdens die stigting van die Victoria-kollege in 1859, wat later die hoeksteen van die Universiteit van Stellenbosch sou wees.

Die fassinerende hiervan is dat waar die skool en die universiteit in die Europese modernisering instrumente van die Verligting was, dit onder Afrikaners instrumente téén die Verligting was. Kerkskole is gestig omdat die NG Kerk besef het dat die verengelsing van sy kinders tot sy eie verdwyning sou lei (die parallelle met vandag is onmiskenbaar), en was sowel 'n daad van sluiting na binne as 'n daad van anti-koloniale verset na buite. Die skole moes nie in die eerste plek in die klassieke Verligtingstrant van kinders goeie burgers maak nie, maar goeie lidmate.

Die Victoria-kollege is eweneens gestig om die teologiese ortodoksie onder Afrikaner-kwekelinge te handhaaf, en hierdie behoudende impuls sou later ook inslag vind in die Universiteit van Stellenbosch se neiging om op bepaalde kritieke oomblikke die behoudende keuse te maak, ofskoon hierdie keuses soms wel baie dapper was, soos byvoorbeeld die stigting van *De Burger* in 1915. (By nabetragting het die NG Kerk se onvermoë om in die afwesigheid van ander gemeenskapsinstellings in die eerste helfte van die 19de eeu die liberale wending te verreken tot vandag toe 'n gaping vir die verskillende generasies "Nuwe Hervormers" geskep. In hierdie verband is dit ironies dat vandag se "Nuwe Hervormers" nie soos die Ou Hervormers in die eerste plek met die instelling van die kerk self besig is nie, maar met die skrif, wat dan ook hulle diepgaande gebrek aan historiese bewussyn blootlê.)

Oorhoofs beskou was die NG Kerk dus in die tweede helfte van die 19de eeu instrumenteel in die oorlewing van die Afrikaner en in die institusionalisering van 'n premoderne geloof en praktyk onder Afrikaners. Hiermee wil ons nie meedoen aan die irriterende (en eweneens ahistoriese) etikettering van die NG Kerk as "aartskonserwatief" nie: moeilike tye vra om moeilike oplossings, en so was dit.

Ná die Anglo-Boereoorlog (ABO) en die verdwyning van die Boererepublieke het die merkwaardige situasie ontstaan dat die Kerk nogmaals die enigste Afrikanerinstelling was – ofskoon die NG Kerk nou nie meer die enigste kerk van Afrikaners was nie – en nogmaals moes die NG Kerk ongelooflike druk verwerk om sy gemeenskap in stand te kan hou. Wat die NG Kerk in die dekades na die ABO via verskillende maatskaplike aksies gedoen het om saam met sy gemeenskap te oorleef, was en bly 'n merkwaardige prestasie. Maar ongelukkig het dit weer eens gekom met die verdere institusionalisering van 'n vreespsigose na die trauma van die ABO en die opeenvolgende trauma van massaverstedeliking onder 'n ongunstige Britse regering.

By terugblik was die vroeë 1840's tot in 1948 die eeu waarin die NG Kerk hom as dapper maar ook sluitende gemeenskapsinstelling onderskei het (foute en al), maar dit was na 1948 dat 'n volgende beslissende hoofstuk ingelei is: meer as honderd jaar na die skeiding van kerk en staat is die NG Kerk saam met die hele spektrum van gemeenskapsinstellings waaruit Afrikanernasionalisme gevoer is, verstaatlik. En dit was 'n verstaatliking binne 'n koloniale staat: die implikasie hiervan is dat die impuls van sluitende behoudendheid nou 'n diep konserwatiewe krag geword het (wat vandag verkeerdelik voorgehou word as tekenend van die ganse geskiedenis van die NG Kerk). Die taakverdeling onder Afrikanerinstellings na 1948 onder leiding van die koloniale staat (ietwat geesdriftig misverstaan as die "Republiek van Suid-Afrika"), en waarvan die oogmerk toenemend die dissiplinering en ordening van Afrikaners was (soos dit nou maar met state gaan), het behels dat die NG Kerk die Afrikaners geestelik moes orden. Dit was dan ook die era waarin ongekend voorskriftelik met elke aspek van die lidmaat se alledaagse lewe omgegaan is, en waarin die Bybel meer letterlik as ooit opgeneem is.

Die opkoms van die videosfeer, hewig versnel met die koms van televisie in 1975, het die NG Kerk betrap op 'n tyd toe hy dit glad nie kon begryp nie. In 1982 het die Nasionale Party, dié instelling van die grafosfeer (1875 tot 1975) geskeur, en was dit duidelik dat Afrikanernasionalisme nie meer sy drakrag gehad het nie. Dit is presies in hierdie simboliese vakuum dat twee verskynsels gemanifesteer het. In die eerste plek was die NG Kerk so noodlottig aan die koloniale staat verbind, dat hy nie in staat was om sy boodskap in 'n nuwe idioom te vertaal en so opnuut aan Afrikaners 'n simboliese wêreld te help gee nie. In die tweede plek was veral jonger Afrikaners in die noorde so uitgehonger vir 'n plek van samekoms, dat die kragtige

videosferiese charismate met hulle superbemarking die simboliese vakuum gevul het. (Die ramp van die gesprek oor die charismatiese verskynsel is dat dit knaend met teologie beantwoord word, terwyl dit eintlik op simboliese en liturgiese vlak beantwoord moet word.)

Die eintlike omvang van die krisis van die NG Kerk sou eers met die ontstating van 1994 duidelik word: 46 jaar in die arms van die koloniale staat het die Kerk swak en uitgeput gelaat. Die Noorde het teruggeval op ’n skrifdebat, terwyl die Suide teruggeval het op die emosionele appèl van kerkvereniging. Albei hierdie kwessies is belangrik, maar dit kan nie gehanteer word voordat die Kerk sy eie identiteit uitklaar nie, en hierdie uitklaring moet geskied in terme van ’n antwoord op sy tyd, en meer spesifiek die pseudo-gnostifikasie van die Afrikaners, soos dit op geestelike terrein in die charismatiese beweging blyk.

Die NG Kerk het ’n lang inheemse teologiese tradisie, en niks keer hom om aan die hand van hierdie tradisie aansluiting te vind by die 15 eeue voor die Hervorming nie. Maar die herdinking van hierdie tradisie moet eweneens neerslag vind in ’n nuwe liturgie: niks minder nie as die radikale nuwe omgang met die liggaam, woord, beeld en klank en die emosies (as ewe belangrik) indien die pseudo-gnostifikasie en die gepaardgaande vernietiging van die NG Kerk beantwoord wil word. Hier praat ons egter nie van aanhou beweeg en geraas maak nie – dié spesifieke charismatiese toeëiening van Jan Rabie moet as een van die groot rampe van die Afrikaanse geestelike geskiedenis staan – maar juis van meer stilte as ooit, en meer betrokkenheid as ooit. Praktyke van oordenking in die NG Kerk en die ganse Christendom is daar talle van om te kies; vorme van betrokkenheid by sy gemeenskap en dié se groter wêreld in gesprek met ander gemeenskappe is daar ook historiese voorbeelde van.

In religieuse terme: die vraag is nie of Jesus op die water geloop het of nie, maar of die NG Kerk homself weer na volle omvang kan herstel: geestelik, maatskaplik én polities. Want gaan die religie nie ten diepste oor die daarstel van ’n ander wêreld nie?

---

(1) Kyk “Opstand in die NG Kerk”, p.1

(2) Vir die historiese gegewens in hierdie artikel het ek veral gesteun op Hermann Giliomee se *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg, 2004) en P.B van der Watt se *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk* in vier bande (Pretoria: NG Kerk-Boekhandel, 1988 – 1990). Ofskoon laasgenoemde werk min vertolking bevat, en deur min predikante en teoloë met wie ek dit bespreek het gunstig bejeën word, is dit tog ryk aan feite.

Die debat oor Skrifgesag

Oor nuwe hervormers, charismate en tradisionaliste

DIE SOGENAAMDE VRAAG NA DIE GESAG VAN DIE SKRIF LÊ AAN DIE HART VAN TALLE VERSKILPUNTE IN DIE NG KERK VANDAG, O.A. DIE VRAAG NA DIE SOGENAAMDE NUWE HERVORMING EN HUL "VRYSINNIGE" IDEES RONDOM SKRIFINTERPRETASIE, DIE SAAK VAN HOMOSEKSUALITEIT EN DIE INTERPRETASIE RONDOM TEKSTE IN DIE VERBAND, DIE KWESSIE VAN DIE KERKHERENIGING EN DIE AANVAARDING VAN DIE BELYDENIS VAN BELHAR AS SKRIFGETROUE EN EIETYDSE INTERPRETASIE VAN DIE KERNWAARHEDE VAN DIE SKRIF.

Deur Stefan Louw*

Die debat kan breedweg getipeer word as dat dit gepolariseer is rondom twee uiterstes: Dat die Skrif bloot woorde oor God is, mense se opinies en idees en gedagtes oor God wat opgeneem is in die Bybel, en aan die ander uiterste, dat dit God se Woord is in die letterlikste sin van die Woord. Dat dit die onfeilbare en woordeliks akkurate wil van God vir die mens artikuleer, in alle opsigte tydloos, suiwer en korrek. In eersgenoemde rek die afstand tussen God en die Woord tot bykans in die oneindigheid in, in laasgenoemde val God en Woord bykans ononderskeibaar saam. In eersgenoemde verdwyn God in die gedruis van 'n duisend opinies, in laasgenoemde verdwyn die mens in die monolitiese skadu van die Almagtige.

In ons eie konteks vind ons die sogenaamde Nuwe Hervormers, die kampvegters van die modernistiese rasionaliteit. Hulle is die aartskeptici wat oor die driehonderdjarige agterstand van Suid-Afrika op die Verligting die vaandel van 'n neëntiende-eeuse wetenskapsbegrip wil swaai. Hul is die vyande van die bygeloof, van die redelose verkleefdheid aan die fabels, legendes en mites, uiteindelik die afskaffers van die transendentale, implisiet die kerkprofete van die sekulêre. Deur die lae en lae verdigtende mis van die verlede tas hulle terug, trotseer hulle die verdoeseling van geloof, die hegemonie van die tradisie, die verlokking van hoop, om agter die rekonstruksies van rekonstruksies in te tas tot by die oorspronklike, die waarheid wat moderniteit oor die Woord en die hele wêreld aankondig: Die mens as laaste maatstaf oor alles.

Teenoor hulle vind ons twee weergawes van premoderne fundamentalisme. Aan die een kant is daar die wat lewe in die skadu van die Vaders onder wie hulle nooit kon uitgroei nie, die vir wie elke krakie Bybelse menslikheid deur die outoritêre stem van die patriarge besweer moet word. Van die ware vertwyfeling vlug hulle hul lewe lank, bou bastionne sonder vensters, grendel die poorte, kruisig elke pelgrim wat kom aanklop met verhale oor die dryfsand van die tyd. Onder hulle vind jy die geestelike despote van die tyd, die kruisvaarders en die heksejagters. Vir hulle is die Woord bloot repetisie, die waarheid, 'n standbeeld van klip wat nooit die verwelking van die vlees kan ken nie. Hulle rol in die kerk verstaan hulle as dié van tradisiepolisie – die waarheidspatrollie wat, gewapen met belydeniskrif en kerklike tug al die geloofswaagmoed en onsekerheid uit die beslissing van die oomblik wil dryf.

Aan die ander kant vind jy weer die charismate, die gnostici van ons tyd, wat Sondae wêreldvreemd verskiet in die ongemedieerde godservaring, om Maandae weer soos meteoriete die wêreld in te ploeg met hul Pajero's en gymbroekies. Hulle vlug van die vertwyfeling lê in daardie godsdiens van die verdeelde self, van die verwerplike vlees en die onverwelklike gees. Hul is die junkies van 'n dualistiese tipe ontkenningsindroom, verslaaf aan patologiese ommeswaaie tussen geestelike wêreldsvreemdheid en materialistiese wêreldsontsnapping. Vir hulle is die Woord splinters teksorakels, goddelike skerwe kennis, wat onaantasbaar en ewig, ver in 'n sfeer verhewe bo die profaniteite van hul mundane lewens, deur die superkragte van die gees inbreek in mense se lewens en die subjektiwistiese fix bied vir hul verbruikersangst. Hul verheffing van die gees bo die vlees maak van hulle weer die aartsmoraliste van ons tyd, wat nou hul toorn laat geld oor die sondes van die vlees om later prewelend emosioneel deur die sweepklap van hul eie eggo's agterhaal te word.

Hoe kan mens 'n sinvolle alternatief vind midde in hierdie uiterstes waar die Woord se gesag aan die een kant verteken word tot projeksies van menslike maatstawwe – as bloot ons verlange na laaste, ewige en altyd geldende moraliteit, en aan die ander kant tot die napraat van versteende tradisie of tot teksversnipperde flitse superchristelikheid. Die volgende paar perspektiewe wil help om die verbeeldingloosheid in die debat 'n bietjie te besweer en hopelik 'n paar vars perspektiewe in die verband te lewer.

* Leraar, NG Gemeente Melville, Johannesburg

1) Woord as lyftaal

"Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon." Hier lê die diepste waarheid, ontgogeling, die ontnugtering, die versobering. In hierdie enkele sinnetjie vind ons die subversiewe waarheid wat lê aan die hart van die misterie wat die kerk na tweeduisend jaar van bepeinsing steeds slegs in paradokse kan verwoord. Die vleesgeworde Woord, die Woord wat nooit finaal onder woorde gebring kan word nie. Die Woord wat nooit voltooi, gegryp, verslaan kan word deur woorde op papier of deur die dwarreltaal van mensetonge nie. Hierdie Woord is nie subjektiewe ervaringskennis nie, hierdie Woord is nie menslike bespiegeling of filosofiese konstruksie nie, hierdie Woord is nie belydenisskrif of tradisie nie, hierdie Woord is nie die Bybel nie. Alhoewel al hierdie woorde soek, verlang na, getuig van hierdie Woord, skiet dit kort. So graag soos ons dit ook wou, die fotoalbum kan nie die beminde vervang nie. Net so min kan woorde wat van papier spring of van menselippe val die vleesgeworde Woord vervang. Hierdie Woord is die seun van Josef, is die Seun van God. Binne hierdie paradoks lê die gesag van die Woord.

Neem jy hierdie as jou vertrekpunt, word dit vinnig duidelik hoedat bogenoemde pole hierdie spanning probeer systap. Die naaste wat die nuwe hervormers daaraan sal kom om Jesus die Seun van God te noem, is om hom tot groot profeet of mistieke guru *par excellence* te verklaar. Daar's 'n historiese Jesus wat lê agter die rekonstruksies van die tradisie. Ons glo in dit waarna hy ook verlang het: 'n vae, mistieke, pan-en-teïstiese god, maar – God behoede – nie in homsélf nie! Die tradisionaliste wil weer die Christus van die teks verhef tot die vleesgeworde Woord self, en die waarheid mis dat die gesaghebbende teks nie die tekstuur van papier het nie, maar van vlees en bloed. Die charismate wil weer die skandaal van die lyf en die kruis kortsluit om, *full of love, full of power, full of glory,* te vinnig by die *annointing* van 'n maklik opgestane en anderwêreldse Christus uit te kom. Hul soek die Christus van die gees, nie die Gees wat Christus is nie.

2) Woord, wond, verwonding

Soos hierbo genoem, is die kruis die skandaal waar geen aanspraakmaker op gesag verby kan kom nie. Die bloedbelope Woord, die Woord van die gebreekde brood en die gestorte wyn. Die Godverlate, mensverstote Woord, die Woord as uitgestalde humaniteit, as uitgeskelde goddelikheid. Die lyf as die ondraaglike punt waar hierdie spanninge hul worstelstyd voer, hul wonde oopruk, hul krete laat hoor. Uiteindelik die gebroke lyf, die dorstende lyf, die sterwende lyf. Wie op die gesag van die Woord aanspraak maak, maak hierop aanspraak, of anders op 'n afgod. Voor hierdie Woord mag jy nie buig en sê "my Here en my God" sonder om eers jou vingers in sy wonde te doop nie.

Sonder sakrament is daar geen gesag nie. Dit kon die protestante nog nooit by die Katolieke leer nie. Net met die brood tussen jou tande en die wyn op jou lippe, net met die sakrament van die lyf in jou, net met die sakrament van jou eie lyf, met die doodstyding van jou eie vlees en bloed, kan jy aanspraak maak op gesag. Die afwatering van sakrament teenoor Woord is van die grootste verliese van die Reformasie. Dit het die gesag van die Woord tot serebrale oefening verskraal, tot iets wat 'n mens moet léér, tot kopkennis, tot die intellektuele gedreun van leerstoele, tot die swart van ink op papier en nie meer die rooi van bloed op die vel nie. Protestantse teologie het 'n reusekop en 'n maer, bloedarmoedige lyf.

3) Woorde oor dade

Die Woord as lyftaal het 'n ander tipe gesag. Die gesag Woord as lyftaal is die gesag van weerloosheid, van broosheid, van lokaliteit. Dis die gesag wat praat vanuit die morele appèl van hier-en-nou-wees. Dis die gesag wat kom uit die vingers wat die verdorde hand aanraak, uit die hand wat die voete was, uit die voete wat die stofpaaie loop tussen die blindes, melaatses, kreupeles, prostitute deur. Dis die gesag van deernis. Deernis is altyd gelokaliseerd, konkreet, een liggaam wat identifiseer en uitreik na 'n ander liggaam. Die Woord se gesag is en was nog nooit 'n teoretiese gesag of intellektuele argument nie. Dit was nog altyd die gesag van liefdeshandelinge. Dis die gesag wat nooit druk nie, maar trek, wat nooit dwing nie maar dring. Dis 'n fatale flater om druk en dwang en kontrole met gesag te verwar. Dis nie gesag nie, maar magspel.

Hier faal die aanspraakmakers op Skrifgesag in die homosekualiteitsdebat skouspelagtig. Hul luidende simbale klink maar alte veel na 'n liefdesleë gedawer. Dit het uiteidelik slegs die effek dat Christen-homosekuele verder gemarginaliseer word en in die kerk geen herberg vind nie. Liefde verwar hulle met sentimentaliteit. Sentimentaliteit is die suikerlagie wat die bourgoisie smeer oor die geweld van hul eksklusiwiteit. Sentimentaliteit is om op 'n veilige afstand 'n traantjie te pik oor die tragiek van dit alles. Ware liefde strewe egter daarna om vir homosekuele, binne die konkrete gegewendheid van hul seksuele orientasie, nuwe lewensmoontlikhede oop te breek.

4) Woordwysers

"Daar is die Lam van God!" Baie van die aanpraakmakers op die gesag van die Woord as geskrewe dokument loop op dun ys om die referensiële karakter van Skrifgesag prys te gee; dat die geskrewe Woord slegs gesag het omdat dit *wys na* die vleesgeworde Woord. Hulle mis die punt dat die geskrewe Woord slegs oor afgeleide gesag beskik. Dit lewer *betroubare getuienis oor* die Een met gesag, en in die betroubaarheid van hul verwysing na die Gesaghebbende dra dit gesag. 'n Regte verstaan van Skrifgesag het dus tot gevolg dat die geskrewe Woord verdwyn in die herinnering aan die vleesgeworde Woord wat dit herroep, net soos 'n fotoalbum verdwyn in die herinnering aan die beminde. Die neiging in die debat is egter om die afgeleide gesag van die geskrewe

Woord tot selfstandige gesagbron in sigself te verklaar. En dan word Woord relikwie, of relikwie der relikwieë. En die gesag van die relikwie lê nie buite sigself nie, maar in die magie. Ink op papier het egter geen bo-natuurlike superkragte of transendente perfektheid nie. Dit bly mensetaal wat iets probeer verwoord wat groter is as mensetaal. Die gesaghebbende Woord bly 'n misterie, en ons beste dokumente wat daarna wys en daarmee worstel noem ons die Bybel.

5) Woord as gebaretaal

Die skrifgeworde Woord het dus nie primêre gesag nie, maar afgeleide gesag. Dis geboekstaafde lyftaal, gedokumenteerde liefdeshandelinge. Haar gesag is 'n provokatiewe gesag. Dit wil herinner met die doel om te beïnvloed, om die regte respons te ontlok. Dis 'n appelerende gesag. Dit bring jou in beweging. Dit wys op die vleesgeworde Woord en vra om vleesgeworde woorde. Die aanspraak op die gesag van die Skrif is dus nooit 'n aanspraak op die krag van woorde op papier nie, maar op die krag van woorde wat handel, met ander woorde, op die krag van gebare, meer spesifiek, die gebaretaal van die liefde. Dis wat liefde is – gebare, of vleesgebore woorde. Dis die gebare van vergifnis, van versoening, van deernis, van medelye, van diensbaarheid, van gasvryheid, van vriendskap, van geloof, van hoop, van liefde. Hierin lê die gesag van die Skrif: in hoe ek in beweging gebring word daardeur, nie in hoe ek dit probeer verdedig nie; in hoe dit my aanraak sodat ek ander kan aanraak, en nie in hoe suiwer dit is en hoe ek dit ten alle koste moet probeer beskerm nie.

Dis uiters ironies hoe sommige hulself sien as voorvegters vir die gesag van die geskrewe Woord. So asof die Woord die gevaar loop om haar gesag te verloor. So asof die Woord ons ondersteuning, ons krukke nodig het voordat dit weer regop kan loop. Die Woord kan vir haarself praat. Haar gesag kom immers van die vleesgeworde Woord. Sommige hoor en glo waarna sy wys. Ander keer die rug. So was dit nog altyd. Wie egter aangeraak word deur die Woord leer om ander aan te raak. So word die gesag van die Skrif sigbaar: deur die vleesgebore karakter van die Woord in ons sien en ervaar mense die waarheid daarvan. Teologiese laertrek het egter nog nooit gesag afgewing nie, eerder suspisie ontlok.

6) Woord en stilte

Die skrifgeworde Woord se afgeleide gesag is nie net provokatief nie, maar ook evokatief. Dit bring jou nie net in beweging nie, maar bring jou ook tot stilstand, stuit jou in jou spore. Dit verbluf jou, slaan jou dronk, vra om verwondering, uiteindelik om aanbidding. Die Woord se gesag is dus nooit los van liturgie nie. Wie nie kan buig voor die vleesgeworde Woord nie, snap nie die oorrompelende simboliese krag en diepte daaragter nie. Die nuwe hervormers val in hierdie kategorie. Vir hulle het die Woord net gesag insoverre dit kan verantwoord aan die gesag van die rede, van analise, van sluitende logika. Die breedheid van hulle logika aksentueer egter die skraalheid van hul estetika. Die rykdom van hulle argumente wys op die armoede van hul metafore. Hulle kan dink daaroor, maar kan nie sing daaroor nie.

Die grootheid van die misterie kan nooit gereduseer word tot die kleinheid en voorlopigheid van verstandelike denkgrepe nie. Dit ontgaan ook dié wat Skrif en belydenisskrif tot klip wil stol. Vir hulle is die skrifgeworde Woord die finale greep op die vleesgeworde Woord. Maar die skrifgeworde Woord is nie 'n greep nie, dis nie woorde wat gryp nie. Dis eerder woorde wat ontspring uit die ervaring van aangegryp wees. Uiteindelik gaan Skrifgesag nie oor ons greep nie maar oor ons gegryp wees deur die vleesgeworde Woord. Dit gaan oor ons wat leer om stil te bly, soos Job se vriende, soos Job – sekerlik die boek in die Bybel waarin die redevoerders, die debatteerders van die mens aan die woord kom, en in die stilswye van hul eie woorde, uiteindelik te kom tot aanbidding.

7) Woord en tradisie

Wie op die gesag van die Woord aanspraak maak, kan dit nie doen sonder om in gesprek te gaan met die tradisie nie. Die charismatiese verstaan van gesag as inspuiting van 'n bo-historiese, bo-wêreldse gees mis hierdie punt heeltemal. Daarom vind jy 'n uiters skraal of volledige afwesigheid van historiese bewussyn by hulle. Dis 'n subjektiewe, ervaringsmatige en individualistiese verstaan van gesag wat gebou word rondom individue met retoriese welsprekendheid en 'n voorliefde vir die kalklig. Die skrifgeworde Woord is hier nie meer in diens van die vleesgeworde Woord nie, maar in diens van die individu wat deur die direkte inspirasie van die bo-historiese gees die teks kan manipuleer in diens van eie belang.

Tradisie is egter nie die geestelike doodsbeendere van die denominasionele kerk soos die charismate dit wil hê nie, en ook nie die waarheidsbastion van graniet soos die tradisionaliste dit wil hê nie, en ook nie die hegemoniese waarheidsverdoeselaar van die nuwe hervormers nie. Die tradisie is niks anders nie as die voortgesette liefdeshandelinge van die vleesgeworde Woord in die geskiedenis, in die handelinge van die heiliges, in die institusionalisering en ritualisering en praktisering daarvan in die kerk van Christus en in die wêreld, en in die voortgesette boekstawing daarvan in dokumente as kollektiewe geheue van hierdie liefdeshandelinge. Die tradisie is uiteidelik die draer van die gesag van die vleesgeworde Woord. Dis die lewende, organiese, altyd vernuwende, altyd gelokaliseerde en liggaamlik konkrete voortstuwing van die Gees van die vleesgeworde Woord in die wêreld in op pad na die toekoms van God.

Die NG Kerk, Gender en Chaos

IN 'N ONLANGSE ARTIKEL IN *DIE BURGER* DEUR DR SUNETTE PIENAAR, HET DIE KUNSTENAARSVOORSTELLING VAN 'N VROU WAT HUIL OOR DIE KERK DIE GEES VAN DIE ARTIKEL GOED SAAMGEVAT. AS MEDE- VROUEPREDIKANTE EN TEOLOË KAN ONS ONS VEREENSELWIG MET SUNETTE SE EKSISTENSIËLE KRISIS EN HARTSEER OOR 'N KERK WAARIN DIT NIE VOEL OF DAAR VIR VROUELEIERS PLEK IS NIE. ONS ONDERSKEIE SITUASIES WEERSPIEËL OOK IETS HIERVAN. SO STUDEER/WERK JULIE AL 8 JAAR IN DIE VSA, ONDER MEER AS GEORDENDE PRESBITERIAANSE PREDIKANT, EN VIR DIE LAASTE 3 JAAR AS DOSENT IN OU TESTAMENT BY TEOLOGIESE INSTELLINGS. LISEL WEER, WOON NA AFLOOP VAN HAAR DOKTORSGRAAD EN STUDIE IN DUITSLAND VIR DIE AFGELOPE 5 JAAR OP FRANSKRAAL, WAAR SY FEITLIK ELKE SONDAG IN DIE NG- EN VGK-GEMEENTES VAN DIE RING VAN CALEDON PREEK, BYBELSKOOL VIR VERSKEIE GROEPE TOEGEWYDE EN LEERGIERIGE LIDMATE AANBIED, MAAR NA 10 JAAR NOG STEEDS NIE GEORDEN IS NIE.

Deur Julie Claassens[*] en Lisel Joubert[**]

Sunette Pienaar se artikel dring almal wat geraak is deur die feit dat die NG Kerk nóg 'n talentvolle, kreatiewe leier verloor het, om verder te dink waarom die NG kerk oënskynlik so sukkel om vrouepredikante as integrale deel van die kerk te aanvaar. Waarom is daar soveel goed gekwalifiseerde vroue wat net nie werk kry nie? Waarom moet vroue hier en daar sukkel om 'n bestaan te maak en telkens voel dat hulle talente misken en selfs ontken word? Waarom is so min vroue betrokke by teologiese opleiding en die sinodale leierskapstrukture van ons kerk? Waarom wil dit voorkom asof daar buite die kerk meer ruimte geskep word vir vroue om hulle in hul beroepe uit te leef? In die privaatsektor, in besighede, in die mediese beroep en selfs in die politiek het vroue tog al ver gevorder in die soeke na geslagsgelyk. Waarom kom vroue dan nog keer op keer voor toe deure te staan in die NG Kerk, en waarom word dié wat wel binnegelaat is moeg van die ewige stryd om 'n plekkie in die son?

Dit is sekerlik so dat een rede waarom vrouepredikante nie genoegsaam ruimte in die NG Kerk vind nie, met komplekse ekonomiese faktore te make het. Dit is belangrik om te verstaan dat daar vrouens *en mans* is wat nie werk kry nie. Gemeentes kry swaar, wêreldwyd krimp die "hoofstroomkerke," en tot onlangs toe was daar 'n ooraanbod van predikante. Maar hierdie gety kan ook draai. Dit is interessant hoedat in 'n land soos byvoorbeeld Swede, toe daar skielik 'n tekort aan predikante is, vrouepredikante toe meteens nie meer so sleg lyk nie.

Maar hierdie realiteit verklaar nog nie talle vrouepredikante se pynlike verhale van uitsluiting en marginalisering nie. Dit bied ook nie antwoorde op al die vrae wat by ons bly spook en tot net nog meer vrae lei nie. Daarom wonder ons ook oor ander, en dalk diepliggender redes waarom gemeentes nie vrouepredikante beroep as hulle wel die geleentheid het nie. Is kerkrade nie oortuig dat vroue goeie predikante kan uitmaak nie? Is dit omdat gemeentes 'n diepliggende wantroue het in die vermoëns van vroue? Is dit bloot omdat dit nie standaardpraktyk is nie, en dus vreemd? Of spruit dit uit 'n wesentlike stereotipering van die sentrale rol van die vrou as moeder of eggenoot, wat nie ruimte sou laat bied vir haar bediening in die gemeenteopset nie? Hierdie vrae weerspieël 'n realiteit wat ernstig deur gemeentes in die NG Kerk bedink moet word. Dit is inderdaad so dat die diepgaande patriargale struktuur in die samelewing en die kerk verantwoordelik is vir die onewe geslagsrolle. Dieselfde geld vir die vooropgestelde idees wat oor baie jare heen gevorm is oor die rol en aard van vroue. Hoe kom ons hierdie realiteit te bowe? Ons glo dat die kerk se bestuursliggame en individuele gemeentes daadwerklik kan en moet werk om hulle lidmate in te lig oor sake van geslagsgelykheid en regverdigheid. En dat hulle moeite moet doen om vrouekandidate by gemeentes uit te bring om gemeentes op dié wyse aan nuwe moontlikhede bloot te stel. Ons weet van talle voorbeelde waar 'n vrouepredikant letterlik die pad kansel toe "oopgepreek" het vir 'n mede-vroue predikant. En keer op keer kan vrouepredikante uit persoonlike ervaring getuig van die opregte waardering wat hulle van

[*] *Assistent-professor in Ou Testament, Baptist Theological Seminary, Richmond, Virginia, VSA en skrywer van* The God who provides: Biblical Images of Divine Nourishments *(Nashville, Tennessee: Addington Press, 2004)* <jclaassens@btsr.edu>

[**] *Skrywer van 'n proefskrif in teologie oor vroue in die Ou Testament met verwysing na die* Demonstrasies *van Afrahat die Persiese Wyse, en proponent in die NG Gemeente, Gansbaai* <lisel@kingsley.co.za>

gemeentelede ontvang het na ’n preek, Bybelstudie of pastorale besoek. Dit is dikwels in gemeentes ’n kwessie van “onbekend maak onbemind”, en vooroordele kàn deur blootstelling afgebreek word.

Dieper onvermoë

Maar benewens hierdie faktore is daar na ons mening ’n dieper rede vir die onvermoë van die NG Kerk om vroueredikante volledig te aanvaar, wat verder strek as bloot die sake wat reeds genoem is. Die onvermoë van die NG kerk om vroueredikante te aanvaar, hang saam met die onvermoë om 11 jaar na die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika te herenig met haar broers en susters van die VGK. Dit hang saam met die ongelooflike haatspraak wat dikwels die gay-debat in die NG Kerk kenmerk. Die gemene deler van die seksisme, rassisme en homofobie in die NG Kerk gaan gepaard met ’n diepgaande xenofobie, ’n vrees vir die ander. En die vrees vir die ander spruit uit ’n onderliggende en heelwaarskynlik onbewuste vrees vir die chaos wat dreig om die orde te ontwrig.

In haar boek, *Face of the Deep: A Theology of Becoming* (London: Routledge, 2003), skryf die Amerikaanse feministiese teoloog, Catherine Keller, dat mense van die vroegste tye af die chaos, oftewel dit wat die orde versteur en bedreig, vrees (tehomafobie). In *Face of the Deep*, wys Keller hoe verskeie tekste in die Ou Testament, soos verstaan in die konteks van die Ou Nabye Ooste, iets van die oerchaos herken. So was Gen 1:2 deur die eeue ’n verleentheid vir mense, want as God dan uit niks geskep het, wat maak ’n mens met die aarde wat in die begin as *tohu webohu* (“woes en leeg” in die OAV vertaling) beskryf word? Soos ook in heelparty Ou Nabye Oosterse tekste funksioneer God in ’n teks soos Jesaja 51:9-10 as die magtige kryger wat die waters van die see opdroog, die chaos wat gepersonifiseer word as ’n seemonster verslaan en uit die chaos orde skep. Dieselfde motief word aangetref in Jesaja 27:1 as liries uitgeroep word dat God die Leviatan, die seemonster, wat al Israel se vrese vir die chaos verteenwoordig, die kop inslaan. Hierdie neiging om die chaos te personifiseer as ’n monster wat verslaan moet word, is simbolies van die menslike begeerte om dit wat die orde versteur ten alle koste te beheer en indien moontlik uit te wis.

Dit is wel so dat dit vir baie mense in ons land deesdae voel asof hulle deur die chaos verswelg word. Die geweld wat mense se lewens vernietig, motorkapings, huisbraak, verkragting, moord en die Vigspandemie. Die skrikwekkend hoë werkloos-heidsyfer, die onvermoë van ons jong mense om werk te kry, “regskaling” en korrupsie. En ’n mens hoef maar net die onlangse mediadekking oor die NG Kerk te lees om te besef dat baie mense voel asof iets van die chaos ook binne die NG Kerk leef. Veral vir mense wat nog altyd binne die kerk veilig gevoel het, is hierdie gevoel van onsekerheid verontrustend.

Reaksie op chaos?

Hoe reageer mense dan op hierdie reële en gefabriseerde ervaring van chaos? Ontken mense die werklikheid en leef hulle met ’n nostalgiese hunkering na die verlede? Bestee hulle baie tyd en energie aan verwoede pogings om beheer terug te kry, wat dikwels bloot ’n valse gevoel van sekuriteit bied?

Heel dikwels reageer mense egter op die ervaring van chaos deur te soek na die bron van dit wat die orde versteur, en/of aan die chaos ’n naam te gee. So wys Keller dan ook hoe die chaos deur die eeue gedemoniseer is. Die chaos neem in verskillende tydsvakke verskillende manifestasies aan. Daar is byvoorbeeld in die geskiedenis heelwat voorbeelde van die demonisering van die vrou. So is daar talle verwysings na die vrou as ’n “misbegotten male.” En deur eeue van Bybelinterpretasie word Eva uitgebeeld as die bron van alle kwaad, soseer dat daar ’n verband getrek word tussen die Bose en die vrou (kyk bv. die Middeleeuse uitbeeldings van die Satan as ’n vrou, wat opgeneem is in die ontstellende uitbeelding van die Satan in Mel Gibson se fliek *The Passion of the Christ*). Heelparty figure uit die kerkgeskiedenis waarsku dan ook teen die gevare van vroue – veral vroue wat dreig om die status quo of die sisteem omver te werp. Vroue wat nie grense en reëls respekteer nie. Vroue wat beskryf kan word as tussen-in, kompleks, of dubbelsinnig. Die enkelma’s, die kruiedokters, die mistiese denkers. Deur die eeue heen is hierdie vroue uitgeskuif en verdag gemaak, as ketters uitgekryt, of selfs as hekse veroordeel en op brandstapels verbrand.

’n Mens hoef nie ver te gaan om die parallelle raak te sien met die ander “anderses” in ons samelewing nie. Waar manlik/wit/heteroseksueel die norm is, is vroulik/swart/homoseksueel die afwyking of die “ander.” En die ander word bejeën as die chaos wat die orde kom versteur – dikwels omdat hulle anders praat en doen as dit wat as die “norm” voorgehou word. Deel van die skynbare onvermoë van die NG Kerk om kreatief met die “ander” in sy midde om te gaan, het te make met hierdie xenofobie of tehomefobie – die vrees vir die chaos wat dreig om die orde, of ’n mens sou kon sê die bekende, te ontwrig. En die vrees vir die chaos of die ander veroorsaak nog steeds dat die chaos uitgeskuif en waar moontlik geëlimineer moet word.

Ander blik op chaos

Teenoor ’n oorbeklemtoning van orde, wat met ’n ontkenning van die realiteit van chaos en kompleksiteit saamhang, wys Keller op tradisies in die Bybelse teks en die kerkgeskiedenis wat met ander oë na die chaos kyk. In Psalm 104:26 lees ’n mens byvoorbeeld dat God die seemonster, die Leviatan, nie net geskep het en voed nie, maar selfs met hom speel. En in Job 38-40 word ’n alternatiewe visie van die skepping gebied waarbinne die chaos van die waters en die monsters nie uitgebeeld word as iets om voor bang te wees nie, maar waarheen die leser genooi word om iets van die vreugde en geheimenis van die wêreld in al sy kompleksiteit raak te sien. In die hernieude waardering vir die chaos sit iets van ’n nuwe kyk na die ander in ons lewens wat dreig om die status quo te versteur: die ander wat van ’n ander geslag, ras en seksuele

oriëntasie is as die sisteem. Soos Keller vra: "Might we begin to 'discover beauty in shadows'?" (p 212). Kan ons nie dalk in die "ander" die mooi, die nuwe, die potensiaal vir nuutheid en nuwe geleenthede raaksien nie?

Ten slotte, dit is belangrik om raak te sien dat dit juis te midde van die chaos is waar die kreatiewe energie lê. In die lig van die realiteite rondom ons is dit belangrik om iets van die chaos te erken en om eerlik te praat oor die impak daarvan op ons lewens. Maar ons moet versigtig wees om nie die chaos met die "ander" en verandering te verwar nie. Miskien – as ons ophou om verwoed dit te beveg wat dreig om die "orde" te versteur, kan ons saam hoop vir nuwe moontlikhede om sigself te openbaar. Dit geld vir vroue predikante, vir kerkeenheid, vir die gay-debat. Keller bied die volgende alternatief:

> "We may feel shame before the chaos in our lives, families, sexualities, movements, ethnicities, drafts, projects. Or we may read this difficult milieu for its freshly emerging order. If we do not try to control what seems out of control, if rather we brood on the fluid face, the eschaton between what is too chaotic and what is too limiting, we will discern the specific possibility of the transition. In the inescapable limitation lies the creative edge." (p 226).

Dit is dalk nou die moment, terwyl goed uitmekaarval in die NG Kerk, dat daar 'n kreatiewe energie kan loskom wat verassend anders is. Op hierdie uitmekaarval reageer ons as vroue, maar elkeen van ons in die NG Kerk beleef hierdie krisis vanuit sy of haar perspektief. As ons die moed het om dit teenoor mekaar te erken, gee ons saam die eerste tree vorentoe. Hierdie kreatiewe energie kan maak dat die NG Kerk 'n metamorfose ondergaan wat meer as genoeg ruimte inhou vir enigiemand wat wil werk om die koninkryk van God in die wêreld gestalte laat kry. Hierdie oomblik vra egter vir die afbreek van vooroordele, want ons glo dat die toekoms van die kerk nou verweefd is met die ander, die weerloses, die stemloses, diegene wat nie altyd in boksies pas nie.

Gewigtigheid en waardigheid

Hoe gereformeerd is die NG Kerk se musiek?

SELFS MET 'N KURSORIESE BLIK OP DIE MUSIEK EN MUSIEKBEOEFENING IN DIE NG KERK IS DIT DUIDELIK DAT CALVYN SE DESTYDSE DEFINISIE VAN DIE IDEALE KERKMUSIEK (*POIDS ET MAJESTÉ*, OFTEWEL GEWIG EN MAJESTEIT) NIE MET DIE BESTE WIL TER WÊRELD IN EENKLANK GEBRING KAN WORD MET HUIDIGE DIVERSE BENADERINGS TOT 'N GOED FUNKSIONERENDE MUSIEKBEDIENING NIE. WAT VIR SOMMIGE LIDMATE DOELMATIGE VERNUWING IS, SPEL VIR ANDERE 'N HEEL BEPAALDE ASSOSIASIE MET WAT PAULUS IN I KOR. 14 AS "VREEMDE TALE EN KLANKE" IDENTIFISEER.

Deur Izak Grové*

In ag genome die tydsverloop van meer as 400 jaar sedert die voltooiing van die psalter, en die voorneme van voortdurende reformasie, word die vrae steeds dringender: Wat is gepas; wanneer word die orde versteur; wanneer is klanke vreemd? Die volgende relaas moet gesien word as 'n kritiese bydrae van binne die kerk, 'n soort lojale verset, en 'n beklemtoning van die noodsaak van deurdagte kentering.

Kritiek op die NG Kerk het vir baie binne en buite dié instansie byna normale praktyk geword. Die redes daarvoor is kompleks, en kom elders in dié uitgawe aan die orde. Die kerk se geskiedenis, spanninge rondom teologiese vraagstukke, en die Kerk se betrokkenheid al dan nie binne 'n nuwe bestel, met standpunte en waardes wat soms lynreg bots met pre-94 opvattings, haal dikwels voorblaaie. In dié omstandighede is prioriteite by sinodesittings en ander georganiseerde kerklike byeenkomste oënskynlik duidelik: standpunte oor die VIGS-pandemie, maatskaplike ongelykhede en vooroordele jeens bepaalde oriëntasies van minderhede is belangrike sake. Wat, en hoe ons in die kerk sing, is nie 'n prioriteit nie, en om te praat oor musiek, het nie baie sin nie, want dit is 'n saak wat op plaaslike (gemeente-) vlak uitgesorteer kan / moet word. Soos 'n teologiestudent dit al gestel het: die sang en musiek is 'n welkome afwisseling in die Sondagsritueel, 'n ruspouse waartydens 'n mens kan ontspan. Hoewel dié scenario sekerlik nie oral van toepassing is nie, is daar duidelik ook nie eenstemmigheid oor die ideale musieksituasie nie. 'n Vermoeidheid met die spanninge wat resulteer uit 'n musiekbestel wat grens aan identiteitloosheid, het reeds gelei tot 'n onrusbarende uittog van professionele musici uit die kerk.

Vir die kerkmusiekgemeenskap is spanninge in die kerk moontlik aansienlik ouer as die huidige vraagstukke. Die grootste deel van die 20ste eeuse kerkgeskiedenis dra letsels daarvan, met 'n aanmerklike toename in kritiese bevraagtekening sedert minstens die 1960's. Maar reeds lank daarvóór moet 'n mens kennis neem van "musikale" spanninge, soos die wegbreek van die Gereformeerde Kerk in 1859, wat deels veroorsaak is deur die invoer van die *Evangelische Gezangen*. Die Murrays se geesdrif vir die soort musiek wat in die "Halleluja"-boek (eerste druk 1903) saamgevat is, en die groot getalle Afrikaners wat hulle na die Anglo-Boereoorlog aangetrokke gevoel het tot herlewingsbewegings is verdere plaaslike voorbeelde. Musikale spanninge is egter nie uniek vir die 20ste eeu of die Afrikaanse of die spesifiek Protestantse gemeenskap nie, maar is internasionaal deeglik geboekstaaf: die nuwe vroomheid en verinnerliking soos vergestalt in die 18de-eeuse Piëtistiese sg. "ek-liedere" het uiting gevind in "huppelende" liedere wat nie algemene byval gevind het nie, en daar was verwyte jeens "opera-elemente" in Lutherse kerkkantates.

20ste-eeuse meningsverskille

Die redes vir 20ste-eeuse (en die huidige) meningsverskille oor die ideale aard en rol van musiek binne die erediens het velerlei direkte en indirekte oorspronge. Die internasionale sekulariseringsproses het meegebring dat godsdiens - soos sport en kultuur - 'n private keuse-aangeleentheid geword het in plaas van 'n sentrale noodwendigheid. Verder beklemtoon die invloedryke Amerikaans-geöriënteerde, markgedrewe kommersiële musiekpraktyk 'n musiekingesteldheid van 'n korttermyn pragmatisme, waarteenoor langtermyn duursaamheid en waardestelsels as oorbodig en verouderd verwerp word. Sang as persoonlike aktiwiteit het te midde van 'n ooraanbod deur die omgewing en die media oorbodig geword. Die SA skoolstelsel is lank nie meer die vanselfsprekende tuiste vir die godsdienskultuur

---

* *Professor in musikologie aan die Universiteit van Stellenbosch, lid van die Kommissie vir 'n nuwe gesangeboek van die Afrikaanse gereformeerde kerk en mederedakteur van die Afrikaans-Engelse Musiekwoordeboek.*

van spesifiek die NG Kerk nie, waar 'n vertroudheid en aanvaarding van tradisionele waardes aangekweek en ingeskerp is. Laastens let 'n mens daarop dat kerkmusiekgerigte opleiding van SA musici en leraars nog nooit op die peil van bv. dié van ampsdraers in die Lutherse gemeenskap was nie, iets wat die potensiaal het van 'n dubbele onbedrewenheid in die hantering van gemeenskaplike kwessies.

Die geskiedenis van die musiekpraktyk binne die NG Kerk is nog nie in sy volle omvang beskryf nie, en studies wat bepaalde fasette daarvan aanroer, word dikwels gekenmerk deur standpunte vanuit 'n bepaalde histories en esteties bedingde hoek. Waar die begin van die gereformeerde erfenis in SA uiteraard beduidende bande met die Nederlandse moederkerk gehad het (Petrus Dathenus se Nederlandse berymings van die 16de-eeuse Franse liedere), is besware teen die musiek vroeg reeds gelug, sodat Adam Tas in 1705 die een en ander oor die "droewige en langsame" sang van die Psalms moes berig.

Die musikale verskeidenheid van die Calvinistiese Hervormers was skraal, en beperk tot die eenstemmige (d.w.s. "ongeharmoniseerde") Psalms, waarvan al 150 in 1562 voltooi is. Ter wille van 'n duidelike aksent op die Woord moes Psalmsang ook by voorkeur sonder begeleiding geskied – die hervormer Hyldrich Zwingli, self 'n bekwame musikus, het selfs opdrag gegee vir die verwydering van orrels uit gemeentes. Luther, daarenteen, se geesdrif vir die musiek as *donum Dei en* "natuurlike geloofsuiting", waarby "die note die teks verlewendig", het nie alleen gelei tot 'n verskeidenheid genres nie, maar het ook 'n gewigtige aandeel aan die instrumentale musiek binne die erediens toegeken. Die Lutherse musiektradisie het verder ywerig kennis geneem van musiekontwikkelinge van buite die kerk, waarvan die onbetwiste hoogtepunt die bydrae van Sebastian Bach was.

Musikale "armoede"

Die gevolglike musikale "armoede" en gebrek aan tydige musikale visie van die Calvinistiese beweging word soms as aanleidende oorsaak gesien vir wat deur baie ervaar word as 'n behoefte aan 'n tydgenootlike musiek-idioom in die NG Kerk, te midde van 'n oënskynlike musikale suksesgolf in mededingende denominasies. Die 19de-eeuse invoering van (Nuwetestamenties geöriënteerde) "Gesange" met hulle sterker beklemtoning van die behoeftes van die individu het wel die spanning verlig, maar daarmee saam die begin van 'n "romantiese" gevoelsestetika in die kerklied, en die uitvaart van die Geneefse erfenis bepaal. Dat die historiese tweespalt in musikale aangeleenthede moontlik sy wortels in 'n gesplete teologiese en kultuurgeskiedenis van die NG Kerk self het - waarvan die eenheidsgestalte deur sommige moderne teoloë bevraagteken word – moet voorlopig daar gelaat word. Die Amerikaanse himnoloog Eric Routley beskou as die mees gevreesde oortreder t.o.v. die aard en posisie van die kerkmusiek die gemeente self: In 'n bestel waar begrippe soos "deelnemende bestuur", "demokrasie," "kommunikasie" en "eietydsheid" beleidsbepalende slagspreuke geword het, kon dit nie anders nie.

In weerwil van herhaalde pogings tot die behoud van die tradisionele gereformeerde musiekgoedere (d.i. die 16de-eeuse Franse Psalms) het elke NG-liedboek van die 20ste eeu die tekens gedra van óf eiesinnige aanpassings (dikwels verwringings) van die oorspronklike melodieë, óf 'n siftingsproses van hierdie corpus: slegs sowat die helfte van die melodieë in die huidige *Liedboek van die Kerk* is nog dié van die oorspronklike Psalter. Vir vele (skynbaar veral jonger) gemeentelede was beide die liedversamelings van 1978 en 2001 die "laaste strooi", en die finale bewys dat (sinodale) versoeke vir meer "eietydse" liedere op dowe ore geval het. Dat so 'n opdrag nie tot almal se bevrediging uitgevoer kan word nie, spreek eintlik vanself. Dit het egter minder te make met 'n eiesinnige kommissiebenadering tot die taak as met die inherente problematiek van teologiese en kerkmusikale kriteria in 'n tydsgewrig wat duidelik ander voorwaardes het. En die noodwendigheid om ook met die verlede musikaal te kan kommunikeer, kan slegs deur moedswilligheid verdraai word as simptoom van 'n ideologies-gemotiveerde hunkering na die "goeie ou tyd".

Eietydsheid?

Hoe dan gemaak met ons eie tyd, wat kennis gee van 'n behoefte aan nuwe, "eietydse" musiek vir die kerk, sonder om die verlede te verloën? As ons aanvaar dat die kerk vandag soos in die verlede deel is van ons daaglikse lewe, en daar 'n bepaalde diens verrig, dan blyk die logiese afleiding te wees dat die middele waarvan die kerk haar bedien, dié van vandag moet wees, anders praat sy slegs met die verlede en slaan nie ag op vandag nie. Die Duitse teoloog Helmut Thielicke vra dus tereg na moderne liedere met 'n eietydse klank. Gereelde Bybelvertalings illustreer hierdie noodwendigheid, en iets soortgelyk behoort op die gebied van die musiek gedoen te kan word.

In die SA musiekpraktyk het aantreklike terme soos *eietyds* / *kontemporêr* egter 'n verskeidenheid gesigte. Die kunsmusiek ken die term letterlik as 'n weerspieëling van onlangse benaderings tot styl en tegniek, en 20ste-eeuse komponiste soos Ralph Vaughan Williams het inderdaad die kerkmusiekskat verryk met vernuwende bydraes wat terselfdertyd voldoen aan die eise vir funksionele kerkmusiek. Nog meer onlangs is die corpus van gebruiksvriendelike "gereformeerde" enkelstrofiese liedere van Taizé. In die populêre gebruik van die term, daarenteen, val die klem eerder op die "andersheid" van musiekpraktyke teenoor ouer tradisies, as op 'n noemenswaardige "nuwigheid". Die verband tussen die meerderheid van sulke items en die resepmatige produkte van die vermaaklikheidsbedryf van die 1970's (en dus juis nie streng "eietyds" nie) is te sterk om mis te kyk. Dat hierdie repertorium, wat op sy beurt 'n afwatering is van geselekteerde ouer "kunsmusiek"-grepe, eerder van die elektroniese tegnologie as van die orrel sal gebruik maak, spreek dan vanself. (Teen eerlike soeke na deurdagte alternatiewe vir die orrel is prinsipieel geen beswaar nie.) Dit wil verder voorkom asof die

kommersiële motief van die vermaaklikheidsmusiek 'n rol speel wat nie te versoen is met die verkondigingsopdrag nie: "Gospel"-kompetisies (!) op televisie aksentueer dienooreenkomstig uitsluitlik die tegniese verdienstes van die voordraer, en 'n musiek-"werkswinkel" van 'n Afrikaanse singende dominee aksentueer die middele waarmee "atmosfeer" met behulp van die musiek in die kerk bewerkstellig kan word. Selfs die mondstuk van die kerk skyn sulke eensydige vertolkings van "vernuwing" te ondersteun.

Kriteria?

Aan die kern van die wydvertakte probleem kan kerkmusikale spanninge dus herlei word tot 'n spanning tussen die estetiese gehalte en styl van die musiek enersyds, en die funksie wat dit veronderstel is om te verrig. Aan die een kant bestaan die wesenlike gevaar van oorbeklemtoning van die estetiese komponent: die Nederlandse teoloog Noordmans waarsku teen die gevaar van die "Bach-gemeente". 'n Onlangse kommentaar stel dit dat "geskenke soos hierdie uit die verlede nie verwar moet word met die taak om 'n huis op te rig wat in die teenwoordige tyd bewoonbaar moet wees nie". Aan die ander kant kan waardeoordele ondergrawe word, en suiwer staatgemaak word op aanvoeling vir die eise van die oomblik: strelend, struktureel eenvormig, cliché-agtig en onoorspronklik.

Vanuit himnologiese perspektief is daar heelwat geskryf oor die mees wesenlike kriteria vir kerkmusiek, wat kortliks saamgevat kan word as die noodsaaklikheid van musiek om sy spreekbuisfunksie en sy estetiese en gemeentematige assosiasiewaarde.

Karl Barth se identifisering (1938) van die geleidelike *sekulariseringsproses* van die kerklied kom neer op die geleidelike toename van subjektiewe en persoonlike geloofsbelewenis i.p.v. die "objektiewe" verkondigingsfunksie. As die lied in sy funksie as tegelyk antwoord en bekentenis van die verkondiging, lofsang of boetedoening moet wees, dan moet dit gemeet kan word in terme van die aard daarvan as spreekbuis, en in sigself as medium vir verdere verkondiging. Deur die verwêreldliking van die lied kom 'n *verabsolutering van die musikale element* op sigself aan die orde, deurdat die bo-individuele of algemene, die verkondigingseienskap van die lied vervang word met wat as populêre musikale sentiment beskou kan word. Die laat 20ste-eeuse mens se gevoelsoriëntering, wat musikaal gevoed word deur bepaalde kommersiële musiekstyle, word hierdeur skynbaar goedsmoeds gelykgestel aan geloofsbelewenis. Die aksent op 'n eensydige interpretasie van "lofprysing" kom neer op 'n verskraling van die evangelie as uitsluitlike oorwinningskrete. Die essensiële *kritiese ingesteldheid van die evangelie* skyn weerspreek te word deur 'n musikale modus operandi wat gekenmerk word deur 'n kritieklose aanvaarding van musikale style en aanbiedingswyses wat uit en uit buite die kerk geleë is. Die indruk van 'n skrome like onkunde in die kerk oor die musiek se dionisiese, benewelende sy is te sterk om te ignoreer.

As 'n mens dieper op die musiekprobleem ingaan, dan blyk die kwessie van *estetiese gehalte* eintlik die een aspek te wees wat die meeste bevraagteken word. In so 'n houding is daar skynbaar ook 'n maatskaplike kommentaar verskuild: die deursnee kerkbywoner het nie altyd toegang tot of belangstelling vir artistieke aangeleenthede nie; sy / haar omgang met abstrakthede is elementêr en pragmaties, en wil nie weet hoe die vurk in die hef steek nie, maar bloot kan aflei dat iets tot 'n alledaagse en bekende verwysingsraamwerk behoort. Funksionaliteit is egter nie 'n plaasvervanger vir die estetiese nie, en omgekeerd. Die geskiedenis toon dat die verlies van die spreekbuisfunksie hand aan hand gegaan het met die verlies van juis die estetiese, die handwerkmatige en artistieke kwaliteit. Die *spaarsamige omgang met musikale middele* in ouer liedere, waardeur die artistieke gehalte van vele liedere gewaarborg is, het juis die aksentuering van die woordbetekenis bevorder, in plaas van dié van byna uitsluitlike musikale plesier. Die gevaar van onbesonne kritieksloosheid ter wille van korttermynvoordele kom neer op 'n poging om 'n soort kunsmatige nulpunt te fabriseer, asof niks voorheen bestaan het nie.

Tesaam met die spreekbuisfunksie en estetiese gehalte as voorwaardes kom 'n gemeentematige benadering neer op 'n voor die hand liggende posisie tussen uiterstes. Die eise waaraan die ideale nuwe eietydse lied moet voldoen sal dan geleë wees tussen 'n kunsgehoorsame musiek (uit gronde van bloot geloofspraktiese relevansie – nie as 'n doel in sigself nie), en die kritiese eksploitering van die moontlikhede wat die nuwe tyd ons bied: 'n soort *verhewe gebruikskuns* dus. In dié proses is die herontginning van die verlede as onontkombare faset van die hede, in kombinasie met 'n verantwoordelike evaluering van stemme uit ons eie tyd (voorlopig nog) 'n haalbare *musica reformanda*. Ten einde te kan beantwoord aan tegelyk eietydse eise en destydse voorwaardes is so 'n standpuntinname waarskynlik die laaste uitweg – hoe ongemaklik ook al.

’n Kwessie van balans

Terug na voor én na die Hervorming

DIE HOMEOSTASE VAN DIE NG KERK IS DIE AFGELOPE DEKADES EKSTERN IN STAND GEHOU. DIE KONTEKS WAS GEREGULEER, EN DAAROM WAS DIT WEL MET DIE NG KERK. DIE STAAT EN KERK WAS OP VOORNAAM-VERHOUDING, WETTE HET IETS WEERSPIEËL VAN ’N SAMELEWING MET UTOPIESE IDEALE EN ’N EENVORMIGHEID IN LEEFSTYL. ANDERS-DENKENDES IS GOU GEËTIKETTEER, EN DILEMMAS IS NA DIE PERIFERIE GENEGEER.

Deur Bertie Haasbroek*

Maar die eksterne konteks wat hierdie homeostase gevoed het, het verbrokkel. Die eksponent van hierdie verbrokkeling en tot vervelens genoemde Val-van-Apartheid is die groot domino (daaroor bestaan daar eenstemmigheid in die psige van beide Afrikaners en Afrikane. Dit was in elk geval nie die eerste domino nie en is beslis ook nie die laaste domino nie. Maar in ’n samelewing wat tans vele herdefiniërings beleef, is ’n enkele sondebok helend vir die psige. En as hierdie sondebok boonop ’n geboortedatum soos 27 April 1994 dra, moet niemand tog hierdie simplisme kompliseer nie).

Interne homeostase is noodsaaklik vir enige individu of organisasie om kalm, koelkop, gebalanseerd te kan leef en te handel, ongeag die eksterne omgewing. Al is die eksterne omgewing aan turbulensie onderworpe, sal die individu of organisasie steeds ’n kalmte ervaar (soos Fil 4:7 dit noem: ’n *vrede wat alle verstand te bowe gaan*). Die NG Kerk se homeostase (soos ook enige individu s´n) moes dus ’n identiteit reflekteer wat NIE van die eksterne konteks afhanklik was nie (dit sou genoeg afstand skep om ’n profetiese rol te kon speel). Maar die NG Kerk se interne homeostase was aan die gerustheid van sy tradisie (o.m. gereformeerdheid), die lojaliteit van sy lidmate en vorige suksesse (soos die armblanke vraagstuk) oorgelaat.

Noudat die NG Kerk net van sy interne homeostase moet leef, is sy geestelike hongersnood ontdek. Die soektog na manna op hierdie woestynreis belig ’n desperaatheid. ’n Desperaatheid wat nie noodwendig deur ’n vertikale dialoog in ’n hartstaal gekenmerk word nie, maar veel eerder deur ’n horisontale debat wat gemik is op die bevrediging/uitmergeling van die rede. Dis die vertikale dialoog (gesprek met God) wat die interne homeostase tot groeiende rypheid bring, waarin vernuwing van denke plaasvind, waarin ons leer om met geestelike oë die koninkryk van God ons harte in te dra. Dis deur die deelname aan (opneem in) die liturgie, deur (meditatiewe) nadenke op die Skrifwoord, in die skool van gebed, dat die lewenstorms (nog nie die konteks nie) tot bedaring gebring word. Daarteenoor vereis die horisontale debat interaksie met die konteks. Vereis ons ’n uitslag, ’n kategorisering van reg of verkeerd, waar of onwaar, Bybels of ketters. Dit is hierdie horisontale debat wat in die openbare oog is. En wat op ’n manier die stand van die kerk se vertikale dialoog kom blootlê het. En wat ons oproep om dwingend te vra wat onder die vel broei.

’n Eksegetiese stryd

Die NG Kerk is in wese in ’n eksegetiese (uitleg) stryd gewikkel. Maar as dit maar net ’n eksegetiese stryd om homeostase was … daar is ook die vraag na sy toegelate ensiklopedie van bronne vir hierdie eksegese.

Die eksegetiese stryd word tans op die markplein (media) gedebatteer (wat wys dat die kerk kopiereg op die Christelike teologie verloor het). Kompromieë oor die eksegese gaan nie bereik word nie, want daar is nie eenstemmigheid oor die toegelate bibliografie nie. Nie dat eenstemmigheid moontlik is nie, maar wel dat groter begrip vir ons verskille eerder in die bronne as in die uitleg te vind is!

Bronbenutting bepaal die uitkoms van die eksegetiese proses. Binne die NG Kerk is daar die voorstaanders van die minimalistiese bronbenutting. Dis die Bybel, die Gereformeerde teologie met sy tradisie en geskiedenis en belydenisskrifte van die afgelope 500 jaar.

Daar is ook die voorstaanders van die maksimalistiese bronbenutting. Naas die Bybel en die Gereformeerde teologie is daar vir hulle die kerkgeskiedenis wat afspeel voor die Reformasie, die onbekende Oosterse kerk (by wie die Reformasie as’t ware verbygegaan het), die konteks van die 21ste eeu en die insigte van die empiriese wetenskap.

Die veilige uitweg is om jou te bepaal by die minimalistiese bronbenutting. Want dis bekend. En dit dra die stempel van tyd. Maar dit het sy dilemmas. “Gereformeerdheid” het die begrip geword waarmee “Wolf! Wolf!” geroep word om teen vreemde vrae en vreemde kontekste as’t ware skuiling te soek totdat die “gevaar” verby is (soos in die 2004-film “The Village”).

Die hart van die Reformasie, nl om voortdurend te reformeer, word ook tot stilstand gedwing en in die

* *Leraar, NG Gemeente Universitas, Bloemfontein, Posbus 31095, FICHARDTPARK, 9317 <bertie3@telkomsa.net>*

proses neem die gesprek oor gereformeerdheid al hoe meer die voorkoms aan van iets wat histories afgehandel is en waarvan die resultaat reeds gekanoniseer is. Om dus nou gereformeerd te wees, is om klakkeloos die resultaat van eeue gelede te resepteer.

Om gekanoniseerd oor Gereformeerd-wees te praat, suggereer ’n foutlose teologie aan ons kant, en ’n verketterde teologie by dié in ’n ander tradisie. Asof Gereformeerdes nie iets te leer het by ander tradisies nie (of asof Gereformeerdes nie iets te bied het aan ander tradisies nie)! Nogal aanmatigend in ’n wêreld waarin net 33% van die mense hulself as Christene sien. En uit daardie totaal van Christene vind slegs 30% hulself binne die Protestantisme tuis.

Empiriese wetenskap bedreiging?

Die resultaat van die empiriese wetenskap word soms deur minimalistiese bronbenutters as bedreigend ervaar. Asof God deur die wetenskaplikes uitoorlê kan word, asof ons as enigste of laaste advokate in die lewenshof God moet verdedig. Nie alle kennis was in die eerste eeu van die kerk, of tydens die Reformasie, beskikbaar nie. Net soos wat alle kennis ook nie vandag beskikbaar is nie. Trouens, dié wat hulle met toekomsprojeksies besig hou, bereken dat, gemeet aan ontwikkelinge oor die afgelope eeue, die tempo van veranderinge wat ons in die volgende 100 jaar gaan beleef, gelyk staan aan ongeveer 20 000 jaar se ontwikkeling! ’n Toespitsing op horisontale debat op die vlak van die rede, in plaas van die kerk as fasiliteerder vir die vertikale dialoog tussen God en mens, kan die kerk laat lyk soos die eksentrieke ridder Don Quichot se geveg teen die windmeulens (Die kerk se reaksie op Dan Brown se boek dien as sprekende voorbeeld. Sommige kerklike reaksies het hierdie fiksie as waarheid gehanteer. Dalk is dit die rede waarom die kerk die waarheid soms soos fiksie hanteer).

Die lidmate van die kerk leef daagliks in ’n ekumeniese wêreld waarin globalisering nie net tot produkverhandeling beperk is nie, maar juis ook tot idee-kruisbestuiwing lei. Die kerk sal die wêreld van idees moet ken en verstaan as ons ’n sinryke en verskilmakende rol wil speel in die lewe van lidmate (en nie-lidmate). Wanneer ons ons verwysingsraamwerk willens en wetens beperk, maak ons van ons geloof ’n subkultuur binne die Christendom, in plaas van ’n lewende organisme wat in mense se lewens deursuur.

Ja, natuurlik is die maksimale bronbenutting net so problematies. Dit kan tot so ’n akkommoderende styl lei dat die NG Kerk se identiteit aan sy identiteitsloosheid geken kan word. Of dat grondmetafore van die Christelike geloof en van ons Reformatoriese eienskappe bloot ’n historiese inskrywing êrens in ’n verlore leêr van die argief is.

Die NG Kerk is op soek na interne homeostase. Iets wat nooit prysgegee moes gewees het nie. Want die kerk se inherente vrede moes die wêreld aangesteek het. Nou het die onvrede van die wêreld ook die kerk s´n geword.

Hierdie homeostase kan terugkeer wanneer die NG Kerk weer die fokus kan plaas op vertikale dialoog en nie op ’n oorbeklemtoonde horisontale debat wat die rede alleen moet bevredig nie.

Die NG Kerk sal sy eksegetiese uitdagings met ’n maksimale bronbenutting moet benader. Dit sluit in die ontdekking van tradisies ouer as ons Gereformeerdheid, groter as die Protestantisme, met respek vir die resulate van die empirisiese wetenskap, en intens bewus van ons 21ste-eeuse uitdagings waarvoor daar nog geen ekwivalent in die geskiedenis van die mensdom was nie.

Die gesagvolle versoek, politieke mandaat van die Christelike geloof

In gesprek met Eberhard Jüngel

Deur Murray Hofmeyr*

Murray Hofmeyr: Professor Jüngel, in die teologiese wêreld bestaan daar redelike eenstemmigheid daaroor dat u teologie besonder moeilik is om te verstaan. Iemand praat van "the mystery of Eberhard Jüngel", en Berkhof skryf in 'n resensie van *Gott als Geheimnis der Welt* dat hy selde of ooit soveel moeite met 'n boek in sy vakgebied gehad het. Is dit nodig om so ingewikkeld te teologiseer?
Eberhard Jüngel: Om die eenvoudige te dink, is altyd moeilik. Was Paulus 'n eenvoudige denker? Waaragtig nie. Nou moet 'n mens natuurlik geen kunsmatigeß kompleksiteite skep nie. En ek probeer altyd, so goed ek kan, om die elementêre in die middelpunt te ruk. Die elementêre en die eenvoudige moet ook gedink en begryp word, en dit is moeilik en ingewikkeld. Toekomstige predikante moet dit leer, anders gaan hulle later op die kansel gekompliseerd wees, en dit is veel erger. En jy kàn op die kansel eenvoudig wees as jy tevore baie kompleks nagedink het. Dis soos 'n poppespel. Net as 'n mens met die grootste kuns die toutjies trek, maak die marionette baie eenvoudige bewegings. So moet dit ook in die wetenskap wees met betrekking tot die verkondiging.

MH: Hoe sien u dan u taak as teoloog?
EJ: Heel eenvoudig geformuleer: om die waarheid van die Evangelie so te reflekteer dat dit vir ons tyd gesê kan word. Om die waarheid van die Evangelie so saaklik te deurdink dat dit weer vir ons tyd en in ons taal vandag gesê kan word: teologie beteken om na die waarheid van die Evangelie te vra, nie ortodoks nie, ook nie onortodoks nie, maar so dat dit vir ons tyd gesê kan word.

MH: U waag dit om te praat van die dood van God. U sê self dis 'n "donker woord". Kan u dit dalk 'n bietjie verhelder?
EJ: Die uitdrukking "dood van God" het 'n gewoonte-uitdrukking geword in die ateïsmepolemiek teen die godsdiens en veral teen die Christendom. Daar is vergeet dat die uitdrukking oorspronklik uit die Christelike dogma self stam. Dit was Tertullianus wat gesê het: *Deum mortuum esse*. God self het gesterf. Dit was die teopaschitiese leer van die Griekse kerk wat verklaar het dat in die vlees van Jesus God self gely en gesterf het. En in die Reformasie was dit veral Luther wat dit teen Zwingli sterk beklemtoon het dat toe die mens Jesus sterf – vanweë die eenheid van God met hierdie mens, vanweë God se tot-die-wêreld-kom, vanweë die menswording van God – 'n mens van God moet sê: hy het gesterf. Baie min predikante en teoloë weet dat hieraan vasgehou word in die Lutherse belydenisskrifte. In die Konkordienformule is 'n aanhaling van Luther opgeneem waarin hierdie aanname staan dat 'n mens moet sê: dit is reg gesê, God self het gesterf. Dit staan ook in 'n lydingskoraal: "o Große Not, Gott selbst liegt tot, am Kreuz hat er gestorben!" (O grote nood, God self lê dood, aan die kruis het hy gesterf). Hegel haal hierdie sin aan. Hegel wat in Tübingen 'n uitmuntende teologiese opleiding geniet het, het geweet dat die verwysing na God se dood van Lutherse oorsprong is. Reeds Nietzsche het dit nie meer geweet nie en dit was hy wat hierdie uitdrukking in die moderne ateïsme ingedra het. Ek glo dat dit tot die taak van die teologie behoort om daarmee erns te maak dat die kruis van Jesus ook vir God self 'n negering beteken, 'n selfbeperking. In die kruis van Jesus het God homself ingeperk soos hy in sy skepping homself ook reeds beperk het. Dit het die Joodse mistiek altyd geweet. Daarin kom die eienaardige leer van die selfbeperking en deemoed van God voor. Dit bestaan daarin dat hy benewens homself 'n andere laat wees, naamlik die wêreld, sy skepping. 'n Mens sou dus hierdie merkwaardige mistieke leer van die Joodse Kabbala parallel kon plaas met die Christelike en veel intensiewer tese dat in die kruis van Jesus God ons dood gedeel het; dat die oorsprong van die lewe ons dood gedeel het, en dat die kruis en die dood van Jesus daarom 'n geveg op lewe en dood was. Ook dit is in 'n koraal baie eenvoudig en baie diep

* *Hierdie onderhoud is uittreksels uit 'n gesprek wat Murray Hofmeyr, predikant in die VGK Tshilidzini ("Plek van Genade") en dosent aan die departement filosofie en godsdienskunde, Universiteit van Venda, 'n maand na die Duitse teoloog, Eberhard Jüngel, se vyftigste verjaardag aan die begin van 1985 met hom gevoer het. Dit word nou hier vir die eerste maal gepubliseer en* Die Vrye Afrikaan *spreek sy dank daarvoor teenoor Hofmeyr uit.*

verwoord – ’n Paaskoraal van Luther: “Es war ein wunderlicher Krieg, da Tot und Leben rungen, das Leben behielt den Sieg, es hat den Tot verschlungen. Die Schrift hat verkündet das, wie ein Tod den andern fraß.” (Dit was ’n wonderlike oorlog, toe dood en lewe veg. Die lewe behaal die oorwinning, dit het die dood verslind. Die Skrif het dit verkondig, hoe een dood die ander vreet.) By Luther, terloops, is dit motiewe wat uit die ou Griekse kerk oorgeneem is. By Athanasius kry ons soortgelyke uitsprake. Ja, dit is tekste wat my na aan die hart lê en waaroor ek graag nadink.

MH: Wanneer u praat oor die dood van God, is dit op ’n ander manier as die sogenaamde “God-is-dood-teologie”. Sou ’n mens kon sê dat hierdie teologie nog in die ou metafisiese tradisie staan wat net tot nihilisme kan voer, en dat wanneer u oor die dood van God praat, dit juis op so ’n wyse geskied dat die metafisika oorwin of deurbreek word?
EJ: Ja, u vraag is op die sentrum van die probleem gerig. Die Christelike teologie het altyd waar dit erns gemaak het met die woord van die kruis, ’n anti-metafisiese stelling ingeneem. Die metafisika as sisteem is verby. Dit is deur die ontwikkelinge van die Moderne ingehaal. Daarom het ook die nieteologiese dissiplines, die filosofie, die taak om die metafisika krities te oorwin. Wat die teologie betref, is dit belangrik om te weet dat dit nie eers in die Moderne metafisika krities geword het nie. Nog altyd waar met die woord van die kruis erns gemaak is, is tot ’n uitgesproke kritiese posisie teenoor die metafisika gekom. Een hoogtepunt in hierdie ontwikkeling was Luther. In een van die vroeë Disputasies van Luther staan daar, ’n bietjie skerp geformuleer, dink ek, maar tipies: “´n Mens kan nie ’n goeie teoloog wees as jy by Aristoteles sweer nie.” Dit het Luther nie uit vyandskap teen Aristoteles gesê nie – Luther het self ’n tyd lank oor Aristoteles gedoseer – hy het dit gesê omdat hy verstaan het dat die woord van die kruis beteken dat God self gely het, terwyl die metafisiese Godsbegrip dit nie toelaat nie. Volgens Aristoteles en reeds volgens Plato moet God weliswaar liefgehê word, maar self kan hy nie liefhê nie. Sou God liefhê, sou hy sy Godheid verloor, sê Plato in die *Symposium*, en Aristoteles sê dit op sy manier. Die metafisika leef van hierdie godsbegrip. Dit het daarin sy aksioom. Uit hierdie Godsbegrip word alle ander begrippe verstaan. So ook by Spinoza, miskien die laaste verteenwoordiger van die klassieke metafisika, wat sy Etiek met ’n definisie van God begin. Alles word daarvan afgelei. Daarom is Spinoza ook so allergies vir alle teologiese theologoumena. Die woord van die inkarnasie het Spinoza nooit verstaan nie en hy beweer toe dat ’n mens dit ook nie kan verstaan nie.

MH: U het al gepraat van die voorrang van werklikheid bo moontlikheid by Aristoteles. Wat beteken dit?
EJ: Aristoteles het gedink alles wil werklikheid word; die saadkorreltjie wil die werklike boom word en eers as dit ’n werklike boom is, het dit sy doel, sy *telos*, gevind. Solank dit nog saadkorrel is, is die boom slegs moontlik en daarom streef alles na verwerkliking. Die parool van hierdie tese is eintlik die moderne begrip van die selfverwerkliking. Alles wil sigself verwerklik. Ons hoef net te kyk na wat dit in antropologiese verband beteken, om te besef hoe gevaarlik dit is. Selfverwerkliking beteken dan dat ’n mens ten koste van die moontlikhede van ander jou eie moontlikhede wil verwerklik. Wat dan nog moontlik is, raak as’t ware in die vergetelheid, word onbelangrik, terwyl ’n lewe wat die moontlikhede wat nog altyd bly bestaan in ag neem, en dit daardeur laat beïnvloed, ’n ander werklikheid na vore bring. As ’n mens die moontlikheid hoër ag as die werklikheid, of minstens net so hoog, sien die werklikheid daar anders uit. As ek nou weet dat ek terwyl ek hier met u gesels nie na ’n speurfilm op televisie kyk nie, maar dit was altyd ook ’n moontlikheid – dit is ’n vir nou bewus uitgeslote moontlikheid, maar tog ’n moontlikheid van hierdie oomblik – dan kry die ander moontlikheid wat ek gekies het en nou verwerklik deurdat ek met u gesels ’n heeltemal ander betekenis. Dit is: ek begryp dan dat ’n werklike lewe altyd bepaal word deur ’n hele ry van moontlikhede - wat egter as nie-verwerklik vir my werklikheid net so werklik is as ’n verwerklikde moontlikheid. Daarom is dit so belangrik dat die Nuwe Testament die Evangelie as ’n *dunamis* van God verstaan; dit beteken ’n krag wat tegelykertyd ’n moontlikheid is, is medebepalend vir my huidige werklikheid. As dit nou my werklikheid werklik bepaal, dan op so ’n manier dat dit die nou bestaande werklikheid onderbreek. Die vreemde moontlikheid van God pas nooit by ons werklikhede nie; dit moet hulle onderbreek. Dan word ek te midde van my huidige werklikheid aan ’n ander moontlikheid herinner. Dan merk ek daar is nog iets anders moontlik. Vir elkeen wat glo, is alles moontlik, naamlik dit wat God wil. Uit sulke Bybelse insigte en ook uit ’n paar filosofiese gedagtes het ek tot die slotsom gekom dat ons moderne wêreld daaronder ly dat dit roekeloos net die werklike laat geld en die moontlike minag.

MH: Die kategorieë geheimenis, vryheid, geskiedenis en ander in u teologie moet dan verstaan word teen die agtergrond van die primaat van die moontlikheid bo die werklikheid?
EJ: Heeltemal reg. Kom ons begin met die laaste begrip: geskiedenis self leef van die moontlikheid. Bismarck, die groot politikus, vandag nie meer so na waarde geskat nie, maar Pruisiese politikus van formaat, het gesê politiek is die kuns van die moontlike. ’n Mens moet binne die raamwerk van die geskiedenis met die moontlike reken, nie met die onmoontlike nie, nee, maar met die moontlike, nie net met die werklike nie. Die moontlike en die werklike hang wel nou met mekaar saam, maar daar is altyd meer as wat werklik is. Wat môre moontlik is, is dit vandag nog nie, en die politici moet probeer om dit van mekaar te onderskei. Geskiedenis, dus – omdat dit van gebeurtenisse leef, en nie ’n blok van aanmekaargerygde feite is nie, maar ’n ketting van gebeurtenisse is wat sus of só sou kon wees, nou egter só geword het, en net so – is in sy grond die egte veld van die moontlike. Die geskiedenis leef van die “vermoontliking” van die syn, en wat moontlik is en

wat nie, word nie net aan die hand van die werklikheid besluit nie. Dit, in die eerste plek. Tweedens, die begrip vryheid: om vry te wees beteken tog om iets te kan doen, kragtens die moontlikheid. 'n Lewe waarin die moontlikheid ten volle identies is met die werklikheid is nie vry nie. Dit is 'n in-sigself-gevange lewe. Die sondaar is so 'n mens, 'n in-sy-werklikheid-gevange mens wat geen moontlikhede meer het nie, wat net nog volgens die wet waarby hy hom ingelaat het sy werklikheid tot 'n einde moet voer, homself moet verwerklik. Dit noem die Bybel sonde. Jesus sê op 'n keer (ek haal vry aan): wie sy lewe wil verwerklik sal dit verloor. Hy sal dit "verwirken" (woordspel: vervals en ontbeer), terwyl die vrye mens die een is vir wie meer moontlik is as wat nou moontlik is. En nou speel die derde kategorie reeds daarop in: geheimenis. Meer moontlik as nou werklik. Dit geld eers op 'n heeltemal natuurlike wyse soos ons aan die hand van die voorbeeld van die speurfilm, waarna ons ook nou sou kon kyk, gesien het. Dit is die taak van die filosofie om dit te verstaan. In die teologie kom iets anders daarby, naamlik dat 'n vreemde moontlikheid tot die natuurlike moontlikhede van ons werklikheid toetree, 'n *potentia aliena*, 'n ander moontlikheid, en dit is die Evangelie. Dit is die God wat tot die wêreld kom. God is geen natuurlike moontlikheid van die wêreld nie. Die wêreld as sodanig, die werklikheid van die wêreld en al sy natuurlike moontlikhede, het God nie in die oog nie, dit laat God nie na vore tree nie. Ofskoon die wêreld God se skepping is, kom God uit geen kreatuur as sodanig as moontlikheid na vore nie. God kom tot die wêreld, en daarin dat hy tot die wêreld kom, kom 'n nuwe moontlikheid, 'n vreemde, ander moontlikheid, tot die wêreld. Dis 'n moontlikheid wat niemand van ons kan voortbring nie; geen sondaar kan uit homself uit sê "my sondes is my vergewe" nie. Daarvoor is 'n nuwe moontlikheid nodig, en hierdie moontlikheid is die Woord van God, die Evangelie, wat op sy beurt niks anders is as die belofte van die nuwe werklikheid wat daarin bestaan dat God tot die wêreld gekom het nie. Maar hierdie nuwe werklikheid, dit dat die werklikheid van God tot ons werklikheid toetree, daarin ingaan, stel nuwe moontlikhede vry, vreemde moontlikhede, Evangeliese moontlikhede, en dit is die Christelike vryheid wat nog iets anders is as die vryheid waaoor ons vroeër gepraat het, wat daarin bestaan dat meer moontlik is as wat nou werklik is. Christelike vryheid sê dat God dit vir my moontlik maak wat uit myself nooit moontlik is nie, naamlik om 'n geregverdigde mens te wees, 'n heilige, iemand wat uit die wêreld van die leuen na die wêreld van die waarheid oorgeplaas word. Dit het konsekwensies tot in die politieke besluitneming.

MH: Wil u dalk hierdie konsekwensies uitspel?
EJ: Ja, dit kan 'n mens. Jy moet hier behoedsaam wees om nie 'n kwak te word nie. Ook as teoloog kan jy in politieke dinge gou 'n kwak word. Dis sleg vir die teologie èn vir die politiek. Maar 'n mens moet nie daarvoor terugwyk om in alle behoedsaamheid ook hierdie politieke konsekwensies te formuleer nie. Ek wil nogmaals by die uitgangspunt begin: wat binne ons wêreldlike werklikheid totaal onmoontlik is, geen moontlikheid is nie, is die opstanding van 'n dooie. Dat Jesus van Nasaret uit die dode opgewek is, is 'n vreemde moontlikheid. En juis dit is die oerdatum van die Christelike geloof. Dit is die elementêre onderbreking van die wêreldorde en daarmee kom die politieke dimensie van die Christendom in sig. Want dit moet die beginsels en magte wat die werklikheid van die wêreld beheers, die *archeontos*, ten diepste irriteer. Dit moet hulle weerstand wek. Die magte van hierdie wêreld is daaraan georiënteerd om hierdie wêreld in orde te hou en nie te laat onderbreek nie. Die heerskappy wat van die wêreld self uitgaan, wat die wêreld bymekaar hou, sal weerstand bied daarteen om van buite af aan 'n ander moontlikheid onderwerp te word. Daarin egter dat hierdie ander moontlikheidsveld tot gebeurtenis word met die opwekking van Jesus uit die dood, en as die Christelike geloof dit bely, tree 'n antagonisme in tussen die Christelike geloof en alle politieke werklikheid. Uit hierdie antagonisme ontstaan 'n alternatief: die een opsie is dat 'n mens moet sê dat die Christelike geloof daarom altyd en oral slegs in opposisie teen die politieke werklikheid kan bestaan. Ek beskou dit as 'n fanatiese misverstand. Die waarheidsmoment daarin is dat die Christelike geloof nooit aangepas sal kan word aan die politieke werklikheid nie - in elk geval, dit nooit sal laat aanpas nie, dit nooit sal laat gelykstel nie. Paulus waarsku ook daarteen in Romeine 12:1. Maar die Christelike geloof kan vanuit hierdie vreemde moontlikheid nou tog 'n uitdaging of verwagting ("Zumutung") formuleer aan die werklikheid – hoe dit behoort te wees. Daar kan regte, menseregte, vandaar kom en geldig gemaak word, en aanklagte, en dit kan hierdie verwagtinge – in demokrasieë minstens – vir die wetgewer as verwagting verstaanbaar maak. In diktature kan die Christelike geloof, in die konkrete omstandigehde daar, die heersers versoek, om Christus wil versoek ("bitten"). Die gesagvolle versoek is die eintlike politieke mandaat van die Christelike geloof, en dit mag nie geringgeskat word nie. Paulus sê "so smeek ons nou in Christus se plek". Hierdie smeking in Christus se plek vra vir geregtigheid, vir vrede, dit vra vir alles wat vanuit die opstanding van Jesus aan menseregte formuleerbaar word. So probeer dit om aan die geloof politieke relevansie te gee. Laat niemand sê dis iets sentimenteels en onskadelik nie, iets onbelangriks nie. Ek weet uit eie ervaring watter enorme politieke uitwerking die deurdringende smeking van die kerk kan hê. Dit hoef nie noodwendig daarin te bestaan dat die versoek toegestaan word nie; dit kan daarin bestaan dat dit die maghebber ten diepste irriteer, tot besinning bring. Dit is 'n egte Christelike vorm daarvan om die politieke dimensie van die geloof te laat geld. Wil 'n mens nou daarteenoor sê die Christelike geloof self moet wette maak, self wetgewend moet optree, loop dit uit op 'n teokrasie. En of hierdie teokrasie nou konserwatief is of Marxisties, vir my is dit dieselfde: albei is maar van die duiwel. Ek wil nòg in die een, nòg in die ander lewe. Dit behoort tot die klassieke metafisika. Die teokrasie is die politieke werklikheidsvorm wat aan die klassieke metafisika analoog is, en dit het met die klassieke metafisika gesterf. Die Christelike geloof het sigself

weliswaar, wat politieke dinge betref, vir ’n lang tyd met hierdie klassieke metafisika in die huwelik begewe. Maar die Reformasie het daarop inbreuk gemaak. Die Twee-Ryke-leer van Luther – dikwels sleggesê omdat dit dikwels misverstaan is, en ook dikwels erg misbruik, tans in die Marxistiese wêreld dikwels totaal misbruik word – hierdie Twee-Ryke-leer het, waar dit reg verstaan is, tog daartoe gevoer dat begryp is dat die geloof nie self politieke wetgewer kan wees nie, maar net eise aan die wetgewer kan formuleer. En dit moet die geloof doen as dit dink vanuit die opstanding van Jesus, vanuit die nuwe moontlikheid wat nie ons moontlikheid is nie, maar wat teenoor ons werklikheid eisbare dinge formuleer. In die demokrasie het die geloof daarvoor veel meer institusionele bemiddelingsmoontlikhede; in ’n diktatuur minder, maar dan is die kerk dikwels die enigste wat daar nog mag smeek, as die ander die mond gesnoer is. Daarom behoort ’n mens ook in diktature en in diktatuuragtige sfere – ons lewe vandag in die grou wêreld van die oorgange, in die Ooste en in die Weste – nie die politieke mag van die smeking van die geloof geringskat nie.

MH: Die manier waarop u die liefdesbegrip definieer vind ek fassinerend. Sou ’n mens dit vir die sosiale etiek kon vrugbaar maak?

EJ: Teologies gesien is dit twee merkwaardig ongelykes. Aan die een kant is daar God en aan die ander kant die mensheid. God het nie net een mens liefgehad nie, maar in hierdie een geliefde Seun het hy die ganse mensheid liefgehad, soos Johannes sê. Waar dit ervaar word, waar dit deur enkele mense ervaar word, dat ek tot diegene behoort wat deur God liefgehê word, sal ek vanselfsprekend ook alle ander as adressate van hierdie liefde verstaan. Daarom het my leermeester Ernst Fuchs dit op ’n keer baie mooi geformuleer, in ’n beslis-de afgrensing van die gebruiklike terminologie van die teoloê: God is nie ’n *deus pro me* nie, maar ’n *deus pro te* – vir jou. As ek so formuleer is ek eerstens reeds ingesluit, want dis ek wat sê hy is ’n God vir jou. Maar ek is nie alleen die adressaat van die goddelike liefde nie, want die ander is reeds saamgedink. Ek sou dit so wou presiseer, en dis heeltemal binne die bedoeling van Ernst Fuchs: God is ’n God vir julle. So bly dit nie net in die individualistiese vorm nie, maar die pluraliteit van die ander word ook tematies gemaak. So het Fuchs dit ook bedoel. As God dus die mensheid liefhet deur Jesus van Nasaret as sy geliefde Seun te kies, en ek myself as adressaat van hierdie goddelike liefde ervaar, en daarmee as iemand ervaar wat hierdie liefde nie net vir homself mag reklameer nie, maar dadelik ook moet verstaan as tot die ganse mensheid gerig, dan het die Goddelike liefde inderdaad ’n sosiale dimensie. Dan moet hierdie sosiale dimensie ook konkreet uitgewerk word en as ’n aanbod - ek sou eerder aanbod wou sê as eis - geformuleer word aan ons wêreld wat sy geliefd-wees altyd vergeet. Die probleem van die wêreld is nie dat dit nie liefgehê is nie, maar dat dit sy geliefd-wees vergeet. Dit word liefgehê, en miskien sou die wêreld baie anders gelyk het as hy dit besef en verwerklik het. Miskien sou die Bondsrepubliek van Duitsland, miskien sou Suid-Afrika baie anders gelyk het as hulle besef het dat hulle deur God liefgehê word. Dan kan ’n mens nie hier swart wees en daar wit nie; dit is dan onmoontlik. En dit het Paulus reeds treffend gesê: in Christus is nie man of vrou, heer of kneg, Jood of Griek, swart of wit nie. Dit is daarom eintlik ’n bietjie beklemmend dat dit vandag nogmaals in politieke konteks anders vergestalt word – onder christene beklemmend. Onder heidene sou ek dit kon verstaan.

Wie's die politikus en wie die rockster?

Die spektakel van Live8 en die G8

HOE MOET 'N VERSTANDIGE MENS OP DIE LIVE8/G8-EXTRAVAGANZA REAGEER? DIT GAAN OORDRYWING TE BOWE. DIT VER-MORSEL SKEPTISISME. DIE GELD WAT ROL, DIE MASSAS WAT STROOM, DIE KWEEKHUISGASSE WAT UITBORREL, DIE OORDAAD VAN PUBLISITEIT, IS HEELTEMAL BUITENSPORIG. LIVE8 MAAK OP POLITIEKE STATUS AANSPRAAK, MAAR SY POLITIEK IS TOTALITÊR EN GEBRUIK 'N BEROEMDE PERSOON OM 'N SKARE TE MOBILISEER. SKARES NEEM 'N BELANGRIKE PLEK IN DIE POLITIEK IS, MAAR DIT IS KORTSTONDIG. G'N WONDER TONY BLAIR LOOP IN DIE BONDEL NIE. HY SPEEL DIE POUS INNOCENTIUS TEENOOR BOB GELDOF SE FRANCISKUS VAN ASSISI. HY KOÖPTEER HOM IN 'N MAGSPOSISIE.

Deur Simon Jenkins[*]

Bob Geldof is vir die politiek wat McDonalds vir kitskos is. Hy is doodgewoon goed daarmee. Hoe kan 'n mens niks doen nie, bulder hy, as jy lewend op TV sien hoe mense sterf? Versadig jou aan Bono en Pink Floyd en jy sal soveel beter voel. Net so het studente in die Sestigerjare hulle maagdelikheid aan Oxfam geskenk. En net so het John Lennon en Yoko Ono in 1969 die pers na die Amsterdam Hilton laat kom en 'n week lange "bedbetoging-vir-vrede" gehou. Kritici is daarvan beskuldig dat hulle ten gunste van oorlog is. Nou is hulle ten gunste van dooie babas. Niks verander nie.

Live8 is duidelik 'n eggo van Live Aid, Geldof se fondsinsamelingskouspel in 1985 ten bate van die lydendes in die Ethiopiese hongersnood. Live Aid was 'n spontane reaksie op wat televisie as 'n krisis voorgehou het. Die uitkoms daarvan het heftige bespreking uitgelok, soos pas weer deur David Rieff in Julie se uitgawe van die tydskrif *Prospect*. Deur Mengistu se Ethiopië met geld, voedsel en vragmotors te oorlaai, is 'n wrede regime se posisie versterk en is een van die wreedaardigste gedwonge migrasies in die geskiedenis aangehelp. Ethiopië het destyds nie 'n tekort aan voedsel gehad nie. Hy was in die greep van 'n oorlog waarin hulpverlening 'n pion was.

Live8 erken blykbaar hierdie kritiek. Die £20 miljoen wat hy wil insamel, sal nie vir armoede gaan nie, maar vir homself. Nie 'n pennie sal aan Afrika gaan nie. Wat inderdaad 'n fondsinsamelingsgeleentheid was wat minstens 'n vliegtuigvrag teenvigsmiddels kon gekoop het, het 'n tentoonstelling van hoëtegnologie-mediakoördinering en 'n fees vir of van beroemdes geword. Geldof het geld laat vaar. Hy het Lennon se "All you need is love" verander tot "All you need is awareness".

As ek dit hoegenaamd ernstig moet opneem, moet dit as politiek wees. Dit was veronderstel om gemik te wees op Tony Blair se G8-skouspel by Gleneagles, maar die G8 is nie 'n besluitnemingsliggaam nie. Dit het geen internasionale legitimiteit nie en het in 1975 bloot as 'n "gesprek" tussen ryk lande tot stand gekom. Daar is geen konstitusie nie en geen uitvoerende gesag nie. Selfs reuse soos China en Indië kan slegs op uitnodiging as gaste kom. Die Verenigde Nasies – nie die G8 nie – is die regte forum vir kollektiewe optrede teen wêreldwye armoede.

Linksgesinde agitprop

Om die G8 in die visier te plaas, is in werklikheid 'n oorblyfsel van linksgesinde agitprop uit die 1980's, waarvolgens al die euwels van die wêreld die gevolg is van kapitalisme en koloniale eksploitasie. Die oplossing wat voorgehou is, was om die Weste se surplusspaargeld en produkte in Afrika in te pomp, en dan te begin kerm as die vasteland – voorspelbaar – korrup word. 'n Ruwe beraming is dat daar oor die afgelope 40 jaar ongeveer $500 miljard in Afrika ingepomp is. Feitlik alle waarnemers meen dat dit bygedra het tot politieke onstabiliteit en 'n negatiewe groeikoers. As nie-inmenging nou op die voordeel van die twyfel aanspraak kan maak, is dit gewis in Afrika.

Geldof stem nie saam nie. Hy is 'n invloedryke outydse intervensionis; altans, dit is wat sy uitsprake te kenne gee. Hy maak op legitimiteit aanspraak nie op grond van 'n demokratiese mandaat nie, maar op grond van die twyfelagtige stemreg van bywoners van rockkonserte. Sedert Live Aid het hy uitgeslape geword. Hy maak sy gehore wys dat hulle nie geld hoef te gee of te dink nie. Hulle kan beter voel deur 'n mantra te dreunsing soos monnike. Bewustheid is selfomskrywend. Dit aanvaar geen verantwoorde-

[*] *Joernalis. Hierdie artikel het oorspronklik verskyn in die Londense* Sunday Times *van 1 Julie 2005, by wie die kopiereg berus.* Die Vrye Afrikaan *bedank Jenkins vir sy goedgunstige toestemming om dit in Afrikaanse vertaling te plaas.*

likheid vir politieke uitkomste nie. Die blaam word verskuif na verkose politici, wat afgeslag kan word as hulle die massa ongehoorsaam is.

Onder al hierdie manewales lê twee sterk teenoorgestelde argumente begrawe. Live8 se eis is skynbaar dat regerings die mantel van wêreldwelsyn om hulle moet hang. Vrywillige skenkings aan liefdadigheid behoort verpligtend te word. Die humanitêre drang behoort genasionaliseer te word. Voorts maak uitkomste nie saak nie. Volgens die *International Herald Tribune* voer Geldof aan dat iets gedoen moet word, "selfs al werk dit nie". Om iets te doen wat dalk nutteloos is, selfs al is dit skadelik, is moreel beter as om niks te doen nie.

Volgens hierdie argument maak dit nie saak as die Weste geld aan maghebbers gee nie. Dit is maar jammer as dit markte verwring, geldeenhede infleer en aansporings verminder. En jammer as hulpverlening, soos 'n IMF-verslag gedurende die laaste week van Junie te kenne gegee het, in die grootste deel van Afrika nie tot groter groei lei nie en moontlik die teendeel tot gevolg het. In Ethiopië het Geldof skynbaar saamgestem. Hulpverlening moet op die een of ander manier afsypel van die maghebbers na die armes. Dit sal dalk die diktator se kok se vrou se familie in die bos help. Vandaar die deurlopende eis dat "hulpverlening verdubbel" word. Dit is soos die Pentagon se strategie in die bombardering van Irak: die een of ander tyd moet dit 'n teiken tref.

"Slim" hulpverlening

Die tweede argument reageer op hierdie implisiete kritiek deur te eis dat hulpverlening "slim" moet wees. Dit moet onderworpe gemaak word daaraan dat lande politieke en ekonomiese hervorming aanpak, soos George Bush dit sien. Hulp moet slegs verleen word aan dié wat laat blyk dat hulle hulself wil help. Afrika moet 'n vasteland wees wat "op werkwelsyn" is. Korrupsie moet op geen manier gesubsidieer word nie. Hulpverlening is 'n instrument van die wêreldwye demokratiese kruistog.

So het ek onlangs een spreker daarop hoor aandring dat skuldverligting – hulpverlening onder 'n ander naam – moet afhang van gemoniteerde verkiesings, teenkorrupsiehowe, "groen" oudits en omgewingsbeheermaatreëls. Dit alles sal vermoedelik die herlewing van Afrika se ou heersersklas, die werklose nakomelinge van die Europese bourgeoisie, nodig hê. Die Lugard-tradisie van Brittanje se indirekte imperialisme keer terug onder die dekmantel van die uitgeweke NRO in 'n wit viertrekvoertuig.

Ek stem nie met een van die twee argumente saam nie. Tog sal my reaksie te midde van al die rumoer waarskynlik nie gehoor word nie. As $500 miljard Afrika meer kwaad as goed gedoen het, hoe kan die verdubbeling daarvan dan hoegenaamd meer goed as kwaad doen? Ons weet dat hulpverlening afhanklikheid meebring. Die idee dat ons slegs aan die regerings hulp verleen wie se beleide ons goedkeur, is die gevolg van die nasionalisering van liefdadigheid. Dit ontken die humanitêre imperatief, wat uiteraard *ad hoc* en persoonlik is. Om slegs dié te help wat hulself help, is in elk geval 'n *contradictio in terminis*. 'n Kind wat "op televisie" sterf, is dalk baie ontstellend, maar kinders oor die wêreld heen sterf ook sonder dat hulle "op televisie" is. Westerse gemoedsrus is seker 'n prysenswaardige beleidsdoelwit, maar dit kan nie 'n nuwe era van imperialisme in Afrika regverdig nie.

Ek kan Geldof al weer hoor bulder: "En wat sou jy dan doen? Hulle net laat bleddie doodgaan?" My antwoord is dat ek minstens die probleem sal probeer aanpak. Skuldverligting is net 'n halwe seën vir arm lande, want dit belemmer hulle toegang tot nuwe investering. Ek sou baie daarvan opskort, aangesien die toestaan van hulpverlening net so korrup was as die ontvang daarvan. Skuldverligting het egter voortgegaan sonder dat kragwoorde of 'n swaar trom-en-bas-lyn nodig is. Opskorting moet dan nie 'n agterdeur oopmaak vir politieke inmenging nie.

Ek het geen beswaar teen private liefdadigheid by die punt waar dit nodig is nie. Live Aid was 'n eerlike, maar enigsins polities naïewe reaksie op 'n ramp. Live8 is 'n gebaar. Geldof se kop het op loop gegaan deur politieke toegang. Hy doen geen oproep om noodleniging in Darfoer in die Soedan nie. Hy het nie eens 'n kitswenner soos vigs as doelwit gekies nie. Gedurende die volgende drie jaar sal ongeveer £15 miljard vir antiretrovirale middels in Afrika nodig wees. Wanneer Geldof op televisie na Blair vry, sal hy ook noem dat hierdie enorme bedrag presies is wat Blair beoog om te bestee aan een enkele nuttelose ID-rekenaar? Die vinnigste salf vir armoede in Afrika lê geheel en al binne bereik van die Britse Tesourie. En vir die koste van 'n eweneens nuttelose rekenaar vir die nasionale gesondheidsdiens kan Blair malaria ook hokslaan.

Ek het ook nie 'n probleem met die hervorming van die Westerse handel om dit billik en minder van 'n strafmaatreël vir Afrika-ekonomieë te maak nie. Dit sal egter ingewikkelde bilaterale ooreenkomste met individuele state vereis. Dit sal beteken dat hulle soos outonome vennote behandel moet word wat soewereine verantwoordelikheid kan aanvaar, en nie soos Geldof se onnosele massa uitgehongerde swartes nie. Tog is daar geen Live8-konsert voor die deure van Brussel se paleise van beskerming nie. En Live8 sal ook nie by die nasionale gesondheidstelsel pleit om sy ergste strafmaatreël – die afrokkeling van 'n derde van Afrika se gekwalifiseerde dokters en verpleegkundiges – te staak nie. Sulke optrede is te naby aan die werklikheid vir Geldof se musikante. Hulle bedryf immers nie politiek nie, net bewustheid.

Wat ons by Live8 en die G8 gesien het, is nog 'n hoofstuk in 'n ou storie waarin oppervlakkigheid oor denke seëvier, en die rykes verskonings soek om vir die armes voor te skryf. Ons weet ons kan nie "armoede geskiedenis maak" nie. In daardie week is probeer om dit aardrykskunde te maak. Miskien moet ons dit vir 'n slag ekonomie maak.

• *Ekonomierubriek*

Is iets regtig beter as niets?

IN 'N WEEK VAN REËN WAT DIE DROOGTE GEBREEK HET, HET HULLE TYDENS DIE METRORAIL-STAKING SOPNAT IN TRIESTIGE TOUE GESTAAN EN WAG OP DIE EEN OF ANDER VORM VAN VERVOER. DAAR WAS SIMPATIE MET HULLE, MAAR GEWIS OOK WOEDE TEENOOR DIE STAKERS.

Deur Margaret Legum*

Ek het van my bure – radeloos gewag op vervoer – gevra waarom hulle nie hul werkgewers bel en verduidelik waarom hulle nie by die werk kan kom nie. Hulle was hewig ontsteld. Hulle was wel al jare lank op kontrak in diens, maar het gevrees dat hulle werkgewers dié dag se loon van hulle betaling sou aftrek, terwyl hulle elke sent nodig het. "Maar dis tog seker onwettig", was my geskokte reaksie. Hulle het nie geweet nie, en hulle was ook nie bereid om die risiko te loop om te vra nie. Hulle werk, en die werkgewer se absolute mag oor hulle, is te fundamenteel, te wesenlik, om enige kanse te waag.

Intussen sê my vriend Zach vir my hy het sy werk verloor. Hy onderhou sy oorlede broer se twee kinders, sy suster, wat met MIV saamleef, haar dogter en 'n jonger broer. Hoe het hy sy werk verloor? Terwyl hy sy werkgewer se voertuig vir werksdoeleindes bestuur het, het 'n band gebars en die motor het gerol. Hy was 'n week lank in die hospitaal en moet nog steeds fisioterapie kry. En toe hy weer by die werk kom, het sy baas hom in die pad gesteek.

Onwettig? Waarskynlik. Hy het by die KVBA gekla, maar weens sy verwarring as gevolg van harsingskudding – om nie te praat van sy vrees en depressie nie – is sy aansoek moontlik te laat. In ieder geval is die KVBA se waglys lank.

Verder af in die straat word herstelwerk aan 'n huis gedoen. Die kontrakteur laai arbeiders op wat hy kies uit 'n string mans langs die pad. Hulle kry R50 'n dag. Hulle dink hulle is gelukkig as die huisvrou vir hulle 'n toebroodjie vir middagete gee – dit is so goed soos 10% by hulle loon.

En ons hoor nog steeds ons arbeidswetgewing is te streng. Die IMF sê nog steeds ons het "strukturele verandering" nodig – waarmee hulle bedoel ons moet werkgewers toelaat om mense net so swak te behandel as die slegste werkgewers ter wêreld, sodat ons mededingend kan word. Hulle sê as ons toegelaat word om mense enigiets te betaal wat hulle bereid is om te aanvaar, op enige voorwaardes wat hulle sal aanvaar, sal ons 'n einde aan werkloosheid maak. Hulle noem nie die minimum wat hulle steeds as aanvaarbaar sal beskou nie. *As jy arm is*, sê hulle immers, *is enigiets beter as niks*.

Vraag en aanbod?

Die argument is maar te bekend: as die aanbod van enigiets (insluitende mense) die vraag te bowe gaan, sal die prys daal tot waar die aanbod gelykstaande is met die vraag, en dan heers daar volledige werkverskaffing. Dis dié soort ding wat ekonome 'n slegte naam gee. Dit gee te kenne dat daar tussen mense en skoene, wat weggegooi of weggegee kan word as dit nie verkoop kan word nie, geen verskil is nie.

Dit gee te kenne dat die akkoord tussen werklose ongeskoolde arbeiders in Suid-Afrika en 'n werkgewer glad nie verskil van dié tussen 'n koper en verkoper van goed soos antieke meubels of 'n eiendom in Nuweland nie. 'n Mens stel jou twee mededingers voor wat teen mekaar te staan kom, elkeen in sy gedagtes besig om te probeer vasstel presies hoeveel die ander sal afstaan en presies watter taktiek om te gebruik. Herinner dié beeld u ook aan die rye mans langs die pad? Of aan die vroue wat maar enige behandeling sal aanvaar eerder as om selfs na hulle regte te vra? Beswaarlik.

Feit van die saak is dat daar 'n minimum inkomstevlak is waaronder mense hulle nie meer self kan onderhou nie, en allermins nog 'n gesin ook. Daardie minimum is naastenby die inname van kalorieë wat nodig is om liggaam en siel aanmekaar te hou. In ons industriële samelewing móét dit ook fondse insluit vir verhitting en verligting, onderwys, huur, klere en vervoer. 'n Mens kan nie sonder enigeen hiervan klaarkom nie, want in ons industriële samelewing kan jy nie meer jou brandstof in die bos gaan kap, jou kinders tuis onderrig, jou eie klere van diervel maak, of werk toe loop nie.

As 'n gesin minder as daardie minimum verdien – en minstens die helfte van ons Afrikaan-landgenote se inkomste is minder as daardie minimum – moet hulle bedel, leen of steel wat hulle kortkom. Mense begin gewoonlik in hulle eie buurt bedel, en gevolglik begin dié wat reeds arm is, die brandarmes subsidieer. Daarna beweeg die bedelary na die straathoeke. En dit eindig met diefstal – misdaad. Waarvoor ons die diewe blameer en waarvoor ons almal betaal.

Is ek verkeerd? Sê my dan asseblief waar ek fouteer. Het ek iets gemis? Skiet my logika tekort? Is ek net sentimenteel?

Nou hoe kan ons dit dan duld dat die regering wankel onder die druk van werkgewers, groot en klein, om die wetgewing wat werknemers teen uitbuiting beskerm, nog verder te verslap? Ongetwyfeld sal hulle klaagliedere hoor van kleinwerkgewers wat oor onbenullige, versinde klagtes voor die KVBA gedaag

* *Gemeenskapsekonoom en skrywer van onder meer* It doesn't have to be like this!

is, en hoe andere weer drie mense vir die prys van een in diens sou neem as hulle net elkeen minder as ’n bestaansloon kon betaal.

Ek hoop hulle luister ook na die miljoene stories van mense wat skokkende diensvoorwaardes en gruwelike lone aanvaar omdat hulle wanhopig werk soek. Dit is so dat die KVBA daar is om teen onwettige uitbuiting te waak – as ’n mens die vertroue, spaargeld en ondersteuning het om te wag – maar as die wetgewing slapper gemaak word as wat dit tans is, sal selfs die KVBA nie sulke mense kan help nie.

In plaas daarvan om ons in die doodloopstraat van ’n verlies aan duur verworwe regte te begewe, moet ons ’n arbeidsbeleid bedink wat werk sonder om die werkers te na te kom. Dit beteken dat die geld gevind moet word om werk te skep waar dit regtig nodig is – in die dienstesektor. Dit kán gedoen word, en dit sal die siel van ons demokrasie red.

Die anderkant van wat nou is

'n Resensie van André P. Brink se Bidsprinkaan *(Kaapstad: Human & Rousseau, 2005)*

NIE ELKE SKRYWER KRY DIE GELEENTHEID OM VIR HOMSELF 'N BOEK TE SKRYF VIR SY SEWENTIGSTE VERJAARDAG NIE – WAT NOG TE SÊ 'N ROMAN SO UITSTEKEND SOOS ANDRÉ P. BRINK SE JONGSTE, *BIDSPRINKAAN, 'N WARE STORIE*. BRINK VERDIEN DIE AANDAG WAT HIERDIE ROMAN, EN SY LOOPBAAN IN DIE ALGEMEEN, TANS GAANDE MAAK. HY IS IMMERS 'N SKRYWER WAT NIE NET DIE AFRIKAANSE PROSAKUNS TOT WASDOM HELP BRING HET EN DEUR SY KREATIEWE WERK, RESENSIES EN VERTALINGS DIE LITERÊRE VERWYSINGSVELD VAN SY LESERS BEDUIDEND VERBREED HET NIE, MAAR WAT OOK DIE POLITIEKE VERBEELDING EN SENSITIWITEIT (OF GEBREK DAARAAN) VAN VERAL WIT AFRIKAANSE LESERS KONSEKWENT UITGEDAAG HET.

Deur Desmond Painter[*]

Bidsprinkaan vertel die verhaal van 'n historiese figuur, Kupido Kakkerlak. Vroeg in die 19de eeu, onder die leiding van die Eerwaardes Van der Kemp en Read, word Kupido die Londense Sendinggenootskap se eerste Khoi-sendeling. Vanuit 'n hedendaagse perspektief is dit amper onmoontlik om nie die belangrikheid van so 'n gebeurtenis te waardeer nie, maar soos 'n mens kan verwag, het Kupido Kakkerlak se eie tyd anders geoordeel. Synde maar 'n onbenullige Hottentot, is hy gereduseer tot niks meer nie as 'n voetnota in die sendinggeskiedenis. Van sy lewe is vandag weinig te wete, en die enkele briewe van hom wat oorgebly het, is in korrekte Engels vertaal en grammaties respektabel gemaak. Dit is in hierdie historiese leemte dat Brink se verbeelding aan die werk kon spring.

Die boek is in drie dele opgedeel. In die eerste maak Brink uitstekende gebruik van die magiese, dromerige, selfs "surrealistiese" styl wat die Khoi en San se mondelinge verteltradisies kenmerk. Die verhaallyn hier volg die gebeure tussen twee narratiewe geboortes: Kupido Kakkerlak se geboorte in die woorde van sy moeder ("... hy is uitgebroei uit die stories wat sy vertel het", p. 9) en sy wedergeboorte tot die Christelike geloof, oftewel sy onderwerping aan die Vaderlike Woord ("Sò word Kupido Kakkerlak met geweld 'n kind van die Here", p. 101). Hiermee is van die sentrale temas van die boek dan in plek: nie net die spanning tussen plaaslike spiritualiteit en die Christelike geloof in die Suid-Afrikaanse sendinggeskiedenis nie, maar ook tussen 'n mondelinge tradisie en die geskrewe woord, en tussen inheemse en koloniale uitbeeldings en, veral, uitbeeldingsmiddele.

In die tweede deel, wat begin by Kupido se bekering en eindig by sy uitplasing as sendeling na sy eie gemeenste by Dithakong, die plek van klippe, is Eerwaarde James Read aan die woord. Hier gebruik Brink, weereens uiters effektief, die teendeel van die narratiewe uitbundigheid en vloeibaarheid van die eerste deel: 'n besadigde, rasionele verslag waarin Read met die uitbeeldingsmiddele tot sy beskikking, waaronder die tipiese negentiende-eeuse verslaggewing, Christelike spiritualiteit en moraliteit, maar ook die eerste opwellinge van liberalisme en die gelykheidsideaal in Suid-Afrika probeer sin maak van Kupido Kakkerlak se dikwels aweregse Godsbelewing, die reste van sy inheemse tradisies en gewoontes, en die politieke verhoudinge tussen koloniste en die inheemse groepe. Dit is 'n wonderlike toeval dat Read, gegewe die jukstaponering van mondelinge en geskrewe tradisies in die roman, nou juis dié naam moes dra. Die geskrewe woord is meer langdurig, maar ook meer staties en outoritêr as die orale teks. Anders as Read is Kupido nooit net 'n *leser* van die Woord nie; hy praat, en skryf bowenal, *terug* – tot dikwelse ontsteltenis van Read.

Briewe aan God

Dit is dan ook gepas dat ons Kupido se briewe aan God juis in hierdie deel van die boek te lees kry. Hulle is, interessant genoeg, nie die higiënies verbeterde weergawes waarvan 'n paar in die argiewe behoue gebly het nie. Brink het hulle vertaal en verbeeld in 'n idioom wat meer eie is aan Kupido, om so 'n ruimte voor te stel waarin die kulturele onteiening en onsigbaarmaking van die koloniale orde, wat juis ook 'n *orde van uitbeeldings en uitbeeldingsmiddele* is, in 'n mate omgekeer word. Nie dat hierdie ommekeer afreken met die simboliese geweld en kulturele geringskatting wat deurgaans in die boek aan die orde kom nie. Dit sou 'n baie minder interessante roman gewees het as die politieke dimensie daarvan beperk was om aan Kupido 'n *stem te gee*. Maar

[*] *Lektor in sielkunde, Universiteit van Stellenbosch*

meer hieroor later.

Die derde en laaste deel van die roman gaan oor Kupido se poging om ’n gemeente te skep en in stand te hou by Dithakong. Hier, waar hy moet preek vir mense wat nie sy taal verstaan nie, word hy letterlik deur die Londense Sendinggenootskap vergeet en aan die droogte, dors en honger oorgelaat. Sy tweede vrou verlaat hom, maar nie voordat sy hom gekonfronteer het, soos sy eerste vrou Anna Vigilant voor haar ook gedoen het, met die waarheid oor die strukture van bevoorregting en vooroordeel wat selfs in die sendinggemeenskap geld nie: “Maar wit sal jy nooit wees nie, Kupido. Leer dit nou eens en vir altyd” (p. 219). En ook: “Wit Here se kind wil ek tog nie wees nie” (p. 219). Al kom hy eers teen hierdie soort interpretasies in opstand en skryf hy dit toe aan die ongelowigheid en heidensheid van sy vroue, moet hy dit op die ou end tog erken dat die Woord se vermoë om die meester-slaaf dialektiek op te hef (Van der Kemp: “Op hierdie aarde is niemand iemand anders se baas nie. Ons is almal slawe van die sonde,” p. 93) gekompromitteer was deur koloniale magsverhoudinge en rassisme.

Uiteindelik preek hy dan maar vir die klippe, totdat hy sonder seremonie as sendeling afgedank word, en skryf ’n laaste, ontnugterde brief aan God – ’n totsiens-brief, op sy laaste vel papier, want nou het hy die perke van die voorstellingsmiddele wat hy van die koloniste oorgeneem en sy eie probeer maak het, skrif en die Woord, bereik. Die boek eindig waar Kupido Kakkerlak met Arend, die swart man “met witmensklere aan” (p. 245), die “slaaf wat nie meer slaaf is nie” (p. 246), op ’n lendelam waentjie die verte in ry, waarheen weet ons nie. “Soontoe. Sóóntoe” (p. 246), is al wat Brink daaroor sê.

Koloniale ontmoeting

Met hierdie aangrypende gegewe gaan Brink miskien verder as in enige van sy ander boeke om die struktuur van die koloniale ontmoeting en gepaardgaande geweld (fisiek maar veral ook psigies en simbolies) oop te skryf. In hierdie opsig is die storie van Anna Vigilant, Kupido se eerste vrou en seepmaker van formaat, een van die belangrike sleutels tot die roman. Anna se obsessie met wit en devaluering van swart is so sterk dat sy, in ’n poging om self wit te word, op ’n keer summier in die kokende seeppot wil klim – net om haar voet te verbrand en vir die res van haar lewe mank te loop. Ek kan nie aan ’n beter voorbeeld dink van die verband tussen kulturele onteiening, geïnternaliseerde rassisme en die gekoloniseerde subjek se pogings om sy of haar swartheid te modereer (Frantz Fanon verwys hierna as laktifikasie of “vermelking”) as hierdie beeld van Anna en die seeppot nie. Dit is dan ook een raam waarbinne die leser kan sin maak van Kupido se verbete pogings om ’n goeie Christen te wees, sy kulturele tradisies as heidens af te skryf en, in die geval van die Heitsi-Eibib se klipstapels, dit af te breek.

Kupido se stryd met die klipstapels (in sigself ’n prekoloniale uitbeeldingsmiddel) aktiveer die beeld van Don Quixote, en dalk selfs van Camus se Sysiphus. In die Brink-oeuvre is hierdie figure belangrik, en vind ons hulle dikwels terug in enkelinge wat, meestal sonder werklike hoop op oorwinning, nogtans in verset tree. Hierdie verset bied aan hulle die eksistensiële moment, hoe absurd dit ook al van buite mag lyk, waarin die bevestiging van ’n tydelike, maar darem outentieke menslikheid en identiteit, moontlik word. Kupido vertoon heelwat van hierdie Brink-kenmerke, en die leser kan ook nie verhelp om die hartstogtelike, dikwels ekstremistiese Kupido te bewonder nie. En tog, Kupido se bestorming van die klipstapels is ook ’n soort korrektief op Brink se gewone eksistensialistiese gegewe. Kupido se daad kan nie sonder meer selfbevestigend en heroiës wees nie: die eksistensiële daad word in Kupido se geval deels verteken deur die koloniale uitbeeldingsmiddele waarvan hy vir self-erkenning afhanklik is, en die self-devaluering (of die devaluering van sy tradisie en gemeenskap) wat hy daardeur internaliseer. Deel van die koloniale geweld is dat die gekoloniseerde subjek van enige onproblematiese toe-eiening van die “ek is”, bv. Bart Nel se “Ek is nog hy”, vervreem word.

Gefragmenteerde identiteit

Hierdie dilemma van ’n gefragmenteerde en vervreemde identiteit word ook uitgebeeld in Kupido se verhouding met ’n ander uitbeeldingsmiddel, die spieël – oftewel, “die man met die baie-maal gesig” (p. 40). Wanneer Kupido vir die eerste maal ’n spieël sien, herken hy nie sy eie beeld nie. Later besef hy klaarblyklik dis *hy* wat na homself terugkyk, maar dis ’n ander(se) hy ... Kupido het ’n intieme verhouding met hierdie bekende vreemdeling, of vreemde bekende, en hy dra deur sy hele lewe ’n spieël met hom saam. Hierdie vervreemde fragment van homself wat, soos hy dit verstaan, in die spieël self leef, is vir hom ’n soort anker en selfs berader. Dit is ’n fassinerende gegewe wat veel meer bespreking verdien, maar vir nou is dit genoeg om te sê dat, parallellopend aan die verydeling van Kupido se poging om ’n goeie sendeling te wees, die spieël uiteindelik breek, en dat hy die laaste fragment weggee.

Ek het gesê Brink gaan *verder* in sy uitbeelding van die koloniale ontmoeting as tevore, maar eintlik lê die krag van die boek juis in die bereidwilligheid van die skrywer om op ’n sekere tydstip *nie* verder te gaan nie. Om iets *anderkant* die woord te suggereer, maar sonder om dit self voor te stel – anderkant skrif, die roman, die Westerse narratiewe tradisie; anderkant die hele stel uitbeeldingsmiddele – interpersoonlik, religieus, juridies en polities – waarin die Self en die Ander in ’n koloniale bestel tot voorstelling (en wanvoorstelling) kom. Wat aan hierdie ander kant lê, en waarheen Kupido en Arend op pad is, is meer as net nog ’n gegewe vir ’n roman. Dit is niks minder nie as een van die sentrale politieke vraagstukke van ons tyd. Brink se historiese gegewe beroep hom dus regstreeks op ’n politiek van die toekoms – of, minstens, ’n politiek wat sigself besig hou met die anderkant van wat nou is.

Hierdie is maar een stel idees oor ’n baie ryk en diepsinnige boek – ’n boek wat, en dit moet gesê word, ook doodgewoon mooi, poëties, hartseer en baie snaaks is.

DIE AFGELOPE VIER WEKE SE AKTUALITEIT IN PERSPEKTIEF

- *Die Vrye Afrikaan-Intussen, Vrydag 22 Julie 2005*

’n Kentering in Zimbabwe?

SEDERT VROEËR VANJAAR SE ZIMBABWIESE KNOEIVERKIESING WAS DIÉ LAND DAAGLIKS IN DIE SUID-AFRIKAANSE NUUS, OFSKOON AMPER EENTONIG VAN ERG NA ERGER, SODAT DIT AS’T WARE VERSINK HET IN DIE KOLLEKTIEWE SUID-AFRIKAANSE ONDERBEWUSTE, WAAR DIT GOEIE VOER AAN DIE AFRO-PESSIMISTE ONDER ONS VERSKAF HET.

Maar die afgelope twee weke het twee verwikkelings plaasgevind wat mag dui op ’n kentering in Zimbawe kort op die hakke van president Robert Mugabe se weersinwekkende “skoonmaak-operasie”, oftewel die verdaklosing van etlike duisende Zimbabwiërs – hoeveel weet niemand oënskynlik presies nie, hoewel selfs net een Zimbabwiër wat op dié skandalige manier gehanteer word, reeds een te veel is.

Die eerste verwikkeling waarvan ons hier praat, is die groter betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK). Reeds na die klugverkiesing het die Aartsbiskop van Harare gevra om ’n burgerlike versetbeweging, en daarmee aangedui dat die kerke waarskynlik nou die belangrikste basis van verset en demokrasie in Zimbabwe is – ’n indruk wat ongelukkig versterk is deur berigte van interne verdeeldheid en selfs korrupsie in die geledere van die vernaamste opposisieparty, die Beweging vir Demokratiese Verandering (MDC).

Die hand van die Zimbabwiese kerke is aansienlik gesterk deur die besoek van ’n afvaardiging van die SARK verlede week daar te lande om die omvang van die verwoesting van Mugabe se “skoonmaakoperasie” te bepaal. Dít is gevolg deur ’n besoek van die SARK verlede Vrydag aan president Mbeki, in dieselfde week dat hy die die adjunkpresident, me. Phumzile Mlambo-Ngcuka, met ’n versoek om groter samewerking met die MDC na Mugabe gestuur het. Dan word die verslag van die spesiale gesant van die Verenigde Nasies (VN), me. Anna Tubaijika, oor die “skoonmaakoperasie” ook binnekort verwag - ’n sending waarin Mbeki via die sekretaris-generaal van die VN, mnr. Kofi Annan, klaarblyklik ’n aandeel het.

Die SARK het reeds verlede November groter toenadering tot Mbeki gesoek en beloof om ’n posisie van kritiese solidariteit met die regering te handhaaf. Op sy beurt is Mbeki voortdurend in kontak met Annan, terwyl Mlambo-Ngcuka se openbaar aangekondigde besoek aan Mugabe die grootste prominensie verteenwoordig wat die regering in die jongste verlede nog aan skakeling met Zimbabwe gegee het.

Mbeki is iemand wat verkies om agter die skerms te werk, en ook met ’n klein groepie – wat dan ook tereg in die geval Zimbabwe as “stille diplomasie” bekendstaan, maar wat tot onlangs klaaglik misluk het. In die lig van sy metode van werk agter die skerms lyk die kombinasie van die VN, die SARK en die adjunkpresident na ’n vernuftige samesnoering van simboliese kragte wat dalk net die situasie in Zimbabwe in die regte rigting kan begin stuur.

Maar die lakmoestoets vir hierdie spekulasie is die tweede onlangse verwikkeling met betrekking tot Zimbabwe, naamlik die lening van 1 miljard Amerikaanse dollar aan Zimbabwe. Mediaberigte oor presies wat die voorwaardes vir en aanwending van so ’n lening sou kon wees, was teen die middel van vandeesweek nog te vaag om na behore getakseer te word. Dit sou selfs kon wees dat die regering die nuus van die lening doelbewus laat uitlek het om sowel die reaksie van die Suid-Afrikaanse burgery as van internasionale en Afrika-opinie te toets voor verdere besonderhede bekendgemaak word.

Nietemin kan ’n mens in hierdie stadium reeds die volgende oor so ’n lening sê: In die eerste plek kan met reg gevra word of Suid-Afrikaanse belastingbetalers nie die reg het om krities na enige lening te kyk nie, veral omdat die Zimbabwiese krisis waarskynlik deur die dubbelsinnigheid in die regerig se houding jeens Mugabe vererger en verleng is. Mbeki het miskien 'n plan met Mugabe gehad, maar wat van die besoeke van ander ministers soos Suid-Afrika se Minister van Buitelandse Sake, me. Nkosazana Dlamini-Zuma, wat op ’n vraag waarom daar nie druk op Mugabe geplaas word nie, geantwoord het "it would not be the revolutionary thing to do"? Dit is hierdie soort dubbelsinnigheid van die Suid-Afrikaanse regering wat hom sy geloofwaardigheid met betrekking tot Zimbabwe by die Suid-Afrikaanse belastingbetalers laat inboet het.

In die tweede plek kan so ’n lening ’n poging van Mbeki wees om sowel Westerse as Afrika-leiers tevrede te stel. Soos William Mervin Gumede aantoon in sy hoofstuk oor Mbeki en Zimbabwe in *Thabo Mbeki and the Struggle for the Soul of the ANC* (Kaapstad: Zebra Press, 2005) moes Mbeki tot dusver ’n fyn balanseertoertjie tussen die Weste en Afrika uitvoer: as leier van die mees pro-Westerse Afrika-bevrydingsbeweging moet hy nie te pro-Westers lyk en sodoende die broodnodige steun van Afrika-leiers vir sy NEPAD-inisiatief verloor nie (wat die elitistiese onderbou van NEPAD demonstreer), maar andersyds kon hy in die Weste se oë ook nie te simpatiek teenoor Mugabe lyk nie, aangesien die Weste se steun ewe

nodig is vir NEPAD (wat die klassieke liefdadigheidsinslag daarvan demonstreer). 'n Lening aan Zimbabwe kan deur Afrikaniste vertolk word as "Afrika help homself", en deur Westerse leiers as Mbeki wat van "stille diplomasie" afsien en verantwoordelikheid vir 'n politieke krisis in sy buurland aanvaar.

In die derde plek: Indien Mbeki wel 'n plan het om die lening as 'n hefboom te gebruik, kan hy dan nie maar 'n klein bietjie hulp daarmee van ander Zimbabwiese buurlande vra nie? Die probleem van Zimbabwiese vlugtelinge is in Botswana eintlik veel erger as in Suid-Afrika, en 'n lening deur 'n paar Suider-Afrikaanse lande aan Zimbabwe kan die hefkrag van die aksie verhoog omdat dit meer rolspelers teenoor Mugabe inbind. Verder gee Suid-Afrika reeds hulp aan Zimbabwe deur Eskom en ander kanale. Wat is tot dusver gedoen om die hulp as hefboom te gebruik?

In die vierde plek – en dit is die belangrikste punt, die lakmoestoets waarvan ons hierbo praat – sal die sinrykheid van die lening afhang van die voorwaardes waarmee dit gepaardgaan. Ofskoon die kanse onder die huidige omstandighede goed is dat Suid-Afrika nie gou die lening in rand en sent sal terugkry nie, kan die korrekte voorwaardes dalk die herstel van demokrasie en die ekonomie in Zimbabwe aanhelp, wat enorme politieke kapitaal vir Suid-Afrika kan beteken. Hierdie voorwaardes moet insluit die herstel van die gesag van die hof, die hou van´n vrye en regverdige verkiesing – bes moontlik voorafgegaan deur 'n tussentydse oorgangsregering bestaande uit die regerende ZANU-PF, die MDC en ander partye, die hou van 'n nasionale burgerlike vergadering, die vrylating van politieke gevangenes, die staking van die misbruik van staatsmag om demokratiese kragte te onderdruk, en die spoedige uittrede van Mugabe. As nie minstens hierdie voorwaardes nagekom word nie, sal die lening inderdaad geld in die water wees – en sal Mugabe weer laaste lag, soos hy al telkemale die afgelope jare gedoen het.

En dít kan 'n Afrika van selfrespekterende gemeenskappe nie duld nie.

• *Die Vrye Afrikaan-Intussen, Vrydag 5 Augustus 2005*

Die grondvraag

"DIE GRONDVRAAG IS DIE GRONDVRAAG" – SO SÊ PROF. CAREL BOSHOFF VAN ORANIA DIKWELS. IN AANSLUITING BY HOM VOER PROF. HERBERT VILAKAZI AAN IN 'N ARTIKEL WAT ELDERS VANDEESMAAND SE UITGAWE (*P.4*)VERSKYN DAT AFRIKA EERS 'N LANDBOUREWOLUSIE VOOR 'N NYWERHEIDSREWOLUSIE BENODIG. VILAKAZI WYS OOK OP HOE GEVAARLIK DIT IS AS DIE BAND TUSSEN LANDELIKE EN STEDELIKE MENSE IN 'N SAMELEWING DEURGESNY WORD.

Met hierdie gedagtes as agtergrond kan 'n mens probeer vertolk wat tans rondom die grondvraag in die spel is, soos wat dit weer op die voorgrond geplaas is tydens verlede week se nasionale grondberaad. Die kommerwekkende statistieke is oorbekend: terwyl die regering wil hê dat 30% van grond teen 2014 in swart besit moet wees, is slegs sowat 4% reeds in swart besit – en dit 11 jaar nà 1994.

Maar daar is ook ander kommerwekkende feite wat die regering selde indien ooit na verwys. Een hiervan is die afgelope Woensdag deur die Inkatha Vryheidsparty (IVP) weer in die openbare oog geplaas, toe hulle beweer het dat tot soveel as 90% van plase wat in swart besit oorgedra is, in duie gestort het. Hierdie verskynsel moet gesien word teen die agtergrond daarvan dat meer as 20 000 blanke boere sedert 1994 in 'n moeilike boerderyomgewing ondergegaan het, en dat die regering tot baie onlangs eenvoudig te min gedoen het om nuwe swart boere met kundigheid by te staan (1).

Nog 'n kommerwekkende feit is dat daar talle plase in die mark is, maar dat hulle klaarblyklik nie volgens die beginsel van gewillige verkoper, gewillige koper hanteer word nie. Kan dit wees omdat grondeisekommissarisse, wat die onderhandelinge oor plaasverkooppryse moet hanteer, "in werklikheid grondaktiviste is wie se primêre taak dit is om die rassistiese verdeling van grond van die verlede reg te stel", en wat "nie staatsdienssalarisse ontvang om blanke boere goedgesind te wees nie"? (2)

Op die koop toe laat regeringswoordvoerders nie 'n kans verby gaan om boere te kasty wat onwillig sou wees om hulle plase teen aanvaarbare pryse te verkoop nie, maar word duidelike statistieke hieroor nooit genoem nie. Dit is moeilik om nie die afleiding te maak nie dat die regering rassisties na blanke boere kyk nie.

Die Minister van Landbou en Grondsake, me. Thoko Didiza, het verlede Oktober tydens 'n vergadering van die Food and Allied Workers' Union "haar teleurstelling uitgespreek dat daar nie meer 'grondaktivisme' onder swartmense is nie. Sulke aktivisme, het sy gesê, sal help om grondpryse af te dwing en sal grondhervorming bekostigbaarder maak. 'Die eienaarskap van landbou-instellings moet die demografie van die land weerspieël,' het die Minister gesê, en die vakbondlede aangemoedig om die huidige situasie te verander (*reverse*), 'anders gaan julle kinders eendag vir julle vra waar julle was en wat julle gedoen het'." (3)

Met ander woorde, daar loop 'n harde ideologiese lyn vanaf die verantwoordelike minister, na die amptenare wat grondeise hanteer, na die grondaktiviste op voetsoolvlak. En nou kom die minister sowat nege maande na haar oproep om meer grondaktivisme en verklaar dat daar duidelike steun op voetsoolvlak is om afstand te doen van die beginsel van gewillige verkoper, gewillige koper!

Tim du Plessis het in sy rubriek in die afgelope Sondag se *Rapport* daarop gewys dat voedselsekuriteit vir Suid-Afrika langs ander weë as die Suid-Afrikaanse landbousektor bereik kan word. Suid-Afrika se selfvoorsiening in sy voedselbehoeftes is een wat dikwels deur die kommersiële landbousektor ingespan word, maar as voedselsekuriteit langs ander weë bereik kan word, en as die eintlik oogmerk van grondhervorming die uiteindelike weerspieëling van die demografiese profiel van die land is, gaan die kommersiële landbousektor sy strategie moet verander.

Dieselfde spanning tussen doeltreffende praktyk en ideologiese doelwit loop dwarsdeur die ganse Suid-Afrikaanse samelewing. Johan Degenaar – miskien die eerste post-nasionalistiese Afrikaner – het al in 1991 in sy beroemde artikel oor die mite van nasiebou gepleit daarvoor dat ons eerder 'n plurale demokrasie as 'n nasie moet bou. Degenaar het toe ook gewaarsku teen die inherent ondemokratiese aard van nasiebou, soos dit toenemend gedemonstreer word in die najaag van demografiese verteenwoordigendheid in die naam van transformasie. In die proses is ons met allesbehalwe transformasie besig, en word die demokrasie teruggedruk.

As die kommersiële landbou hierop wil reageer, is daar minstens twee moontlike strategieë. Die eerste is om nuwe swart boere met raad en daad by te staan, ten einde in die naam van die samewerking tussen Afrikaner en Afrikaan 'n demokratiese vennootskap in die burgerlike samelewing te bou, wat uiteindelik kan help om die regering se ondemokratiese appél op hierdie swart boere te verminder.

Die tweede is om self veel meer aktivisties te begin dink. Onlangs het die landbougemeenskap rondom die Noordwes-Landboukollege gedreig met protesaksie indien Afrikaans as onderrigtaal afgeskaf word, en binne dae het die Noordwes-premier, me. Edna Molewa, aangekondig dat Afrikaans steeds onderrigtaal sal wees (saam met Engels, sodat een groep se toeganklikheid nie ten koste van 'n ander in die slag bly nie). Die kommersiële landbousektor is besonder goed onderling geskakel, en ook daagliks, veral in die noordelike provinsies, blootgestel aan aktivisme van sowel staats- as voetsoolvlak rondom grond. Dit is nou die tyd vir die kommersiële landbouleiers om werklik leierskap aan hulle lede te gee, en ook hulle eise hard en duidelik te begin stel. As dít nie gebeur nie, sal die onvermydelike gevolge wees dat ideologie bo volhoubare praktyk seëvier, en sal 'n demokratiese oplossing vir wat 'n wesenlik *politieke* probleem nie gevind word nie.

---

(1) "Grondhervorming: Daar's g'n keuse nie" deur Chris Louw, *Die Vrye Afrikaan*, Vrydag 5 November 2004, http://www.vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=56
(2) *Ibid.*
(3) *Ibid.*

Le Monde diplomatique

27 Maande van Amerikaanse Besetting

Wat doen ons in Irak?

IRAK IS NIE ’N VRYGEMAAKTE LAND NIE, MAAR ’N BESETTE LAND. DIT IS OOGLOPEND. DIE TERM “BESETTE LAND” HET TYDENS DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG VIR ONS ’N ALGEMENE BEGRIP GEWORD. ONS HET GEPRAAT VAN “FRANKRYK WAT DEUR DUITSLAND BESET IS”, VAN “EUROPA WAT ONDER DUITSE BESETTING GEBUK GAAN”. NA DIE OORLOG HET ONS GEPRAAT VAN HONGARYE, VAN TSJEGGO-SLOWAKYE EN VAN OOS-EUROPA WAT DEUR DIE SOWJET-UNIE BESET IS. DIE NAZI'S EN DIE SOWJET-UNIE HET BAIE LANDE BESET. ONS HET HULLE VAN HIERDIE BESETTING BEVRY.

Deur Howard Zinn*

Deesdae is ons die besetters. Ons het wel vir Irak van Saddam Hoessein bevry, maar nie van onsself nie. Op soortgelyke wyse het ons Kuba in 1898 van die Spaanse juk bevry, maar nie van ons eie nie. Die Spaanse tirannie is oorwin, maar die Verenigde State het die land in ’n militêre basis omskep, op soortgelyke wyse as waarop ons dit in Irak doen. Groot Amerikaanse firmas het hulleself in Kuba gevestig, net soos wat Bechtel, Halliburton en oliemaatskappye hulle in Irak vestig. Die Verenigde State het die Grondwet wat Kuba moes regeer, geskryf en met behulp van plaaslike medepligtiges afgedwing, net soos wat ons regering ’n Grondwet vir Irak met behulp van plaaslike politieke groepe tot stand gebring het. Nee, hierdie het niks met bevryding te doen nie. Dit is inderwaarheid ’n besetting.

En dit is ’n smerige besetting. Reeds vanaf 7 Augustus 2003 het die New York Times berig dat die Amerikaanse generaal Ricardo Sanchez in Bagdad, “bekommerd” is oor Irakese reaksie teenoor die besetting. Die pro-Amerikaanse Irakese regeringsbeamptes het ’n boodskap aan hom gestuur wat hy aan ons aangestuur het: "Wanneer julle ’n vader in die teenwoordigheid van sy familie arresteer, sy kop met ’n sak bedek en hom laat kniel, is dit vir sy familie ’n ernstige knou vir sy waardigheid en respek" (’n besonder skerpsinnige opmerking).

Die CBS-nuuskanaal het reeds vanaf 19 Julie 2003, lank voor die ontdekking van erkende gevalle van mishandeling in die Abou Ghraib-tronk in Bagdad, as volg berig: "Amnesty International is besig om ’n sekere aantal vermeende gevalle van mishandeling wat deur die Amerikaanse owerheid in Irak gepleeg sou wees, te ondersoek. Een hiervan is die Khraisan-Al-Aballi-geval. Mnr. Al-Aballi se huis is deur Amerikaanse soldate wat daar opgedaag het en in alle rigtings begin skiet het, verwoes; hulle het hom en sy bejaarde vader van 80 jaar gearresteer. Hulle het sy broer raakgeskiet en gewond ... die drie mans is weggeneem ... Mnr. Al-Aballi sê dat sy ondervaers hom kaal uitgetrek en hom ’n week lank wakker gehou het, in verskillende posisies, staande of knielend, met hande en voete aan mekaar vasgebind, sy kop met ’n sak bedek. Mnr. Al-Aballi sê dat hy die volgende aan sy ontvoerders uitgeroep het: "Ek weet nie wat julle wil hê nie. Ek het niks nie." "Ek het hulle gevra om my dood te maak", vertel Mnr. Al-Abali. Agt dae later het hulle hom en sy vader laat gaan ... Die Amerikaanse ampsbeklêders het skaars geantwoord op die groot aantal versoeke wat aan hulle gerig is om verdere lig op hierdie saak te werp ...".

Honderde inwoners sterf

Dit is bekend dat driekwart van die stad van Falloedja (360 000 inwoners) verwoes is en dat honderde van sy inwoners gesterf het tydens die Amerikaanse aanval in November 2004, wat sogenaamd daarop gerig was om die stad skoon te maak van terroristebendes wat skynbaar aktief sou wees binne die raamwerk vaan ’n “baasistiese sameswering”. Maar daar word vergeet om te noem dat, so vroeg as 16 Junie 2003, skaars een-en-’n-half maand na die “oorwinning” in Irak en die “volvoerde missie” wat deur president Bush verklaar is, twee joernaliste van die Knight-Rider-kanaal die volgende oor die Falloedja-gebied geskryf het: "Gedurende die afgelope vyf dae het die meerderheid inwoners van hierdie streek bevestig dat daar nouliks enige baasistiese of soennitiese sameswering teen die Amerikaanse weermag is, maar dat verskeie mans

---

* *Historikus en emeritus-professor aan die Universiteit van Boston (VSA). Skrywer van onder meer* A People's History of the United States: 1492–Present en Voices of a People’s History of the United States*, onderskeidelik gepubliseer in 1980 (hersien in 1995) en 2004.*
Vertaal deur Christel Cattin <christelcattin@hotmail.com>

gereed is om te veg omdat hulle ouers beseer of gedood is, of omdat hulle self verneder is tydens klopjagte of by straatversperrings ... Een vrou het na die arrestasie van haar eggenoot na aanleiding van die leë kratte wat hulle gekoop het as vuurmaakhout vir verhitting, verklaar dat die Verenigde State skuldig is aan terrorisme".

Dieselfde verslaggewers het verklaar: "Inwoners van At Agilia – 'n dorp noord van Bagdad – het beweer dat twee van hul boere en vyf ander van 'n naburige dorp deur Amerikaanse geweervuur gedood is terwyl hulle rustig besig was om hul sonneblom-, tamatie- en komkommerplantasies te besproei".

Die soldate wat na hierdie land gestuur is – in die vooruitsig dat hulle as bevryders ontvang sou word – en wat deur 'n vyandiggesinde bevolking omring word, het skrikkerig geword, hulle is depressief, en hulle is skietlustig, soos 'n mens kon sien tydens die bevryding van die Italiaanse joernalis, Giuliana Sgrena, in Bagdad op 4 Maart 2005 toe 'n Italiaanse inligtingsoffisier, Nicola Calipari, by 'n padversperring doodgeskiet is deur gespanne en bevreesde Amerikaanse soldate.

Ons het die verslae gelees van GI's wat woedend is oor hulle in Irak gehou word. 'n Verslaggewer van die ABC-nuuskanaal in Irak het onlangs verklaar dat 'n sersant hom eenkant geneem het om vir hom te sê: "Ek het my eie lys van mees gesoekte mense ("Most Wanted List")". Hy het gesinspeel op die bekende kaartspel wat deur die Amerikaanse regering uitgegee is, en wat Saddam Hoessein, sy seuns en ander lede van die voormalige Irakese baasistiese regime uitgebeeld het: "Die ase van my kaartspel – het hy gesê – is George Bush, Dick Cheney, Donald Rumsfeld en Paul Wolfowitz".

Drosters weier die hel

Sulke gevoelens, net soos die aantal drosters wat weier om na die Irakese hel terug te keer na 'n verlofpas tuis, is deesdae algemene kennis vir die Amerikaanse publiek. In Mei 2003 het 'n meningsopname aangetoon dat slegs 13% van Amerikaners dink dat die oorlog 'n verkeerde wending neem. In die bestek van twee jaar het dinge radikaal verander. Volgens 'n peiling wat op Vrydag 17 Junie 2005 deur die new York Times en die CBS-nuuskanaal gepubliseer is, is 51% van Amerikaners van mening dat die Verenigde State Irak nooit moes binnegeval het nie en nooit in hierdie oorlog moes slaags geraak het nie. Tans keur 59% president Bush se hantering van die Irakese situasie af. En dit is vir my interessant om op te merk dat die peilings wat onder die Afro-Amerikaanse bevolking gedoen is, deurentyd 'n teenkanting van 60% teen die oorlog in Irak getoon het.

Maar daar bestaan 'n besetting wat nog meer onheilspellend as dié van Irak is, en dit is die besetting van die Verenigde State. Ek het vanoggend wakker geword; ek het die koerant gelees en die gevoel gehad dat ons onsself in 'n besette land bevind, dat 'n buitelandse moondheid ons binnegeval het. Die Meksikaanse werkers wat probeer om die grens oor te steek – wat hulle lewens op die spel plaas om aan immigrasiebeamptes te ontsnap (in die hoop om 'n land te bereik wat, ironies genoeg, aan hulle behoort het voordat die Verenigde State in 1848 daarop beslag gelê het) – ek beskou nie hierdie werkers as vreemdelinge nie. Hierdie 20 miljoen mense wat in die Verenigde State woon, wat nie burgerstatus geniet nie en dus, volgens die Patriot Act aan moontlike uitsmyting uit hul huise onderhewig is en dus vir 'n onbepaalde tydperk deur die FBI aangehou kan word, sonder enige grondwetlike reg – hierdie mense is volgens my nie vreemdelinge nie. Daarenteen het 'n klein groepie individue die mag in Washington oorgeneem (George W. Bush, Richard Cheney, Donald Rumsfeld en die res van die konkelaars), dus ja, hulle is die vreemdelinge.

'n Geknoei in Florida

Ek het wakker geword en vir myself gesê dat hierdie land in die greep is van 'n president wat in November 2000 vir 'n eerste termyn verkies is onder die omstandighede wat aan ons bekend is, danksy 'n geknoei in Florida en na 'n besluit van die Appèlhof. 'n President wat na sy tweede verkiesing in November 2004 steeds deur "valke" in snyerspakke omring word wat geen snars omgee oor menselewens hier of elders nie; wie se allerlaaste besorgdheid dié oor vryheid is, hier of elders; en wat geensins omgee wat gaan word van die aardbol, of die water, of die lug wat ons vir ons kinders of kleinkinders gaan nalaat nie.

Baie Amerikaners begin dink, net soos ons soldate in Irak, dat iets nie pluis is nie, dat hierdie land nie ooreenstem met die beeld wat in ons gedagtes is nie. Elke dag bring sy kwota openbare leuens. Die mees afgryslike van hierdie leuens is dat elke aksie wat deur die Verenigde State uitgevoer word, vergewe moet word, want ons is gewikkel in 'n "oorlog teen terrorisme". Bo en behalwe die feit dat hierdie oorlog in sigself terrorisme is; dat om by mense se huise in te bars, familielede weg te neem en hulle te martel, terrorisme is; dat om ander lande binne te val en te bombardeer, nie groter sekuriteit aan ons bied nie – inteendeel.

'n Mens kan 'n vae idee vorm van wat hierdie regering verstaan onder "oorlog teen terrorisme" wanneer 'n mens terugdink aan mnr. Donald Rumsfeld, Amerikaanse Minister van Verdediging (een van die "mees gesoekte mense" op die sersant se lys), se bekende verklaring toe hy die NAVO-ministers kort voor die inval in Irak in Brussel toegespreek het. Hy het verduidelik watter bedreigings oor die Weste hang (dink net – ons praat steeds van "Weste" asof dit 'n heilige entiteit is, terwyl die Verenigde State, wat daarin gefaal het om verskeie Westerse lande (waaronder Franryk en Duitsland) te werf vir hulle projek om Irak binne te val, agterna ten alle koste probeer het om Oos-Europese lande daartoe om te haal, deur hulle te oortuig dat ons enigste doelstelling is om die Irakiërs te bevry op dieselfde wyse as wat ons hulle bevry het van die Sowjet-houvas). Mnr. Rumsfeld, in sy verduideliking van watter bedreigings heers en hoekom hulle "onsigbaar en onidentifiseerbaar" is, het sy onverganklike drogrede geuiter: "Daar is die dinge wat ons ken. En dan is daar ander dinge waarvan ons

nie kennis dra nie. Dit wil sê, daar is dinge wat ons weet, maar op die oomblik dra ons nie kennis daarvan nie. Maar daar is ook onbekende dinge waarvan ons nie kennis dra nie. Daar is dinge wat ons nie weet dat ons nie kennis daarvan dra nie. Om op te som, die afwesigheid van bewyse is nie die bewys van afwesigheid nie ... Om nie die bewys te hê dat iets bestaan nie, beteken nie dat ons die bewys het dat dit nie bestaan nie."

Onbekwame Bush-administrasie

Gelukkig is mnr. Rumsfeld daar om vir ons duidelikheid te gee. Dit verduidelik waarom die Bush-administrasie, in sy onbekwaamheid om die verantwoordelikes vir die terreuraanvalle van 11 September aan te keer, met rasse skrede voortgegaan het, Afghanistan binnegeval en gebombardeer het vanaf Desember 2001, duisende mense laat sterf en honderde duisende ander laat vlug het, en steeds nie weet waar die boosdoeners skuil nie. Dit verduidelik ook waarom die regering, sonder vaste kennis van die tipe wapens wat mnr. Saddam Hoessein wegsteek, besluit het om Irak in Mei 2003 te bombardeer en binne te val, tot die misnoeë van die VN, en so duisende burgerlikes en soldate laat sterf, en onder die burgery skrik aangeja het. Dit verduidelik waarom die regering, wat nie weet wie terroriste is en wie nie, besluit het om honderde mense gevange te hou in die Guantanamo-strafkolonie onder omstandighede wat agtien van hulle tot selfmoord gedryf het.

In sy verslag vir 2005 aangaande die skending van menseregte regoor die wêreld en wat op 25 Mei 2005 openbaar gemaak is, het die Amnesty International-organisasie nie gehuiwer om te bevestig dat "die Guantanamo-aanhoudingsentrum die gulag van ons tyd geword het" nie. Die Sekretaris-Generaal van die organisasie, mev. Irene Khan, het bygevoeg: "Waneer die magtigste land op die planeet die voorrang van die wet en van menseregte vertrap, laat hy al die ander toe om die reëls skaamteloos te verbreek, in die oortuiging van ook ongestraf daarvan af te kom".

Mev. Khan het ook die Verenigde State se pogings om martelingspraktyke te minimaliseer, veroordeel. Die Amerikaners, het sy beklemtoon, poog om die onvoorwaardelike karakter van die verbod op marteling te herroep deur dit te “herdefinieer” en “af te water”. Trouens, het sy gewaarsku, "martelingspraktyke wen veld sodra die amptelike veroordeling daarvan nie meer absoluut is nie". Ten spyte van die verontwaardiging wat ontlok is deur die mishandelings wat in die Abou Ghraib-tronk in Irak gepleeg is, het Amnesty dit betreur dat nóg die regering, nóg die Kongres van die Verenigde State ’n onafhanklike diepteondersoek daaroor aangevra het.

Die sogenaamde "oorlog teen terrorisme" is nie net ’n oorlog teen ’n onskuldige nasie in ’n vreemde land nie, maar ’n oorlog teen die mense van die Verenigde State. ’n Oorlog teen ons vryhede, ’n oorlog teen ons lewenstyl. Die land se rykdom word van die mense weggeneem om dit aan die super-rykes uit te deel. Ook die lewens van ons jongmense word van hulle weggeneem.

Daar bestaan geen twyfel dat die oorlog wat reeds twee jaar en drie maande lank duur, nog baie slagoffers gaan oplewer nie, nie net in die buiteland nie, maar ook op Amerikaanse grondgebied. Die administrasie sê aan wie wil hoor dat ons suksesvol uit hierdie oorlog sal tree, want in teenstelling met Vietnam, is daar min slagoffers (1). Dit is waar, “slegs” enkele honderde gesneuweldes. Maar wanneer die oorlog tot ’n einde kom, sal die slagoffers van die gevolge van hierdie oorlog – siektes, traumas – ononderbroke toeneem. Ná die oorlog in Vietnam het veterane aangebore misvormings in hulle families gerapporteer wat deur die oranje agens veroorsaak is, ’n sterk, uiters giftige onkruiddoder wat oor die Vietnamese bevolking gesproei is.

Duisende dood

Tydens die eerste Golfoorlog in 1991 is slegs enkele honderde verliese aangeteken, maar die Vereniging van Veterane het onlangs die dood van 8 000 onder hulle geledere in die afgelope tien jaar veroordeel. Tweehonderdduisend veterane van die seshonderdduisend wat aan die eerste Golfoorlog deelgeneem het, kla van siektes of van patologieë te wyte aan die wapens en ammunisie wat tydens hierdie oorlog gebruik is. Laat ons wag om te sien wat die gevolge is van verarmde uraan op ons jong meisies en die jongmense wat na Irak gestuur is.

Wat is ons plig? Om al hierdie dinge te veroordeel. Ons is oortuig daarvan dat die soldate wat na Irak gestuur is, die terreur en geweld nie verdra nie, omdat daar leuens aan hulle opgedis is. En wanneer hulle die waarheid gaan besef – soos dit tydens die oorlog in Vietnam gebeur het – gaan hulle teen hulle regering draai.

Die res van die wêreld ondersteun ons. Die Verenigde State se administrasie kan nie vir ’n onbepaalde tydperk die tien miljoen mense regoor die wêreld wat op 15 Februarie 2003 geprotesteer het en wie se getalle daagliks aangroei, ignoreer nie. Die mag van ’n regering – ongeag die wapens waaroor dit beskik of die geldeenheid tot sy beskikking – is broos. Wanneer hy sy geloofwaardigheid teenoor sy bevolking verloor, is sy dae getel.

Ons moet betrokke raak by alle aksies wat die doelstelling het om hierdie oorlog te laat eindig. ’n Mens kan nooit te veel daaraan doen nie. Die geskiedenis van maatskaplike veranderings is gemaak deur miljoene aksies, klein of groot, wat op ’n bepaalde oomblik in die geskiedenis bymekaarkom. Tot op die tydstip wanneer dit magtig genoeg word sodat geen regering dit kan onderdruk nie.

---

(1) Op 20 Junie 2005 het die aantal Amerikaanse soldate wat in Irak gesterf het 1724 beloop en die aantal beseerdes 12896 (bron: http://www.antiwar.com/casualties/).

Le Monde diplomatique

Sjina skud die orde in Asië

IN DIE SJINESE TAAL IS DIT 'N WOORD SE POSISIE BINNE DIE SIN – EERDER AS DIE WOORD SELF – WAT SY BETEKENIS BEPAAL. HIERDIE BEGINSEL KAN OOK GOED TOEGEPAS WORD OP SJINA SE GEOPOLITIEKE STRATEGIE. VAN BEIJING TOT SJANGHAI, VAN REGERINGSVERTEENWOORDIGERS TOT DIE MEES PROMINENTE DINKSKRUMLEIERS, OM VAN AKADEMICI NIE TE PRAAT NIE: BY 'N IEDER EN ELK IS DIE MODEWOORD VAN DIE DAG "STABILITEIT".

Deur ons spesiale gesant Martine Bulard*

Om die volle betekenis van die woord te snap, moet 'n mens hom plaas in die konteks van hierdie land met sy ewigdurende beweging, en regeringshoofde wat nou meer na die buiteland reis as ooit tevore. Waar akademiese kringe, met hul nuutgevonde oopheid, 'n nuwe rol speel as navorsers vir die bewind... ook dié wat deur vrygewige buitelandse skenkers gefinansier word. So is die Internasionale Studiesentrum van die Beida universiteit in Beijing, met sy drie ultramoderne geboue, befonds deur 'n weldoener in Hong-Kong vir sy linkervleuel, 'n Italiaanse maatskappy vir die middelste gedeelte, en nog 'n Hong-Kongse firma vir die regtervleuel. Elkeen het 'n ander argitek gebruik, maar die geheel maak 'n harmonieuse indruk en pas perfek in by dié historiese kompleks (1). "Oopmaak" beteken nie "prysgee" nie. Net soos wat stabiliteit nie gelykstaan aan onbeweeglikheid nie.

In sy woordvoerderskantoor by die ministerie van buitelandse sake, regoor die Feng Lian toring met sy luukse winkels buite bereik van die gemiddelde Sjinees, verduidelik mnr. Kong Quan sorgvuldig: "Sjina wil eerstens 'n stabiele raamwerk skep wat bevorderlik sal wees vir ontwikkeling." Etlike honderd kilometer vandaar, in Sjanghai, in die hartjie van die beroemde universiteit van Fudan en die splinternuwe lokale van die Amerikaanse studiesentrum, wat gedeeltelik deur die Amerikaanse agentskap vir internasionale ontwikkeling (USAID) befonds is, praat ons met professor Shen Dingli, 'n groot kenner van kernkwessies, en nie een vir leë praatjies nie. Ook hy gebruik die onvermydelike sleutelwoord "stabiliteit". Niks maak hom bekommerder as 'n – voortdurend waarskynlike – destabilisering in die naasliggende Koreaanse skiereiland, of in die Midde-Ooste wat vir meer as die helfte van Sjina se olie-invoere sorg nie.

Hierdie deskundige gee die sleutel tot wat sommiges "status-quo-diplomasie" noem. Vir Beijing is die bestaande orde – hetsy dan Amerikaans, hetsy ongunstig – verkieslik bo wanorde, wat sy planne vir groei en sy internasionale ambisie in die wiele sal ry. Groei is die basis vir die binnelandse maatskaplike ooreenkoms wat van jaar tot jaar die regime se voortbestaan verseker. Die doel van internasionale projekte is om aan Sjina "sy regmatige plek in die internasionale arena" terug te gee, aldus mnr. Kong. Vandag het die land meer te sê en is hy aktiewer as vroeër, maar nog heelwat minder as wat hy in die toekoms sal wees, soos wat sy mag geleidelik toeneem.

Ekonomie nie al dryfveer nie

Anders as wat dikwels geglo word, is ekonomie nie die enigste dryfveer van 'n diplomasie wat slegs daarop gemik sou wees om Sjina se sakke vol te maak met grondstowwe of graan nie. Natuurlik moet internasionale betrekkinge bydra om in energie- en voedselbehoeftes te voorsien. Maar ekonomie maak slegs 'n deel uit van die groter beeld wat Sjina van homself het, beide binne die streek en in die wêreld. Dit vorm deel van die vreedsame arsenaal wat noodsaaklik is vir enige erkenning op die internasionale verhoog. Daar word dikwels verwys na "die geskiedenis van die afgelope vyfhonderd jaar": as sy ekonomie nie sterk is nie, word daar nie na 'n land geluister nie.

In die onlangse verlede het drie aangeleenthede tot nadenke gestem. Die eerste het te make met die gebeure op die Tiananmen-plein, wat nog steeds 'n verbode onderwerp in die media is (2). Wat die land geruk het, was nie die moontlikheid dat die regime in twyfel getrek kon word nie – politieke opposisies is steeds verbode, hoewel intellektuele, teenstrydig genoeg, groter bewegingsvryheid geniet. Dit is die prys wat teenoor die buitewêreld betaal moes word, wat dikwels beklemtoon word. Om mee te begin, die Weste se handelsverbod, ingestel op 'n tydstip toe die Sowjetunie reeds nie meer in staat was om Beijing van moderne wapens te voorsien nie. Tienanmen-skokgebeure het veral die begin van die einde ingelui vir die "wittebrood" (*miyue*) met die VSA. Dié het byna twintig jaar lank geduur, vandat die VN op 25 Oktober 1971 die Volksrepubliek van Sjina in die plek van Taiwan aanvaar het, en president Richard Nixon die land 'n jaar later besoek het, tot met die instel van 'n "strategiese vennootskap" as ontwikkelingsfaktor. Dié tydperk is gevolg deur 'n lang reeks teleurstellings, toenemende insidente (soos die bomaanval op die Sjinese ambassade in Belgrado in 1999) en die versterking van Amerikaanse bande met Sjina se veragte teenstander, Japan.

---

* *Joernalis,* Le Monde diplomatique
Vertaal deur Sonya Barrois-Van Schalkwyk <sonyavs@yahoo.com>

´n Tweede belangrike aangeleentheid was die verbrokkeling van die Sowjetunie. Hoewel niemand die verdwyning van dié vyandige broeder betreur nie, wys menige akademici daarop dat die USSR hom uitgeput het in ’n futiele konfrontasie met die VSA, gepaard met ’n spandabele bewapeningswedren. “Die VSA dryf tot mededinging en ’n roekelose verhoging van militêre uitgawes,” verduidelik ’n deskundige in verdedigingskwessies wat verkies om anoniem te bly, “maar ons moet tevrede wees met die modernisering van ons wapens om ons verdediging te versterk.” ’n Nederigheid wat meer vertoon as werklikheid is, aangesien militêre uitgawes reeds 2,4% van die geproduseerde rykdom verteenwoordig. Maar dis ook ’n stewige argument teenoor die militêre hoofkwartier, wat heelwat meer vra.

Nie ´n bipolêre planeet nie

Meer in die algemeen gesien, is dit die verdeling van die wêreld in twee kampe wat volgens Sjinese diplomate uiteindelik duur te staan kan kom. En hoewel almal die “enkel swaartepunt” wêreld betreur wat deur die VSA beliggaam word, is niemand ook lus om terug te keer na ’n “bipolêre planeet” nie. Nog minder het die land enige begeerte om byvoorbeeld die leier te word van ontwikkelende state – dit sou te veel opofferings verg. “Ons deel met talle ontwikkelende lande ’n besorgdheid oor die demokratisering van internasionale organisasies,” bevestig mnr. Kong, wat die belangrikheid daarvan onderstreep om verhoudings met Afrika (3) en Latyns-Amerika aan te knoop. “Maar daar is geensins sprake van ’n spil skep nie. Ons moet wegkom van die koue-oorlog-mentaliteit; ek sou eerder wou praat van ‘gedeelde ontwikkeling’. Ons moet ’n onderhandelingsmentaliteit daar stel, wat wedersydse toegewings veronderstel. Met die opvlam van handelsverhoudinge, gaan meningsverskille toeneem. Ons sal dit met ’n gees van onderhandeling tegemoet moet gaan, en nie een van sisteem-behoptheid nie.”

In werklikheid wil die regering help bou aan ’n multipolêre wêreld waarin Sjina eendag een van die voorste posisies sal inneem – in die middelpunt, nie bo-aan nie. Vanwaar hy kan uitstraal, nie domineer nie. En dit is meer as net ’n vormlike onderskeid (4). ’n Mens moet onthou dat Sjina, toe hy van die 6de tot die 17de eeu op sy magtigste was, die grootste vloot ter wêreld gehad het en oor massiewe ekonomiese en tegnologiese bates beskik het (5), sonder dat hy ooit enige volke of beskawings verwoes het – anders as die Europeërs.

En, ’n derde noemenswaardige feit: die Sjinese owerhede het voordeel getrek uit die ekonomiese krisis wat Asië in die jare 1997-1998 geskud het. Nie alleen is dit die enigste land wat wisselkoersbeheer bly toepas het en druk van die Internasionale Monetere Fonds (IMF) weerstaan het nie (6), Sjina is ook die enigste een wat sy groeipotensiaal behou het toe die ander, Japan inkluis, ingesink het. En daarbenewens, met die joean gekoppel aan die dollar, het hy bygedra om ’n sekere stabiliteit in die streek tot stand te bring te midde van die finansiële debakel. Die land kon hom dit selfs veroorloof om lenings met lae rente en hulp aan verskeie “reuse” toe te staan wat op daardie tydstip in die moeilikheid was.

Die vier “nee’s”

Met die verloop van tyd het die nuwe generasie aan bewind ’n strategiese doktrine gebou rondom die “vier nee’s” wat president Hu Jintao uiteengesit het: “Nee vir heerskappy, nee vir magspolitiek, nee vir politieke blokke, nee vir die bewapeningswedloop.” (7) Dit gaan daarom om “vertroue te bou, probleme te verlig, samewerking te ontwikkel, en konflikte te vermy”. Bewus van sy tekortkominge langs die Amerikaanse reus en sy mededingers in die Asiatiese streek, ontplooi Beijing wat beskryf kan word as ’n “asimmetriese diplomasie” met ’n hoë mate van beweeglikheid, wat bilaterale verhoudings bevoordeel en terselfdertyd aktief deelneem aan streeksorganisasies, en wat wydstrekkende ekonomiese bande knoop terwyl dit eertydse territoriale spanninge verminder.

So het Sjina en Rusland op 2 Junie 2005 in Wladiwostok ’n ooreenkoms onderteken aangaande die Oostelike grens – ’n twispunt wat slegs 2% van die gedeelde grens se 4 300 km geraak het, maar wat verhoudinge sedert die einde van die tweede wêreldoorlog vertroebel het. “Dis die eerste keer in die geskiedenis van Sjina en Rusland se verhoudings dat al die gemeenskaplike grense wettiglik omskryf is,” verklaar mnr. Vladimir Poetin tydens die finale onderhandelingsfase.

´n Paar weke tevore, op 11 April 2005, onderteken die Indiese premier Manmohan Singh en sy Sjinese eweknie, Wen Jiabao, ’n protokol om die grenstwis op te klaar wat die twee lande sedert 1962 in onmin gedompel het: Beijing maak aanspraak op ’n groot deel van die grondgebied van die staat van Arunachal Pradesh (90 000 km^2) in die Noordooste van Indië; in die Noordweste maak Nieu-Delhi aanspraak op Aksai Sjin, ’n deel van Kasjmir (38 000 km^2). “Dis nog maar die begin van gesprekvoering,” aldus mnr. Kong. “Maar dis die eerste keer dat ’n amptelike dokument die grenskwessie aanroer.” ’n Historiese tree vorentoe wat Beijing hoop om verder te voer met die daarstel van ’n vryhandelsone tussen die wêreld se twee grootste demografiese reuse.

Hierdie nuwe betrekkings het ook ’n effek op verhoudings met eertydse bondgenote, veral Pakistan. “In die konflik tussen dié land en Indië, staan ons nou meer neutraal,” verseker Yang Baoyun, ondervoorsitter van die Navorsingsentrum vir Asië en die Stille Oseaan, wat ons by die Beida-universiteit in Beijing ontmoet het. Volgens hom het Islamabad “geruime tyd voordeel uit die spanninge getrek”, maar denke begin nou verander, soos die hervatting van die trans-Kasjmir busroete wat sestig jaar gelede gesluit is, getuig (8).

Noord-Koreaanse betrokkenheid

Nog ’n teken van Sjina se “vreedsame opkoms”: sy betrokkenheid in die openlike krisis in Oktober 2002 tussen die VSA en Noord-Korea, wat verklaar dat hy gereed is om kernbomme te vervaardig. By die

ontstaan van die groep van ses (Sjina, Suid-Korea, Noord-Korea, Japan, Rusland, die VSA), wat daargestel is om geskille te besleg, kalmeer Beijing met moeite die gemoedere in Pyongyang, aangevuur deur die Bush-administrasie se opruiende verklarings.

Alles dui daarop dat die kernbewapening van die Koreaanse skiereiland Beijing dwars in die krop steek en dat, as Pyongyang "met toetse begin, ons alle hulp sal staak," soos Yang Baoyun dit stel. Maar opinies verskil oor die soort druk wat uitgeoefen moet word: sommiges meen dat hulp minstens gedeeltelik ingekort moet word en herinner aan die uiters gerieflike "tegniese insident" wat in 2004 gelei het tot die afskaal van olielewering, wat president Kim Jong-il daartoe genoop het om gesprekke te hervat (9); ander, soos mnr. Shen Dingli, reken inteendeel dat om hulp weg te neem, die "laaste bietjie hoop van 'n reeds rampspoedige regime sal smoor en hom tot die ergste sal dryf".

"Korea is 'n pynlike oorlas," soos 'n voormalige diplomaat dit opsom, "'n regime waarin mense van honger sterf ter wille van 'n familiale mag. Maar Sjina is in 'n hoek. Hy kan nie vorentoe of agtertoe nie." 'n Deel van die weermag begin selfs dink dat kernbewapening uiteindelik nie so 'n slegte plan is nie en dat, in 'n geval van konflik, "Korea 'n waghond vir Sjina sal bly." Dit staan vas dat Beijing – indien nie aan Washington nie, dan minstens aan sy bure – gewys het dat hy in staat is om sy beleid van eertydse bondgenootskappe te wysig om 'n fase van aktiewe diplomasie te betree. 'n Bewys hiervan is die versterking van sy bande met Suid-Korea, 'n ou bondgenoot van die VSA, wat bekommerd is oor destabilisering in die Noorde – veral nadat Duitsland se gesukkel om sy Oostelike gedeelte te absorbeer, hom katvoet gemaak het vir die naburige diktatuur (10).

Japan doring in die vlees

Die groot doring in die vlees van die Sjinese tier is Japan. "Nog nooit tydens die afgelope dertig jaar was die verhoudinge so sleg nie," is Yang Baoyun se bekommerde uitspraak, wat bevestig word deur al die deskundiges wat 'n mens teëkom. Japan se weiering om sy verlede in die gesig te staar word dikwels geopper, met die insident van die geskiedenisboek wat Japannese misdade tydens die besetting as gering afmaak, asook die premier, Junichiro Koizumi, se besoek aan die Yasukuni-gedenkkompleks, waar oorlogsmisdadigers begrawe lê. 'n Besoek aan die Shenyang-museum in die Noordoostelike deel van die land, 'n belangrike baken tydens die besetting, help 'n mens om die traumatiese implikasies te begryp: moorde, martelings en mediese eksperimente wat die Japannese weermagte sedert 1931 gepleeg het, word hier ten toon gestel, asook die onlangse ontkennende verklarings deur Japannese hooggeplaastes (11). Hier, soos in Beijing, wanneer 'n mens praat van die anti-Japanse betogings in die lente van 2005 – hoofsaaklik deur streng-gekontroleerde studente en bykans geen werkers nie – hoor 'n mens dikwels die antwoord: "Wat sou jy gesê het as 'n Duitse staatshoof hulde bring by die grafte van oorlogsmidadigers?"

Buiten territoriale probleme rondom die eilande wat aan Japannese kant Senkaku heet, en aan Sjinese kant Diaoyu, met hul ryk olie- en gasbronne, word daar ook met kommer gekyk na die versterking van militêre bande tussen Washington en Tokio. Volgens mnr. Kazuya Sakatomo, professor aan die universiteit van Osaka, "is Japan, nadat hy vir sestig jaar sy kop laag moes hou, nou sterk op pad om Australië te vervang as die VSA se adjudant-sjerif in die Stille Oseaan-gebied, en om een van die steunpilare van die Amerikaanse verdedigingstelsel in die XXI^{e} eeu te word" (12). Die hersien van die Japanse Grondwet (13), die stuur van troepe na Irak, die oorplasing van die Amerikaanse weermag se 1ste korps (vir operasies in die Stille en Indiese Oseane) van die weskus van die VSA na die Zama-kamp suid van Tokio, staaf hierdie teorie (14).

Daarbenewens steun Washington Japan se kandidatuur as nuwe permanente lid van die VN se Veiligheidsraad – 'n kandidatuur wat direk deur Sjina teengestaan word, en waarteen hy selfs dreig om sy vetoreg te gebruik. "Voordat hy daaraan dink om op die Veiligheidsraad te sit, moet Japan eers konsensus in sy eie streek kry," het die Sjinese ambassadeur by die VN, mnr. Wang Guangya, op 26 Junie hierdie jaar verklaar. Beijing hoop om dié ronde te wen met die steun van Suid-Korea, wat hewig protes aangeteken het teen mnr. Koisumi se militaristiese sentimente (15); dié van Indië, wat ook hoop op 'n vaste setel in die Veiligheidsraad; en dié van Afrikalande met wie hy taamlik gewigdraende ekonomiese bande het (veral wat olie betref).

Taiwan die laaste spyker

Laastens was die melding van Taiwan in die hersiening van die bilaterale sekuriteitsooreenkoms tussen Amerika en Japan (16) die laaste spyker in die kis van Sjina en Japan se verhoudings. Sedert die normalisering van hul betrekkinge in 1972 het Japan altyd hierdie vraagstuk links laat lê. Die VSA self het die slagspreuk aanvaar van "Twee stelsels, een land". Die inlywing van Taiwan by Sjina "kan honderd jaar of langer duur", soos 'n diplomaat dit uitdruk, "maar 'n skeiding is onmoontlik", onaanvaarbaar vir die bevolking, die weermag en die regering.

Die sterk diskoers die afgelope maande en die anti-afskeidingswet wat in April 2005 aangeneem is, is dus defensief eerder as offensief, en trek 'n streep wat nie deur Taiwan en sy bondgenote oorskry kan word nie. Want 'n ieder erken dat 'n militêre operasie met geweldige politieke, diplomatieke en ekonomiese koste gepaard sal gaan. Dit wil lyk of Beijing 'n onafhanklikheidsverklaring van Taipei vrees op die vooraand van die Olimpiese Spele in 2008, 'n geleentheid waarop die regering ten swaarste reken om 'n beslissende deurbraak op streeks- en wêreldvlak te maak. Vandaar die dreigemente, maar ook die aantrekkingskrag.

Die leiers van die Kuomintang-party, eertydse vyande wat sedert 1949 nog nie weer hul voete in Sjina gesit het nie (17), is luisterryk aan die begin van Mei ontvang. Mnr. Hu Jintao se onlangse reis deur Latyns-Amerika, met die hoofdoel om die verskaffing van olie

(Venezuela), grondstowwe, graan en soja (Cuba Mexiko, Brazilië...) te beveilig, was ook daarop gemik om diegene (veral in Sentraal-Amerika) wat nog "nou bande met Taipei handhaaf", te laat verstaan dat "Sjina 'n heelwat groter mark het"... In die onmiddellike toekoms reken die leiers heelwat op die bykans 8 000 Taiwannese entrepreneurs wat in Sjina belê het om druk op die Taipei-regering te plaas. Vir sover dit die Bush-administrasie betref, het hulle uiteindelik daarin geslaag om hul bondgenoot se onafhanklikheidskoors te demp, en Japan is nou meer diskreet.

Die opposisie bly egter steeds lewenskragtig. Soos 'n voormalige diplomaat dit opsom: "In die die loop van die geskiedenis het die streek eers 'n sterk Sjina en 'n swak Japan geken, toe 'n verswakte Sjina en 'n sterk Japan. Nou beweeg ons na 'n Sjina wat gelykstaan met Japan; dit is wat Japan se ewewig laat wankel." Die tafels is omgekeer, maar ons is nog ver van 'n herskikking van magte. Sjina is wel die VSA se belangrikste Asiatiese verskaffer, voor Japan; en hy neem tweede plek in, net ná laasgenoemde, in terme van monetêre reserwes – merkwaardig genoeg in Amerikaanse effekte – maar sy bruto binnelandse produk (BBP) is nog twee en 'n half keer minder as dié van Japan. Sjina kan Amerika daarmee dreig dat hy nie meer bankier wil speel nie en dollars begin verkoop, maar Tokio sal onmiddellik die Amerikaanse geldeenheid te hulp snel.

Mededinging nie uitgesluit nie

Hierdie oneweredige magsverhouding sluit nie mededinging uit nie. Waar Japan hoop om sy rol as wêreldleier in die Asiatiese streek te vestig (deur 'n vaste lid van die Veiligheidsraad te word – wat herbewapening sou beteken, iets wat sy bure, en nie net die Sjinese nie, vrees), wil Sjina inteendeel sy rol as Asiatiese leier in die wêreld konsolideer. Vandaar sy ontplooiing in multilaterale instansies. Sy lidwording van die Wêreld Handelsorganisasie in 2001 het hom in staat gestel om 'n beslissende mylpaal verby te steek. Met groot geduld het hy sy plek verower in ASEAN (Association of South-East Asian Nations), 'n instrument van die koue oorlog by uitstek (18). Aanvanklik slegs as waarnemer in 1991, word hy later 'n volwaardige lid en slaag in November 2004 daarin om 'n vryhandelsone deur ASEAN te laat skep (19). In Sentraal-Asië getuig die skep van die Sjanghai-organisasie (met Rusland, Kasakstan, Kirgistan, Tadjikistan en Oesbekistan) in April 2001, van sy handelsoogmerke (insluitend die verkryging van koolwaterstof). Dié inisiatief het sedert die oorlog in Afganistan 'n hoogs politieke kleur gekry. Sjina deel Rusland se besorgdheid oor die oprig van Amerikaanse basisse in die omgewing, asook ander republieke se kommer oor Islamitiese bewegings wat as onafhanklikheidsgesind gesien word (veral die Ouighours), en die owerheid skroom nie om enige teenstandbeweging, soos onlangs in Kirgistan, met geweld te stuit nie.

In die geheel gesien, soos die Amerikaanse navorser David Shambaugh dit stel, "blyk Beijing se bilaterale en multilaterale diplomasie uiters doeltreffend te wees met die wen van vertroue in die Asiatiese streek. Gevolglik beskou die meeste lande Sjina nou as 'n goeie buurland, 'n konstruktiewe bondgenoot, 'n aandagtige gespreksgenoot, en 'n streeksmag wat nie vrees inboesem nie." (20) Sou 'n mens daarom van die "Beijing-konsensus" (21) kon praat as 'n nuwe ontwikkelingsmodel, soos wat Joshua Cooper Ramo, lid van die Council on Foreign Relations in Londen, suggereer? Sal Sjina die leiding kan neem in 'n ekonomiese en politieke Asië-unie? Die land het beslis nie die finansiële vermoëns nie: tweederdes van sy uitvoere kom van buitelandse maatskappye wat op sy grondgebied gevestig is, en wat produkte aanmekaar sit wat elders ontwerp is.

Sjina blink wel uit op 'n paar hoogs aktuele terreine (soos veseloptika of selfone), en hy spits hom daarop toe om in die liga op te beweeg deur buitelandse navorsing te trek, en deur die aankoop van maatskappye om bekende handelsmerke te bekom en voordeel uit tegnologiese oordrag te trek... Op die oomblik bly sy groei – steeds wankelrig vanweë sy kwesbare finansiële stelsel – uiters afhanklik van ASEAN-lande en Japan wat betref produksie, en van Westerse lande vir sy uitvoere. Die geringste haakplek met byvoorbeeld die VSA kan in werklikheid sy dinamiek tot stilstand bring en polities plofbaar wees.

Sjinees-Japannese spil

Sommige deskundiges hoop steeds op 'n Sjinees-Japannese spil, soortgelyk aan die Frans-Duitse spil in Europa. Op dieselfde tydstip dat anti-Japanse betogings in die lente van 2005 gehou is, bring 'n kongres in Beijing Japannese, Sjinese en Koreaanse denkers byeen (22). 'n Amptelike skoolhandboek, die werk van geskiedkundiges uit die drie nasies, het in Junie, in al drie die lande die lig gesien. Maar dit bly marginaal. En hoewel die VSA bereid is om 'n groter deel van sy mag in die streek (as militêre sambreel) te delegeer, lyk dit onwaarskynlik dat hy 'n sterk streeksmoontheid sal aanvaar – nie Japan nie, en nog minder Sjina.

Laasgenoemde wil nietemin vinnig vooruitbeweeg, sonder om aan orde in te boet. Maar "hy kan slegs sy invloed laat geld," verduidelik 'n diplomaat, "indien hy 'n aantreklike kultuur besit – soos wat aanvanklik die geval was met ons taal." Sommiges werk hieraan, maar hulle beskik nie oor 'n openbare debatsverhoog nie. En die gevaar, volgens ons bron, is dat Sjina, deur politieke vryhede te kniehalter, "homself sal kniehalter".

---

(1) Beida was deel van die Somerpaleis wat deur Frans-Engelse troepe verwoes is tydens die opium-oorlog in Oktober 1860.

(2) Op 4 Junie 1989 is 'n protesbeweging van studente, en deels werkers, met geweld onderdruk. Hoewel dié aangeleentheid byvoorbeeld by die Qinhua universiteit in Beijing behandel word as deel van die kursus oor maatskaplike bewegings, word dit elders onverbiddelik doodgesmoor, selfs in nuusprogramme van TV5, wat uitsluitlik deur buitelanders en 'n handjievol Franssprekendes gekyk word: 'n swart skerm verskyn sodra joernaliste na dié gebeure verwys.

(3) Kyk Jean-Christophe Servant, “Die Sjinese aanslag op die Afrika-mark: Teenstrydighede van Suid-Suid-handel”, *Die Vrye Afrikaan-Intussen* saam met *Le Monde diplomatique,* Mei 2005, http://www.vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=223.
(4) Lees François Jullien, *Penser d’un dehors (La Chine)*, Seuil, Parys, 2000.
(5) Lees Angus Maddison, “L’économie chinoise, une perspective historique” , OESO studies, Parys, 1998. Sien ook Philip S. Golub, “Retour de l’Asie sur la scène mondiale”, *Le Monde diplomatique,* Oktober 2004.
(6) Gedurende die krisis het Maleisië wisselkoersbeheer teruggebring. Lees "Les fourberies de M. Camdessus", *Le Monde diplomatique*, Januarie 2005.
(7) Toespraak van April 2004, aangehaal deur Joshua Cooper Ramo, *The Beijing Consensus*, The Foreign Policy Center, Londen, 2005.
(8) Sedert 7 April 2005 bedien ’n busredery die 172 kilometer tussen Muzaffarabad, in die Pakistani deel van Kasjmir, en Srinagar, in die Indiese gedeelte.
(9) In September 2004 is die internasionale ondersoek-tydskrif, *Zhanlue yu guanli*, gesluit ná ’n uiters kritiese artikel oor Noord-Korea.
(10) Lees Ignacio Ramonet, “Alertes en Corée”, *Le Monde diplomatique,* Julie 2005.
(11) Die tentoonstelling word gerugsteun deur ’n reeks verklarings en optogte in Japan in protes teen die land se herbewapening.
(12) Aangehaal deur Simon Tisdall, “Japan emerges as America’s deputy sheriff in the Pacific”, *The Guardian*, Londen, 19 April 2005.
(13) Artikel 9 van die Grondwet verbied Japan om ’n weermag te hê. Dié artikel sal dus verwyder moet word om die selfverdedigingsmagte in ’n staande leër te omskep.
(14) Lees Chalmers Johnson, “Coming to terms with China”, www.tomdispatch.com/index.mhtml?pid=2259.
(15) President Roh Moo Hyun se “Toespraak aan die volk” op 23 Maart 2005.
(16) Die strategiese ooreenkoms onderteken in 1996 is op 20 Februarie 2005 in Washington hersien.
(17) Die Kuomintang, onder leiding van Tchang Kaï-chek, val in 1949 terug na Taiwan. Dié party, wat vir vyftig jaar lank die eiland regeer het, is vandag deel van die opposisie.
(18) Tot stand gebring in 1967 in Bangkok, het dit oorspronklik bestaan uit Maleisië, die Filippyne, Thailand, Indonesië en Singapoer, en later ook Broenei, Viëtnam, Birmanië, Laos en Kambodja.
(19) Doeaneregte sal geleidelik opgehef word tot en met 2010.
(20) “China engages Asia. Reshaping the Regional Order”, *International Security,* Washington, vol. 29, n° 3, Winter 2004-2005.
(21) *The Beijing Consensus*, *op. cit.*
(22) Verslag van die konferensietafel, “Chercher un nouvel espace”, *Dushu*, Beijing, n° 6, Junie, 2005. Lees ook Wang Hui, “Les Asiatiques réinventent l’Asie”, *Le Monde diplomatique,* Februarie 2005.

Le Monde diplomatique

Die vreesbedryf

Terroriste en burgers almal op oog

DIE MOORDDADIGE AANVALLE OP 7 JULIE IN LONDEN IS DEEL VAN ’N REEKS HANDELINGE WAT VERAL GEMIK IS OP LANDE WAT IN DIE MILITÊRE BESETTING IN DIE MIDDE-OOSTE BETROKKE IS. DIT IS DIE VOORTVLOEISEL VAN ’N ASIMMETRIESE OORLOG (1) WAT MIN KEUSES LAAT AAN DIEGENE – GODSDIENSTIG OF NIE – WAT GLO DAT HULLE VEG TEEN ’N “KRUISTOG” WAT DAAROP UIT IS OM BEHEER OOR HULPBRONNE TE VERKRY, EERDER AS OM DEMOKRASIE TE VERSPREI.

Deur Denis Duclos[*]

Maar of dit nou weerstand of blindelingse terrorisme is, die land wat daardeur getref word, moet sy burgers beskerm. En soos die leiers van die G8 uiteindelik erken het, lê die diepgaande oplossing vir geweld in die uitwis van onderdrukking en armoede (2). Oor die korter termyn het Spanje ’n doeltreffende verdediging gekies ná die verskriklike aanval wat 186 lewens op 11 Maart 2004 in Madrid geëis het: die onttrekking van hul besettingstroepe uit Irak, gekoppel aan ’n sorgvuldige polisie-ondersoek.

Dit is nie die koers wat ander betrokke lande ingeslaan het nie: prioriteit is eerder gegee aan ’n “tegnosentriese” respons, gemik op ’n groot aantal buitelanders wat – om redes wat niks met terrorisme te make het nie – as “ongewens” beskou word, maar ook op die bevolking in geheel (3).

Te midde van totale wanorde binne die Amerikaanse inligtingsdiens, het die duiseling-wekkende aanvalle op 11 September 2001 direk gelei tot ’n eskalasie van middele om presiese inligting oor miljoene mense te bekom, om sodoende inligting oor die boosdoen-potensiaal van *enkele* individue af te lei. Vier jaar later loop die tegno-sekuriteitsmasjinerie in topversnelling. Veral in sogenaamde vrye lande. Reisigers en hul bagasie word met X-strale gefynkam, biometriese inligting word geberg, selfone word dopgehou, miljuisende telefoonnommers word geliasseer, vingerafdrukke word gedigitaliseer, kruisverbande word gelê tussen die reuse liasseerstelsels van staatsdepartemente of maatskappye.

Hierdie rep en roer kan nie meer geregverdig word deur die soeke na die (bose) naald in die (goeie) hooimied nie: terwyl die FBI nog in die duister bly oor die identiteit van die helfte van die Twin Tower-aanvallers, het ontleders van die Matrix-liasseerstelsel hulle voorsien van 120 000 name van gewone Amerikaanse burgers wat geag word “´n hoë terrorismekwosiënt” te hê. Tienduisende valse “positiewe” resultate – en dus eweveel amper-reg-foute – is opgelewer deur biometriese opnames op die grense van die ryk: gevalle van swanger vroue wat deur liggaamshittesensors uitgewys is (wat veronderstel is om ’n gespanne terroris uit te ken), is ’n tekenende voorbeeld ...

Sedert 2001 het talle stadsrade, maatskappye en lughawens met volharding die rampspoedige Tampa-eksperiment herhaal: die firmas Graphco, Raytheon en Viisage het dié stad van toerusting voorsien om 24 000 foto’s van misdadigers met die gesigte van die 100 000 toeskouers by sy beroemde Amerikaanse voetbalkampioenskap te vergelyk. Die enigste resultaat was die ondervraging van enkele arme drommels ...

´n Ongepaste wyse om kamikaze op te spoor – wat immers die rede daarvoor was – is die dophou van groot getalle mense ook nie die beste oplossing om die instroming van onwettige immigrante te beheer nie. Dit is iets wat van nature nie deur kontrole stopgesit kan word nie, maar wat net opgelos kan word deur ekonomiese ewewig tussen verskillende wêreldstreke te bewerkstellig.

Ondoeltreffende verbetenheid

Hoe verklaar ’n mens dus hierdie verbetenheid, wat deur die meeste praktisyns – polisie of militêr – van die anti-terroristestryd gekritiseer word? Waarom, ten spyte van sy bewese ondoeltreffendheid en disproporsie met betrekking tot die oogmerk, word daar volhard met ’n onversadigbare honger na die optekening en rekenarisering van persoonlike gegewens en liggaamlike elemente, na die taktiele, visuele, temperatuur-, reuk- en radiofrekwensiële naspeuring van mense, waar hulle ook al gaan? Waarom word Londenaars 300 keer per dag gefotografeer, en onophoudelik verfilm deur 2,5 miljoen videokameras in alle uithoeke, as ons weet dat dit nie die terroriste verhoed het om hul bomme op 7 Julie te laat ontplof nie? Waarom terugkeer na verpligte identiteitsdokumente en die beginsels prysgee

---

[*] *Sosioloog, navorsingshoof aan die CNRS (Franse wetenskaplike navorsingsraad), skrywer van onder meer* Le Complexe du loup-garou. La Fascination de la violence dans la culture américaine*, Parys: La Découverte, heruitgawe 2005.*
Vertaal deur Sonya Barrois-Van Schalkwyk, sonyavs@yahoo.com

van "privaatheid" (4) en elke persoon se anonimiteit teenoor openbare en private outoriteite?

Benewens die handhawing van orde, is daar net een toepaslike antwoord: instansies en maatskappye ontdek in "vrees-bestuur" 'n onuitputlike bron van mag, beheer en winsmaking.

Sedert 11 September 2001 bied mnr. George W. Bush se beleid 'n aantreklike oplossing: die hermobilisering van die ganse planeet rondom die oogmerk van sekuriteit. 'n Ware vonds. Anders as olieafsettings, is die kanse dat angs, gevoed deur die ekonomiese krisis, aardverwarming en die demografiese ontploffing, sal opdroog, gering. Provokasie, wat nasies in 'n toestand van verontwaardigde vrees vasvang, blyk te eniger tyd moontlik te wees. Dringendheid legitimiseer optrede sonder enige waarborg van demokrasie, en maatskappye en instansies wat "beveiliging" verkoop, kan ten nouste betrokke raak in "vrees-besigheid" (5), in die sekerheid dat hulle steun van regerings sal ontvang, alhoewel 'n klimaat van kommer normaalweg skadelik vir besigheid is.

So word daar, onder die voorwendsel van 'n veelvormige gevaar, 'n wêreldwye armada van veiligheid opgebou, waarvan die vinnige, doeltreffende koördinasie 'n mens laat vermoed dat dit in werklikheid die kern is van 'n nuwe kapitalisme in wording: 'n kapitalisme van vrees.

Vier verwikkelde bewegings struktureer hierdie mutasie:

- 'n versnelling van konneksies tussen uitvindsels in die verskeie segmente van die vreesmark: identifikasie, dophou, beskerming, arrestasie, aanhouding;
- 'n vermenging van enersyds oorlogsbedrywe en militêre organisasies wat hulle wend tot die oplei en toerus van die magte van wet en orde, en andersyds die gepaardgaande militarisering van burgerlike veiligheidsmagte;
- 'n groeiende band tussen openbare en private maghebbers, beide in identiteitsbeheer en die vermoë om beperkings en verbiedings op te lê;
- ideologiese druk, wat gelyktydig op regs-, politieke, administratiewe, ekonomiese en mediaterrein uitgeoefen word, en wat daarop gemik is om "beveiligbare" angs voort te plant en om voorkomende beheer alledaags te maak, sodat ons dit aanvaar as 'n nuwe normaliteit van die menslike bestaan.

"Veiligheids"dienste

Die meeste groot nywerheids- en tegnologiese groepe bied nou op byna militante wyse "veiligheids"dienste en -produkte aan wat op hul gebruiklike sektore gebaseer is. Agter elke professionele akroniem staan 'n groeiende mark: hetsy AFIS (Automatic Finger Imaging System – die vergelyking van vingerafdrukke met dié wat in gerekenariseerde databanke geberg is), of die klassieke CCTV (Closed Circuit Television – videotoesig), EM (Elektronic Monitoring – die afstandskontrolering van individue) of EMHA (Electronic Monitoring of People under House Arrest – elektroniese polsverklikkers), RFID (Radio Frequency Identification – 'n elektroniese etiket wat inligting berg en per radiofrekwensie na 'n lees-apparaat toe deurstuur), of allerlei "X-straal-sisteme" om passasiers te deursoek, sonder om te praat van die verskeidenheid sagteware om die inligting te verwerk. Oral beleef die tegnologiese aanbod 'n bloeitydperk.

Net om enkele voorbeelde te noem: in Frankryk gebruik 'n filiaal van TF1, Visiowave, sy televisievaardighede om verdagte gedrag in openbare plekke op te spoor (danksy sagteware wat gebare ontleed), en om promosie-uitsendings op skerms in moltreine en busse te skep. Thalès (voorheen Thomson CSF) vervaardig volledige videokontroletoerusting, en skroom nie om dit aan outoritêre state te verkoop nie. Die reuse in die rekenaar- en elektronikabedryf bly ook nie agter nie, soos Microsoft en sy bekende Palladium-mikroskyfie wat persoonlike rekenaars se lêerstelselbeheer (gestion des fichiers) van buite af kan monitor, of wat dink aan die wêreldwye verspreiding, teen 'n geraamde omset van 3 miljard dollar in 2009, van sy "kontaklose" etiket wat deur radiofrekwensie opgespoor kan word (RFID), en wat 'n gemerkte produk kan naspoor tot in die huis van die persoon wat dit gekoop... of gesteel het!

Verskeie groepe maak reeds van soortgelyk metodes gebruik, soos die Britse winkelketting Tesco (2 000 winkels regoor die wêreld) wat besig is om 'n radiofrekwensie-volgsisteem op sy verpakkings uit te toets.

Enige spesifieke gebied kan die basis wees vir 'n "patriotiese" bydrae: 'n groot vervaardiger van elektroniese verbindings bemark 'n *sticky shocker* (´n elektriese "kalmerings"-wapen [6]). Die klein Amerikaanse firma Applied Digital, wat vroeër in die vervaardiging van onskuldige toestelle vir vogtigheidsbeheer en motor- of motorhuissleutels gespesialiseer het, ontwerp die "Verichip" mikroskyfie – wat onder die vel geplaas word! – wat dit moontlik maak om mense op te spoor...

Afstandkontrole van mense

Dan is daar die groot farmaseutiese trust Lilly, ontdekker van onder meer Prozac, wat navorsing doen oor die afstandkontrole van mense in huisarres, en wat byvoorbeeld 'n sensorarmband ontwikkel wat alkohol- en dagga-inname kan bespeur, gekoppel aan 'n afskeier van inhiberende middels of elektriese skokke...

Talle state se ywer om buitelanders, misdadigers, asmede hul eie burgers elektronies te identifiseer, speel 'n groot rol. Die bestellings van die "Veiligheidstaat" is net so kolossaal soos dié van die eertydse "Voorsieningstaat". Openbare begrotings ondersteun die biometriemark, wat na verwagting tienmiljarde dollars in 2007 sal behels. So het die Amerikaanse staatsdiens 1 000 leestoestelle van Anteon bestel vir sy "US Visit" (7) wat 13 miljoen buitelanders, permanente inwoners of grensinwoners kontroleer.

Die inwin van voorinligting oor passasiers, die merk van persoonlike aanwysers deur doeanes, die stoor van gedigitaliseerde vingerafdrukke – soos die Kanadese koninklike polisiediens se geoutomatiseerde

vingerafdruk-identifikasiestelsel (SAID), of dié wat beoog word vir nie-inwoners van Schengengebied-lande (SIS) – verteenwoordig 'n uiters winsgewende mark vir maatskappye wat die kans wil aangryp.

Die staat het ook 'n deurslaggewende rol om die basis te lê vir 'n nuwe maatskaplik-tegnologiese samelewingsbestel. Van die Verenigde Koninkryk tot Estland, Italië tot België, mobiliseer Europese lande om te besin oor die inhoud van 'n nuwe universele identifikasiemedium: siviele status, maar ook gedigitaliseerde identiteitsfoto's, vingerafdrukke en samestelling van die iris. Ook rekenaarhandtekeninge wat in private transaksies gebruik kan word, en sodoende van die Staat 'n outomatiese sertifiseerder van kontrakte maak.

In Frankryk het die nasionale kommissie vir rekenaars en vryhede (CNIL) beswaar gemaak teen die planne vir 'n verpligte, betaalbare nasionale elektroniese identiteitskaart (CNIE), en die Menseregteliga het dit prontuit as "krimineel" afgemaak. Dit maak nie bloot deel uit van die alledaagse strewe na "altyd meer identifikasie", wat die afgelope twee eeue deur alle polisiemagte in die meeste ontwikkelde lande nagestreef is onder die ewige voorwendsels van bedrog, kontrolering van buitelanders en modernisering van die Staat nie. Dit verenig vier normaalweg afsonderlike elemente: die liggaam van die draer, die spoor wat deur hierdie liggaam gelaat word, die kaart wat spore en persoonlike inligting kombineer, en die omvattende sentrale liasseerstelsel wat die uitreiking en rekords van geldige kaarte beheer.

Gesentraliseerde lêers

Deur biometriese gegewens (nuwe naam vir Alphonse Bertillon se antropometrie) en maatskaplike gegewens te verbind, vergemaklik die projek die skep en onderlinge verbinding van groot gesentraliseerde lêers (waarvan die bestaan in 1943 dit vir mense onmoontlik sou gemaak het om aan klopjagte te ontsnap). Aan die ander kant, deur die ingeboude elektroniese skyf te kombineer met die verpligting – soos onder die Vichy-bewind – om die kaart met jou saam te dra, is die volgende logiese stap die onderhuidse mikroskyfie, in werklikheid 'n siviele ekwivalent van die gebruik om vrygelate misdadigers met 'n brandyster ter merk, soos tot in 1832 in Frankryk gedoen is, of met onuitwisbare ink, soos in Groot Brittanje in die 19de eeu.

Natuurlik is ons nog nie by verpligte inplanting nie, en die vel-grens sal waarskynlik nooit só deurgedring word nie. Maar ons is dalk so verlig om te sien dat dié verskrikking deur massa-verwerping afgeweer is, dat ons gevaar loop om nie te sien dat die CNIE sal funksioneer "asof" die liggaam reeds aangetas is nie. Dit kan dit byvoorbeeld moontlik maak om ons bewegings te volg – baie doeltreffender as met die werkersboekie of die binnelandse paspoort wat die Napoleontiese of Sowjet polisiestate in staat gestel het om 'n burger op nasionale grondgebied dop te hou. Des te meer sal so 'n kontaklose kaart die owerhede van ander lande toelaat om hul wet af te dwing (soos die geval is met die VSA van mnr. Bush) en te eniger tyd te weet waar 'n buitelandse besoeker hom bevind. Dit is wat besig is om te gebeur: Amerikaanse regeringsagentskappe het miljoene identifikasiekaarte vir hul personeel laat maak, wat "rekord" hou van hul bewegings, hul rekenaargebruik, en persoonlike inligting soos hul salarisvlak, ens.

Nuwe maatskaplike bestel

Uiteindelik, wanneer dit gekoppel word aan ander gerekenariseerde stelsels (gesondheidskaarte of kredietkaarte wat met of sonder "kontak" werk, elektroniese handtekenings op Internet, ens.), skep die gerekenariseerde vermenging van gegewens, fisieke tekens en die liggaam 'n nuwe maatskaplike bestel waarin Staat en maatskappye ineengestrengel raak in die verkrygng van absolute mag oor die persoon. Die string nuwe veiligheidsuitvindsels teken vir ons die buitelyne – met stippels wat al nader aan mekaar staan – van 'n maatskaplike projek wat beheer word deur die onverhinderde samewerking tussen private magshebbers en openbare instansies.

Ná die tegnologie-ontplooiing wat die weg berei na 'n "kontrolesamelewing", lê die tweede treffende eienskap van hierdie nuwe kapitalisme in die geleidelike ineenvloei tussen vrees vir die vyand en wantroue jeens die burger, tussen die militêre en die polisie... Dié verskynsel raak die meeste Westerse lande, wat deels hul bewapeningswedloop wend tot die opskerping van burgerlike veiligheid. Soos so goed geïllustreer word deur die handelskoue van die veiligheidsbedryf (onder meer een met die raak benaming Milipol [8]), is daar 'n snel toenemende kombinasie van weermagte wat "verburgerlik" en polisiemagte wat gemilitariseer raak – beide openbaar en privaat. Militêre joernale laat die gedagte van "infanterie in skarebeheer" na iets alledaags klink.

Die meeste firmas wat in veiligheid spesialiseer, wend deesdae byna willekeurig hul personeel aan as perseelopsigters, tronkbewaarders, lyfwagte en "sekuriteitsbeamptes" wat hulle aan die amptelike weermagte voorsien. Hiervan getuig die alliansie van multinasionale groepe soos Wackenhut, Serco, Group 4-Talk (met Amerikaans-Brits-Kanadees-Sweedse fondamente), wat 'n jaarlikse omset van 5 miljard dollar het, 360 000 mense in diens neem en 100 lande dek. Hul dienste wissel van die bestuur van privaat tronke (63 tronke en 67 000 gevangenes in die VSA), tot diverse privaat polisiemagte, en die opleiding van ganse kompanjies van militêre veiligheid... om nie te praat van navorsing-en-ontwikkeling op die gebied van afstandbeheer van veroordeeldes en die ontwikkeling van identifikasie- en opspoorstelsels nie.

Hierdie professionaliteit verhoed nie barbaarsheid nie: Wackenhut se behandeling van Amerikaanse aangehoudenes is geregtelik ondersoek, en ons weet byvoorbeeld ook dat CACI International of Titan Corporation, wat nou gemoeid was met "Homeland Security" (9), genoem is in verband met skandale oor marteling deur burgerlike kontraktante in diens van die CIA in aanhoudingsentrums wat deur die Amerikaanse weermag bestuur word in Irak (Abu Ghraib) of in die baai van Guantanamo (10). Is dit

blote toeval dat Titan ook navorsing doen oor biometriese afdrukke? Op tegnologiese vlak is die wetenskaplike, militêre en polisiëringstoepassings net so nou ineengestrengel.

"Regeringsoplossings"

In Frankryk vervaardig Sagem byvoorbeeld helikopters, afstandbeheerde vliegtuie, visiere, simulasies, en beveiligde rekenaarspeletjie- of kredietkaartlesers. Maar die firma is nou ook die wêreld se voorloper in die neem van vingerafdrukke, en bied uiteindelik "regeringsoplossings" vir moeilike kwessies soos krisisbestuur.

Nog 'n voorbeeld: American Science and Engineering (AS&E), wat radiografietoestelle in missiele ingebou het en wat werk aan die opspoor van dwelmmiddels by doeaneposte. Die maatskappy is ook trots op sy "Mobile Search"-stelsel wat dit moontlik gemaak het om honderde onwettige Mexikaanse immigrante te arresteer.

Die Sandia-laboratoriums – 'n jarelange vennoot in die Amerikaanse militêr-industriële sisteem – werk aan die kontrolering van gevangenes met behulp van lokaliseringstelsels deur satelliet (GPS)... en vervaardig plofstof-"snuffelhonde". Die eklektiese Amerikaanse firma Foster-Miller bou masjiene vir die verpakking van toffies en Pepsi... en maak ook 'n net om 'n vyand te vang sonder om hom dood te maak. Hulle neem ook deel aan die vervaardiging van die "TALON"-robot wat aanvalswapens kan hanteer in stedelike guerrillavoering. Só help die nuwe begrip van "niedodelike wapens" (11) om wyd uiteenlopende nywerheidsektore by mekaar uit te bring.

Nog 'n uitvindsel in hierdie skemerdomein tussen gevangeneem en doodmaak: die 7 hertz golf-opwekker wat sedert 1972 in Frankryk verwaardig word en wat mense vir ure lank siek maak. Heelwat vordering is intussen gemaak: byvoorbeeld die "klank van ontsag", die stem in die kop (*voice to skull* of v2K), oorspronklik gebruik om voëls van lughawens af weg te hou, maar wat ook gerig kan word... na menslike koppe. Temperatuur-skokke wat deur radiofrekwensies toegedien word, meng in met die aktiwiteit van die sinapse, wat 'n halsstarrige teenstander van 'n afstand af onbeweeglik maak en koorsig laat raak, voordat hy uiteindelik letterlik gekook of gebraai word. Die ultraviolet laserstraal tas die beenweefsel aan en veroorsaak na gelang van keuse 'n hartaanval of blindheid...

Bowendien deel industriële drukgroepe, polisie-administrasies en die gemediatiseerde sy van volgehoue vrees die ideologiese taak tussen hulle op 'n al meer sistematiese wyse. Daarsonder sou dit onmoontlik wees om ons samelewings rondom hierdie "beheer-oor-elkeen"-beginsel te organiseer.

Natuurlik was die "Total Information Awareness" program wat net na 11 September voorgegee het om alle beskikbare inligting oor die wêreld se 6,5 miljard inwoners vir die Amerikaanse departement van verdediging se gebruik byeen te bring, 'n volslae klug (12). Maar wat dit ontketen het, was veel standhoudender en gevaarliker: 'n sekuriteitsbehepte bekeringskoors op planetêre skaal wat wat daarop uit is om weg te breek van die demokratiese en liberale beginsels waarop ons samelewing gebou is.

Alomteenwoordige toesig

Hierdie paradigmaskuif word bevestig deur FBI-agente wat alomteenwoordige toesig tot sentrale waarde van 'n onsekere wêreld verhef. En Hollywood bly nie agter nie: 'n fliek soos *The interpreter* (13), lomp en vergesog (wie sal nou probeer om in die VN-hoofkwartier 'n ou Afrika-diktator om die lewe te bring?), pryk met 'n katalogus van foefies waarmee die brawe manne van die "Homeland"-departement die bose Mataboles uitoorlê.

In die aangesig van die gevaar stel die elektroniese konsortium Gixel in sy "blou boek" voor dat elektroniese identifikasie reeds in die kleuterskool gebruik word om jong gemoedere ontvanklik te maak vir die voordele van biometrie... Op hul beurt laat videospeletjies van die meeste groot Amerikaanse, Asiatiese of Europese vervaardigers tieners 'n wêreld aanvaar waarin deure net oopgaan wanneer die regte wagwoord gebruik word, terwyl al meer inisiatiewe soos "*Carte à pouce*" ("duimkaart") by die Akwarium in Lyon, kinders gewoond maak aan die gedagte dat vingerafdrukke 'n normale identifikasiemiddel is.

Hierdie klimaat moedig die toenemend skaamtelose aanslae op die vertroulikheidsbeginsels wat deur die VN se Menseregtekommissie vasgelê is, aan. Die Franse federasie van versekeraars beweer nou dat hulle toegang het tot persoonlike inligting op elektroniese mediese vorms, en lui só ewe luiters die doodsklok vir mediese geheimhouding. Die Australiese parlement het wette aanvaar wat die polisie toelaat om op e-posse te spioeneer. Die Switserse staat luister selfone af, en Duitse politici is al meer vatbaar vir die gesegde *"Datenschutz ist täterschutz"* (beskerm die inligting, beskerm die misdadiger).

Die Dene laat nie demokratiese waardes in hul pad staan om 'n anti-terroriste-wet wat vryhede inperk, te aanvaar nie. In Die VSA stel die *Foreign Intelligence Surveillance Act* (FISA) die regering in staat om dop te hou wat in biblioteke gelees word. Erger nog, 'n federale regter het beslis dat die aanbring van 'n GPS opspoorder op 'n verdagte se motor "nie 'n skending van privaatheid" (14) is nie.

Saam illustreer hierdie tekens die uitkalwing van die "ou" model van burgerlike vryhede. Natuurlik is daar weerstand: van die Madrid spitsberaad teen terrorisme (15), waar deelnemers die "absurditeit" daarvan bevestig het om terreur te beveg deur vryhede in te perk, tot die Europese parlement wat 'n teenvoeter gestel het teen die VSA en die Europese Unie se ooreenkoms aangaande inligting oor vliegtuigpassassiers, of die Spaanse en Britse bevolking se uitmuntende vertoon van burgerlike kalmte in die aangesig van provokasie. Maar daarbenewens, ook in Frankryk, bied elke tragiese gebeurtenis 'n verdere voorwendsel om op nog biometriese middele en openlike onderdrukking aan te dring.

Gaan die vreespolitiek as oorwinnaar uit die stryd tree? In daardie geval sal die befaamde terroriste hul doel bereik het: in vier jaar het hulle dit reggekry om grootse demokrasieë te omskep in paranoïese forte wat hul eie burgers versmoor.

---

(1) Barthélémy Courmont en Darko Ribnikar, *Les guerres asymétriques*, Parys: PUF, 2002.
(2) G8 spitsberaad, Gleaneagles, Verenigde Koninkryk, Julie 2005.
(3) "Ongewens": 'n kategorie in die sentrale liasseerstelsel van die Schengen Inligtingsisteem (SIS II) wat in Straatsburg behartig word; lees Jelle Van Buure, "Les tentacules du système Schengen", *Le Monde diplomatique,* Maart 2003.
(4) Volgens die politoloog Didier Bigo (in 'n oudisie by die Franse kommissie vir rekenaars en vryheid, is "privaatheid" 'n "sfeer wat ontoeganklik is vir die Staat", 'n positiewe reg op anonimiteit.
(5) Ons het die gedagte van "vreesbestuur" aan die filmmaker André Weinfeld te danke.
(6) Die Sticky Shocker is 'n projektiel wat elektriese skokke oor 'n afstand van tien meter stuur. Dit bevat 'n klein battery en die nodige elektronika om skokgolwe van 50 kilowatt toe te dien wat die slagoffer van alle spierbeheer ontneem.
(7) Visitor and Immigration Status Indication Technology: 'n opskerping van toelatingsformaliteite in 115 lughawens en 14 seehawens, wat onder andere vereis dat vingerafdrukke en elektroniese foto's geneem word van buitelanders wat oor 'n visum beskik, met hul aankoms op Amerikaanse grondgebied.
(8) Die volgende skou word van 20 tot 25 November 2005 in Bourget gehou.
(9) Benaming van Amerika se nuwe ministerie van binnelandse sake.
(10) Lees Ignacio Ramonet, *Irak. Histoire d'un désastre*, Parys: Galilée, 2005.
(11) Bernard Lavarini: *Vaincre sans tuer : du silex aux armes non létales*, Parys: Stock, 1997.
(12) Ignacio Ramonet, "Surveillance totale", *Le Monde diplomatique,* Augustus 2003.
(13) Amerikaanse film deur Sydney Pollack met Nicole Kidman en Sean Penn (2005).
(14) Verklaring deur die federale regter, David Hurd, op 8 Januarie 2005 tydens 'n hofsaak in New York; opgeneem deur die hele Amerikaanse media.
(15) "Demokrasie, terrorisme en veiligheid", 17-18 Mei 2002. Spitsberaad tussen die EU, Latyns-Amerika en die Karibiese streek, waarvan die finale verklaring bepaal dat "die stryd teen terrorisme gevoer moet word met respek vir menseregte, fundamentele vryhede en die regstaat".

Le Monde diplomatique

Hollywood in die era van geglobaliseerde produksie

AS DIE VSA DIT KON REGKRY OM DIE MAGTIGSTE ROLPRENTBEDRYF TE BOU, IS DIT OMDAT HOLLYWOOD-VERVAARDIGERS NOG ALTYD GEWEET HET HOE OM HUL PRODUKSIE-ETODES OP DIE HEERSENDE EKONOMIESE MODEL TE SKOEI: FORDISME IN DIE 1920'S, AANPASBARE SPESIALISASIE DAARNA. DEESDAE IS DIE RESEP DIÉ VAN EKONOMIESE GLOBALISERING. EN DIE DROOMMASJIEN DREIG OM IN DUIE TE STORT.

Deur Harvey P. Feigenbaum*

Om en by 1914 is die rolprentateljees opgerig in Hollywood, in die voorstede van Los Angeles, Kalifornië. Die pioniers van die filmbedryf verlaat die ooskus en trek na 'n gunstiger klimaat om hul rolprente te skiet en landskappe met groter verskeidenheid. Hulle wil veral ook ontsnap aan die greep van die Edison-trust, wat bykans 'n alleenheerskappy in die New York-omgewing voer. Die meeste ateljees is gestig deur Joodse beleggers wat die resep van die klein sakeonderneming gebruik om 'n sektor te ontwikkel wat veral op 'n arm immigranteklandisie gemik is. Waar rolprente in Europa eers as 'n rariteit en later enigsins as 'n kunsvorm ontwikkel, word daar in die VSA eerder op massaverbruik gekonsentreer. In 'n land wat opeenvolgende golwe van immigrante ontvang, en waarvan die inwoners geringe opvoeding het en 'n oneindige verskeidenheid tale praat, word stilprente gou die gewildste vorm van stedelike vermaak.

Die eerste gehore is bereid om na enigiets te kyk, en vervaardigers kan skaars voorbly om in die vraag te voorsien; filmrol word by die meter verkoop, omtrent soos lap. Maar vanaf 1905 is die nuwigheid van prentjies nie meer genoeg om die publiek te trek nie, en rolprente moet hul eie taal begin skep wat hulle in staat sal stel om regte stories te vertel. Hierdie verwikkeling omvorm die vervaardigingsisteem. Anders as met motors, waarvan Henry Ford kon sê: "Kies enige kleur solank dit swart is", is elke film se draaiboek uniek. Elke eenheid is 'n prototipe eerder as 'n gestandaardiseerde produk. Die vindingrykheid van die eerste Hollywood-magnate lê in die manier waarop hulle hierdie bron van onsekerheid benut, met alle middele tot hul beskikking. Aanvanklik het die grootskaalse standaardisering nie soveel betrekking op genres nie (Wilde Weste, fantasie, speurflieks, melodrama, dié kom eers later), maar op die "persoon". Die gewildheid van akteurs word 'n voorspelbare veranderlike, en die bedryf ontdek die "sterrestelsel", die beste manier om 'n rolprent se sukses te verseker. Want waar niks voorspel dat die publiek byvoorbeeld in 'n storie oor 'n rooftog of maanreis gaan belangstel nie, leer die ervaring dat gehore hou van films waarin hul gunstelingakteurs speel. Ateljees word dus gebou deur sterre vir 'n aantal jare in diens te neem en, bietjie vir bietjie, al die personeel wat vir 'n filmproduksie nodig is, as salaristrekkers aan te stel.

Vertikale amalgamasie

In 'n tydperk waarin groot monopole soos Ford of die oliemaatskappy Standard Oil die ekonomie oorheers, is vertikale amalgamasie die modegier. Sekere entrepreneurs soos Adolf Zukor en Markus Loew (stigters van Paramount) begin hul loopbaan met die bedryf van rolprentteaters voordat hulle vervaardigers word. Hul opvolgers lyf terselfdertyd verspreidings- en bedryfsnetwerke in. Dit is hierdie kombinasie van die "sterrestelsel" en vertikale amalgamasie wat lei tot die ontstaan van die groot Hollywood-ateljees (Metro Goldwyn Mayer, Warner Bros, 20th Century Fox, Paramount, United Artists, RKO, ens.). Maar dié sisteem word omvergewerp deur die Paramount-wet in 1948 wat ateljees dwing om van hul rolprentteaters ontslae te raak. Die verkoop van bedryfsnetwerke verander die dinamika van vervaardiging. En die koms van televisie aan die begin van die jare vyftig dien hul heersskappy 'n uiters gevoelige slag toe.

Aan die begin volg televisie die reeds vasgestelde patroon van die radio. Die meeste uitsendings is direk, en programme word saamgestel deur die maatskappye wat hulle borg (die akteur Ronald Reagan maak reklame vir General Electric). Dit speel ook 'n rol op finansiële vlak: televisiekykers betaal nie om programme te ontvang wat deur advertensie gefinansier word nie. Met die toegangsgeld wat bioskope vra, kom hulle te staan voor 'n skynbaar onstuitbare mededinger.

Hollywood herdefineer nou die speelfilm as 'n eersterangse produk. Groter, skouspelagtiger formate word ontwikkel soos CinemaScope, Cinerama of

* *Professor in politieke wetenskap aan die George Washington universiteit, Washington DC.*
Vertaal deur Sonya Barrois-Van Schalkwyk <sonyavs@yahoo.com>

Panavision; films word al meer in die buiteland geskiet, en meer dikwels in kleur. Dit gaan daaroor om een tegnologie (televisie) te beveg met ’n ander (kleur en die anamorfiese lens, wat wye formaat moontlik maak). Mettertyd besef ateljees dat televisie ’n uitstekende afsetgebied vir ander kategorieë speelfilms maak. Hulle skep dus afdelings wat uitsluitlik vir die klein skerm vervaardig.

Aan die begin van die 1970’s, ten einde die vertikale amalgamasie van die sektor te verhoed, verbied die Federal Communications Commission (FCC) TV-kanale om hulle eie programme te vervaardig. Hierdie regulasie, wat in 1991 afgeskaf word, is ’n groot inspuiting vir die totstandkoming van nuwe produksiemaatskappye. Maar ateljees se rol evolueer ook. Om die risiko’s van skerp stygende produksiekoste te verminder, bou hulle vennootskappe met onafhanklike vervaardigers. Ateljees word sodoende gespesialiseerde banke wat belê in projekte wat deur ander ontwerp is, en dien as tussengangers of selfs net logistieke infrastruktuur. Ons beweeg van massaproduksie na die *pakket*, waar elke film ’n unieke samestelling word wat verskeie maatskappye asook sorgvuldig gekose kunstenaars betrek (die “pakket” bevat gewoonlik ’n draaiboekskrywer, ’n regisseur en akteurs). Die Hollywood-manier van vervaardig word só ’n gespierde weergawe van ’n “industriële tros” (1), dermate dat, om kostes die hoof te bied, dit gebeur dat twee ateljees saamspan om ’n film te finansier.

Hollywood en Ford

In die goue era van rolprentateljees, van die laat 1920’s tot die vroeë 1950’s, staan die Hollywoodse produksiestyl na aan die Fordistiese sisteem. Die breë beginsels van massaproduksie, skaalbesparing, gestandaardiseerde, herhalende take, wedersyds vervangbare onderdele en laaggeskoolde arbeid, lyk op ’n haar na die monteerbande in Ford-fabrieke. In 1948 dwing die Paramount-wet ateljees om hul rolprentteater-netwerke te verkoop, en maak hiermee ’n einde aan vertikale amalgamasie. Volgens sommige ekonome (2) beweeg ateljees dus van ’n “Fordistiese” sisteem na vervaardiging in ’n tipiese “industriële tros”-styl.

Die vergelyking met “industriële trosse” is egter beperk. Dit is moeilik om parallelle te trek tussen transformasies van die Hollywood-model en die dinamika wat in ander ekonomiese sektore in werking is. Net soos wat die rolprentbedryf nooit absoluut vergelykbaar met die motorindustrie was nie, so is ateljees uit die goue era ook nie presies saamgestel volgens Fordistiese beginsels nie. Die standaardisering (genre, intrige, sterre) van speelfilms is getemper deur die onblusbare eiesoortigheid van elke rolprent. En daarbenewens, is die risiko in die filmbedryf dat ’n gegewe produk mag faal, altyd hoër as in ander nywerheidsegmente.

Aan die einde van die 1980’s word die bedryf verplig om te internasionaliseer. Hollywood beweeg weg van die “bedryfstros”-stelsel en mik na ’n model van geografiese verspreiding – ’n beginsel wat in hierdie tyd van liberale globalisering oorheers. Die kwyn van ateljees onderstreep slegs hierdie tendens. Met die alomteenwoordigheid van televisie, wat op sy beurt die vermaaklikheidsektor oorheers, word fliek ’n al hoe meer uitsonderlike en seldsame aktiwiteit. Die somme wat in die skiet en reklame van ’n film belê word, bereik sulke vlakke dat ’n ateljee deur die mislukking van ’n enkele rolprent geruïneer kan word. Vandag is slegs een uit elke tien films ’n kommersiële sukses. Risiko het die bepalende faktor in die rolprentbedryf geword.

Teen die einde van die 1990’s lyk dit of “aanpasbare spesialisering” oor die muur is. Die koste van elke speelfilm klim teen so ’n snelheid dat die gehoor op Amerikaanse bodem nie meer genoeg is om die winsgewendheid van die geheel te verseker nie. Waar dit tot hier toe as ’n bonus gesien is, bepaal internasionale verkope nou die finansiële ewewig. Hollywood besluit dus om van “aanpasbare spesialisering” te beweeg na geglobaliseerde vervaardiging.

Dit is wel waar dat die rolprentbedryf nog altyd ’n sterk internasionale element bevat het. Hoe primitief ook al, is die eerste films dikwels na verskeie lande op ’n keer uitgevoer. Voor 1914 het die VSA byvoorbeeld meer rolprente uit Frankryk ingevoer as wat hy vervaardig het. Maar die twee wêreldoorloë onderbreek rolprentvervaardiging op die Ou Vasteland en stel sodoende Hollywood in staat om sy oorheersing oor die Europese mark te vestig.

Geglobaliseerde produksiestelsel

Nuwe beperkings wat verband hou met die druk om hom van televisie te differensieer, veral ontploffende koste, verplig die Amerikaanse rolprentbedryf om sy produksiestelsel te globaliseer. En wat is ’n beter antwoord op hierdie koste-inflasie as delokalisering? Met tegnologiese ontwikkeling wat die prys van vervoer en telekommunikasie verminder, spring Hollywood op die wa van globalisering en beweeg na sogenaamde “wegbreekvervaardiging” (“*runaway production*”).

Kanada blyk die grootste voordeel te trek. Dié land hou heelwat voordele vir die groot filmateljees in: geografiese nabyheid, fisiese ooreenkomste tussen Noord-Amerikaanse dorpe en stede, bestaande bande tussen die vakbonde van die twee lande en, bowenal, die swakheid van die Kanadese dollar en belastingkortings deur Ottawa toegestaan. En dié verskynsel is nie tot Noord-Amerika beperk nie. Vir die skiet van *Titanic* het Fox ’n reusagtige ateljee in Mexiko gebou, waar wetgewing tot beleggers se voordeel strek. In Australië, om die Amerikaanse filmbedryf te lok, subsidieer die Staat die bou van film- en post-produksieateljees. Die voorwaardes wat hulle gegun word, is sodanig dat Australiese produksies nou beswaar maak teen die onregverdige mededinging. Hulle is nie meer in staat om hul gebruiklike geriewe te huur nie, en hul tegnici kry nie meer werk nie, aangesien Hollywood sy eie personeel invoer. Ook in Europa raak die bekende storie van delokalisering na voormalige lande van die kommunistiese blok ’n kwelpunt vir die filmbedryf. Tsjeggië, wat oor ’n

erkende infrastruktuur en kundigheid beskik, is ’n groot gunstelingbestemming vir Hollywood-produksies. In Roemenië is die belaglik lae arbeidskoste ’n trekpleister vir eersterange projekte soos *Return to Cold Mountain* (Anthony Minghella, 2003), ’n kostuumdrama oor die Amerikaanse burgeroorlog.

Waar Hollywood nog altyd ’n internasionale dimensie gehad het, neem dié nou die vorm aan van ’n nuwe soort werkverdeling. Erkende kunstenaars (akteurs, draaiboekskrywers, kameramanne) gaan wel steeds na Kalifornië soos hulle nog altyd gemaak het. Maar opkomende kunstenaars en tegnici wat in geringer produksies hul pad oopveg, sukkel al hoe meer om werk te kry. Hoewel die ontwikkeling van ’n bedryf met groot toegevoegde waarde, sonder enige besoedelingsrisiko, ’n gawe van bo is vir lande wat nou ’n hawe vir Hollywoodse produksies bied, kom dié ontwikkeling die VSA duur te staan in terme van werksgeleenthede.

Met hierdie nuwe afhanklikheid van die internasionale mark, bly die inhoud van films ook nie ongeskonde nie. Die begrotings van groot produksies is meer as 50 miljoen euro, sonder om eens die reklame by te reken, wat die som verdubbel. Die binnelandse mark kry dit selde reg om ’n film sulke kostes te laat verhaal, en die helfte van die inkomste moet nou uit die buiteland kom. Ateljees belê dus in projekte wat maklik internasionaal bemark kan word. Wat daarop neerkom dat films met aksie, skouspel of stereotipe liefdesverhale voorkeur geniet. Draaiboeke met komplekse intriges of meer literêre aspirasies het maar ’n skraal kans om geskiet te word. Die kritiek dat Hollywood funksioneer op die beginsels van die kleinste gemene deler lyk meer gegrond as ooit. Maar aangesien die meeste films deesdae vir uitvoer gemaak word, raak dié verskynsel van gelykmaking van onder af ook die binnelandse mark en skaad dit onafhanklike produksie. Maar om “Hollywood” daarvan te beskuldig dat hy die publiek in koolkoppe verander, bring ons nie juis verder nie. Liberale globalisering is die eintlike sondaar, soos ook bewys word deur die eenselwige middelmatigheid van programme wat deur die Franse TF1 (Bouygues), Mediaset (Berlusconi) of BskyB (Murdoch) vervaardig word.

Hollywood is maar die ore van die seekoei, die mees sigbare oordaad van ’n eenvormigheidstendens wat wêreldwyd oor audiovisuele produksie hang. En hoewel die Amerikaanse rolprentbedryf in die loop van sy ryke geskiedenis om die beurt Fordisme, “aanpasbare spesialisering” en geglobaliseerde produksie aangehang het, het dit hom nog nooit verhinder om ook met verstommende meesterstukke vorendag te kom nie.

---

(1) Oor die begrip “industriële tros” (of “industrial cluster”), lees Michael Piore en Charles Sabel, *The Second Industrial Divide (Les Chemins de la prospérité*, Hachette, Parys, 1989). Die skrywers steun op Italiaanse studies wat die ontwikkeling van die skoenbedryf in Emilie-Romagne ontleed. “Industriële trosse” bestaan uit klein en middelslag sakeondernemings in dieselfde geografiese gebied. Hulle put uit ’n gemeenskaplike bron van gekwalifiseerde arbeid en subkontrakteer onder mekaar om die wisselende aanvraag die hoof te bied. Sodanige “aanpasbare spesialisering” maak dit moontlik om klein hoeveelhede handelsware te vervaardig teen ’n eenheidskoste wat net so laag is as dié van massaproduksie. Die beroemdste voorbeeld van “aanpasbare spesialisering”, ’n term wat dikwels in verband met “industriële trosse” gebruik word, is Silicon Valley in Kalifornië.

(2) Kyk Michael Storper en Susan Christopherson, *Flexible Specialization and Regional Industrial Agglomerations: The Case of the U.S. Motion Picture Industry*, *Annals* (AAG) 77, Los Angeles, 1987.

Die Vrye Afrikaan (www.vryeafrikaan.co.za) word uitgegee deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK). Dit verskyn elke derde Vrydag van die maand, met inbegrip van die Afrikaanse mini-uitgawe van *Le Monde diplomatique*. Intekening kos R30 per maand vir die papieruitgawe, en R20 per maand vir die elektroniese uitgawe. Rig korrespondensie aan *Die Vrye Afrikaan*, Posbus 675, DURBANVILLE, 7551 of aan redakteur@vryeafrikaan.co.za.

Redakteur: Johann Rossouw, skrywer en spesialis in die filosofie van die tegniek, navorsings- en kommunikasiebeampte van die FAK.

Redaksionele raad:
Hennie de Wet, besturende direkteur van die FAK en voorheen hoofonderwyskundige van die Gauteng Onderwysdepartement
Pieter Duvenage, besoekende professor in filosofie aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth en skrywer van onder meer *Habermas and Aesthetics*
Hermann Giliomee, buitengewone professor in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en skrywer van onder meer *Die Afrikaners*
Danie Goosen, mede-professor in godsdienswetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika, voorsitter van die FAK en skrywer van tientalle akademiese en koerantartikels
Roland Henwood, lektor in politieke wetenskap aan die Universiteit van Pretoria, ondervoorsitter van die FAK en mederedakteur van *Hydropolitics in the Developing World: A Southern African Perspective*
Kallie Kriel, verantwoordelik vir Solidariteit se Gemeenskapsalliansie en mederedakteur van *Struggle Rugby*
Lawrence Schlemmer, direkteur van die Helen Suzman-stigting asook Markdata en mederedakteur van onder meer *Kruispad*
Marinus Schoeman, senior lektor in filosofie aan die Universiteit van Pretoria en skrywer van *Generositeit en Lewenskuns: Grondtrekke van 'n post-Nietzscheaanse etiek*

Redaksie:
Elirea Bornman, mede-professor in kommunikasiewetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika, spesialis in kwessies van etniese en maatskaplike identiteit
Carel (iv) Boshoff, gemeenskapsaktivis van Orania en skrywer van tientalle akademiese en koerantartikels
Francois Bredenkamp, navorsingsdirekteur van die Garankua-kampus van die Tshwane University of Technology, spesialis in Middeleeuse Bisantynse politiek en vertaler van Markus Aurelius se *Bepeinsinge*
Ampie Coetzee, emeritus-professor in Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland en skrywer van onder meer 'n *Hele os vir 'n ou broodmes*
Heilna du Plooy, professor in Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde op die Potchefstroomse kampus van die Noordwes-universiteit en skrywer van onder meer die digbundel *In die landskap ingelyf*
Amanda du Preez, senior-lektor in beeldende kunste aan die Universiteit van Pretoria en mederedakteur van *South African Visual Culture*
Deon Geldenhuys, professor in politieke studies aan die Universiteit van Johannesburg en skrywer van onder meer *Internasionale Isolasie: Suid-Afrika in vergelykende perspektief*
Koos Malan, mede-professor in regte aan die Universiteit van Pretoria en spesialis in regsfilosofie, staatsreg en minderheidsvraagstukke
John Miles, skrywer van *Die Buiteveld* en etlike ander romans
Desmond Painter, lektor in sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch en spesialis in maatskaplike en kulturele sielkunde
Dioné Prinsloo, senior-lektor in geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika en spesialis in die geskiedenis van vroue in Suid-Afrika in die 20ste eeu, asook Afrikaanse kultuur

Uitlegredakteur: Hermien Brits <kbrits@mweb.co.za>
Grafiese kunstenaar: Elsabe van Niekerk <elsabe27@gmail.com>